

'N PRAKTIES-TEOLOGIESE BEOORDELING
VAN *NATURAL CHURCH DEVELOPMENT* SE
AGT KWALITEITSEIENSKAPPE VAN
GROEIENDE KERKE

HENNING KRUGER DE KOCK

B.A.; Hons. B.Th.; M.Div.

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir
die graad Magister Theologiae in Pastoraal aan die
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Studieleier: Prof. Dr. B.J. de Klerk

2003

Potchefstroom



vir Stephanie

Dankbetuiging

Dit was 'n voorreg om hierdie studie te onderneem en te voltooi onder die leiding van prof. Ben de Klerk. Sy leiding, voorbeeld en motivering het hierdie studie moontlik gemaak. My dank aan prof. Leon Coetsee wat ook insiggewende bydraes gelewer het.

Die Gereformeerde Kerk Klerksdorp het ook 'n bydrae gelewer in die vorm van finansiële, morele en informatiewe steun. My dank aan dr. Frans en tannie Valeria de Bruyn wat ons tydens hierdie studie ondersteun het op soveel wyses en onder andere gehelp het met die taalversorging. My dank gaan ook aan dr. Joggie en tannie Ria van Standen, wat waardevolle perspektiewe gebied het, sowel as aan Lizie du Toit en Jacques Rossouw wat my gereeld tussen Klerksdorp en Potchefstroom vervoer het. Baie dankie vir die liefdevolle vriendskap en opofferings.

Ek wil graag my medestudente, Heinrich, Renier, Hulisani en Leonard bedank vir die verskeie gesprekke, ondersteuning en uitdagings wat perspektief gegee het. In besonder vir Thomas en Erna Dreyer wat bereid was om my te huisves en te voer vir groot gedeeltes van die studie. Ds. Johan Fleischmann, wat my op ander maniere gevoer en uitgedaag het, baie dankie. Julle ondersteuning is kosbaar.

Pieter de Beer het die taalversorging met liefde, oorgawe en toewyding gedoen – baie dankie.

Ek was bevoorreg om in 'n Godvresende en dinamiese ouerhuis te kon grootword en ook diensknegte van on Hemelse Vader as skoonouers te ontvang. Die voltooiing van die studie is nie alleen vir my nie, maar sekerlik ook vir my ouers, oumas, ander familie en vriende 'n vreugde. Baie dankie vir al u ondersteuning.

My vrou, Stephanie – ons Hemelse Vader het ons vir mekaar gegee om mekaar in ons diens aan Hom te ondersteun. Ek beleef dit. ☺.

Hierdie studie is bedoel om 'n antwoord te wees op die Drie-enige God wat ons tot sy diens geroep het. Na voltooiing van hierdie studie het ek tot die een insig gekom: die goeie wat hierin beskryf is, kom van Hom – maar die slegte, dié kom van my. Ons is dankbaar dat ons Hemelse Vader selfs reguit hou met krom stokke slaan – tot Sy eer.

Kruger de Kock

September 2003

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: INLEIDING

1.	VOORGESTELDE TITEL	1
2.	PROBLEEMSTELLING	1
3.	DOEL	3
3.1	DOELSTELLINGS	3
3.2	DOELWITTE	4
4.	SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT	4
5.	METODE	4
6.	HOOFSTUKINDELING	6
7.	SKEMATIESE VOORSTELLING	7
8.	OUTEURSOPMERKINGS	8

HOOFSTUK 2: BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE AGT KWALITEITSBEGINSELS VAN GROEIENDE KERKE WAT UIT CHRISTIAN SCHWARZ SE NAVORSING NA VORE GEKOM HET

1.	INLEIDING	9
2.	‘N BONDIGE UITEENSETTING VAN DIE CHURCH GROWTH MOVEMENT EN NCD AS ONDERDEEL DAARVAN	9
2.1	DIE CHURCH GROWTH MOVEMENT	9
2.1.1	<i>Die Verenigde State van Amerika (V.S.A.)</i>	10
2.1.2	<i>Nederland</i>	11
2.1.3	<i>Duitsland</i>	12
2.1.4	<i>Suid-Afrika</i>	12



2.1.5	<i>Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika</i>	13
2.1.6	<i>Samevatting</i>	15
2.2	NATURAL CHURCH DEVELOPEMENT AS ONDERDEEL VAN DIE CHURCH GROWTH MOVEMENT	16
2.2.1	<i>Bipolêre ekklesiologie</i>	16
2.2.2	<i>Natural Church Development</i>	18
2.2.3	<i>Die NCD-strategie</i>	19
2.2.3.1	Die eerste boublok van die NCD-strategie: die agt karaktertrekke van groeiende kerke	20
2.2.3.1.1	Samevatting	23
2.2.3.2	Die tweede boublok van NCD: Die ses biotiese beginsels	24
2.2.3.3	Die derde boublok van NCD: Die minimumstrategie	26
2.3	SAMEVATTING	27
3.	EVALUERING VAN DIE AGT KWALITEITSEIENSKAPPE VAN GROEIENDE KERKE IN DIE LIG VAN DIE WOORD	28
3.1	BEMAGTIGENDE OF TOERUSTENDE LEIERSKAP (EMPOWERING LEADERSHIP)	28
3.1.1	<i>Inleiding</i>	28
3.1.2	<i>Motivering vir Efesiërs 4:11-13 as fokusverse</i>	29
3.1.3	<i>Eksegese van Efesiërs 4:11-13</i>	30
3.1.3.1	Agtergrond van Efesiërs 4:11-13	30
3.1.3.2	Struktuur van Efesiërs en die plek van Efesiërs 4:1-16 in die brief	31
3.1.3.3	Detaileksegese Efesiërs 4:11,12 en 13	32
3.1.3.4	Samevating van eksegese	36
3.1.3.5	Toepaslikheid van Efesiërs 4:11-13 op	



	bemagtende leierskap	36
	3.1.3.6 Evaluering van Schwarz se stelling in die lig van Efesiërs 4:11-13	37
	3.1.3.7 Basisteoretiese beginsel	37
3.2	GAWE-GEORIËNTERENDE BEDIENING (GIFT-ORIENTATED MINISTRY)	37
	3.2.1 <i>Inleiding</i>	37
	3.2.2 <i>Motivering vir 1 Petrus 4:10 as fokusverse</i>	38
	3.2.3 <i>Eksegese van 1 Petrus 4:10</i>	38
	3.2.3.1 Agtergrond	38
	3.2.3.2 Struktuur van 1 Petrus en die plek van 1 Pet 4:10 in die brief	39
	3.2.3.3 Detaileksegese van 1 Petrus 4:10	40
	3.2.3.4 Samevatting	42
	3.2.3.5 Toepaslikheid van 1 Pet 4:11 op gawe-georiënteerde bediening	42
	3.2.3.6 Evaluering van Schwarz se standpunt aangaande gawe-georiënteerde bediening	43
	3.2.3.7 Basisteoretiese beginsels	43
3.3	PASSIEVOLLE SPIRITUALITEIT (PASSIONATE SPIRITUALITY)	43
	3.3.1 <i>Inleiding</i>	43
	3.3.2 <i>Motivering van Rom 12:1,2 en 11 as fokusverse</i>	43
	3.3.3 <i>Eksegese van Rom 12:1,2 en 11</i>	44
	3.3.3.1 Agtergrond	44
	3.3.3.2 Struktuur van Romeine en die plek van Rom 12:1,2 en 11 in die brief	45
	3.3.3.3 Detaileksegese van Rom 12:1,2 en 11	45
	3.3.3.4 Samevatting	48



3.3.3.5	Toepaslikheid van Rom 12 op begeesterde spiritualiteit	48
3.3.3.6	Evaluering van Schwarz se navorsing in die lig van Romeine 12	
3.3.3.7	Basisteoretiese beginsels	49
3.4	FUNKSIONELE STRUKTURE (FUNCTIONAL STRUCTURES)	50
3.4.1	<i>Inleiding</i>	50
3.4.2	<i>Motivering van Hand 6:1-7 as tekskeuse</i>	50
3.4.3	<i>Eksegese van Handeling 6</i>	51
3.4.3.1	Agtergrond	51
3.4.3.2	Struktuur van Handeling en die plek van Handeling 6:1-7 in die brief	53
3.4.3.3	Detaileksegese van Handeling 6:1-7	54
3.4.3.4	Samevatting	55
3.4.3.5	Toepaslikheid van Handeling 6 op Funksionele strukture	56
3.4.3.6	Evaluering van Schwarz se standpunte in die lig van Handeling 6	56
3.4.3.7	Basisteoretiese beginsel	56
3.5	INSPIRERENDE EREDIENSTE (INSPIRING WORSHIP SERVICE)	57
3.5.1	<i>Inleiding</i>	57
3.5.2	<i>Motivering vir 1 Korintiërs 14:23-25 as fokusverse</i>	57
3.5.3	<i>Eksegese van 1 Korintiërs 14:23-25</i>	58
3.5.3.1	Agtergrond	58
3.5.3.2	Struktuur van die 1 Korintiërs en die plek van 1 Korintiërs 14:23-25 in die brief	59
3.5.3.3	Detaileksegese van 1 Korintiërs 14:23-25	60



3.5.3.4	Samevatting	61
3.5.3.5	Toepaslikheid van 1 Korintiërs 14:23-25 op inspirerende eredienste	61
3.5.3.6	Evaluering van Schwarz se standpunt rakende inspirerende eredienste	62
3.6	HOLISTIESE KLEINGROEPE (HOLISTIC SMALL GROUPS)	62
3.6.1	<i>Inleiding</i>	62
3.6.2	<i>Motivering vir Handeling 2:43-47 as fokusverse</i>	63
3.6.3	<i>Eksegese van Handeling 2:43-47</i>	63
3.6.3.1	Agtergrond	63
3.6.3.2	Struktuur van Handeling en die plek van Handeling 2:42-52 in die brief	64
3.6.3.2.1	Gedagtestruktuur van Handeling 2:43-47	65
3.6.3.3	Detaileksegese van Hand 2:42-52	65
3.6.3.4	Samevatting	68
3.6.3.5	Toepaslikheid van Handeling 2:42-47 op Holistiese kleingroepe	69
3.6.3.6	Evaluering van Schwarz se navorsing met betrekking tot Holistiese kleingroepe	69
3.6.3.7	Basisteoretiese beginsels	70
3.7	BEHOEFTE-GEORIËNTEERDE SENDING (NEED-ORIENTATED EVANGELISM)	70
3.7.1	<i>Inleiding</i>	70
3.7.2	<i>Motivering vir keuse van Handeling 13</i>	70
3.7.3	<i>Eksegese van Handeling 13:48</i>	71
3.7.3.1	Agtergrond	71
3.7.3.2	Struktuur van Handeling 13 en die plek van Handeling 13: 42-52 in die brief	71



3.7.3.3	Detaileksegese van Handeling 13:42-52	73
3.7.3.4	Samevatting	76
3.7.3.5	Toepaslikheid van Handeling 13 op behoefte-georiënteerde sending	76
3.7.3.6	Evaluering van Schwarz se standpunte in die lig van die Skrif	76
3.7.3.7	Basisteoretiese beginsel	77
3.8	LIEFDEVOLLE VERHOUDINGS (LOVING RELATIONSHIPS)	77
3.8.1	<i>Inleiding</i>	77
3.8.2	<i>Motivering van Johannes 13:34-35 as keuse vir eksegese</i>	77
3.8.3	<i>Eksegese van Johannes 13:34-35</i>	78
3.8.3.1	Agtergrond	78
3.8.3.2	Struktuur van die evangelie volgens Johannes en die plek van Johannes 13:34-35 in die boek	79
3.8.3.2.1	Gedagtestruktuur	79
3.8.3.3	Detaileksegese van Johannes 13:34-35	80
3.8.3.4	Samevatting	81
3.8.3.5	Toepaslikheid van Johannes 13:34-35 op liefdevolle verhoudings	82
3.8.3.6	Evaluering van Schwarz se standpunte in die lig van die Skrif	82
3.8.3.7	Basisteoretiese beginsel	82
4.	BASISTEORETIESE BEGINSELS	83



HOOFSTUK 3: SITUASIE-ANALISE AAN DIE HAND VAN LITERATUURSTUDIE EN EMPIRIESE ONDERSOEK

1.	INLEIDING	84
2.	LITERATUURSTUDIE	84
2.1	“12 KEYS TO AN EFFECTIVE CHURCH.” - KENNON L. CALLAHAN	85
	<i>2.1.1 Inleiding</i>	85
	<i>2.1.2 Die twaalf kenmerke van effektiewe gemeentes</i>	86
	<i>2.1.3 Samevatting</i>	94
2.2	“PURPOSE DRIVEN CHURCH.” – RICK WARREN	95
	<i>2.2.1 Inleiding</i>	95
	<i>2.2.2 Die proses om 'n doelgedrewe kerk te word</i>	97
	2.2.2.1 Definieer die kerk se doel	97
	2.2.2.2 Kommunikeer die doel van die kerk gereeld aan die gemeente	99
	2.2.2.3 Organiseer die kerk rondom die doelstellings	101
	2.2.2.4 Pas elke doelstelling in elke faset van die kerk toe	101
	<i>2.2.3 Samevatting</i>	110
2.3	METATEORETIESE PERSPEKTIEWE VANUIT DIE BESTUURSWETENSKAPPE	111
	<i>2.3.1 Inleiding</i>	111
	<i>2.3.2 Leierskap</i>	112
	2.3.2.1 Transformerende leierskap	112
	2.3.2.1.1 Riglyne vir transformerende leierskap	113
	2.3.2.2 Bestuurder-leierskap	115
	2.3.2.2.1 Riglyne vir bestuurder-leierskap	115
	2.3.2.2.2 Samevatting van bestuurder-leierskap	119
	<i>2.3.3 Die bestuur van verandering</i>	121
	<i>2.3.4 Samevatting</i>	121



2.4	SAMEVATTENDE EVALUERING	122
3.	EMPIRIESE STUDIE OOR DIE REALISERING VAN DIE BASISTEORETIESE BEGINSELS IN DIE GKSA	124
3.1	INLEIDING	124
3.2	METODE	125
	3.2.1 <i>Doelwit</i>	125
	3.2.2 <i>Vraelyste</i>	126
	3.2.3 <i>Werkswyse</i>	126
	3.2.4 <i>Respondente</i>	126
	3.2.5 <i>Vaslegging en verwerking van data</i>	126
3.3	DIE RESULTATE	127
	3.3.1 <i>Wyse van rapportering</i>	127
	3.3.2 <i>Biografiese gegewens</i>	127
	3.3.3 <i>Ontleding van resultate</i>	128
	3.3.3.1 <i>Bemagtigende Leierskap</i>	129
	3.3.3.2 <i>Gawe-geörienteerde bediening</i>	130
	3.3.3.3 <i>Passievolle spiritualiteit</i>	130
	3.3.3.4 <i>Funksionele Strukture</i>	130
	3.3.3.5 <i>Inspirerende eredienste</i>	130
	3.3.3.6 <i>Holistiese Kleingroepe</i>	134
	3.3.3.7 <i>Behoeftige-geörienteerde sending</i>	135
	3.3.3.8 <i>Liefdevolle Verhoudings</i>	136
3.4	SAMEVATTING	137
	3.4.1 <i>Interpretering van die totale gemeente-analise</i>	138
	3.4.1.1 <i>Gemeente A1</i>	138
	3.4.1.2 <i>Gemeente B1</i>	138
	3.4.1.3 <i>Gemeente B2</i>	138



3.5	GEVOLGTREKKING	139
4.	SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS	140

HOOFSTUK 4: PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE AGT KWALITEITSEIENSKAPPE VAN GROEIENDE KERK VOLGENS NCD SE NAVORSING

1.	INLEIDING	143
1.1	BASISTEORETIES	
1.2	METATEORETIES	144
2.	RIGLYNE VIR DIE REALISERING VAN DIE AGT	
	BASISTEORETIESE BEGINSELS:	147
2.1	INLEIDING	147
2.2	SPESIFIEKE PRAKTYK-TEORETIESE RIGLYNE VIR 'N SEMI-STADSGEMEENTE (B1)	147
2.2.1	<i>Ontdek die visie</i>	147
2.2.2	<i>Ontdek die gemeente se sterk en swak punte</i>	149
2.2.3.	<i>Struktureer na aanleiding van die visie</i>	150
	2.2.3.1 Die Bedieningspan	150
	2.2.3.2 Die Sendingspan	153
	2.2.3.3 Die Verheerlikingspan	156
	2.2.3.4 Die Lidmaatspan	159
	2.2.3.5 Die Volwassenheidspan	162
	2.2.3.6 Samevatting	164
2.3.	ALGEMENE PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE	165
3.	SAMEVATTENDE GEVOLGTEKKING	166



HOOFSTUK 5: SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

- | | |
|--|------------|
| 1. OMVATTENDE GEVOLGTREKKING | 167 |
| 2. FINALE GEVOLGTREKKING | 174 |
| 3. TERREINE VIR VERDERE ONDERSOEK | 176 |

UITTREKSEL **177**

ABSTRACT **179**

BYLAAG 1 **181**

BYLAAG 2 **185**

BRONNELYS **189**



HOOFSTUK 1

INLEIDING

1. VOORGESTELDE TITEL

'n Prakties-teologiese beoordeling van *Natural Church Development* se agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke.

2. PROBLEEMSTELLING

Die 1994 Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) het na aanleiding van 'n beskrywingspunt oor die dalende lidmaattalle in die GKSA besluit om die tendens van dalende lidmaattalle te ondersoek, die oorsake daarvan na te vors en om advies ter tafel te neem oor moontlike strategieë om die dalende lidmaattalle te hanteer (GKSA, 1994:619). Du Plooy en Venter (1996:360) is van mening dat die saak direk in verband gebring moet word met gemeente-opbou. Volgens Erasmus (1994:2) geniet die *gemeentebou*-onderwerp 'n besondere opbloei in belangstelling en literatuur vanaf die tagtigerjare. Die opbloei is vanuit die buiteland gestimuleer deur onder andere die *Church Growth Movement* (CGM) van Amerika, vanuit Duitsland (vgl. Schwarz & Schwarz, 1987) en ook vanuit Nederland (Te Velde, 1992:7). Du Plooy (1994:7) stel dit dat die onderwerp ook plaaslik 'n groot hoeveelheid wetenskaplike artikels tot gevolg gehad het.

Te Velde (1992a:45) stel dat daar veel is om aan te werk, wat gemeente-opbou betref. Hy is van mening dat dit nie 'n verandering van konfessionele koers moet wees nie, maar 'n verbetering van die kwaliteit van gemeente-wees. Nel (1998:29) brei die probleemstelling uit deur te stel dat gemeentebou verstaan moet word as een van identiteitsvinding en -verstaan. Hierdie identiteit moet in verantwoordelikheid voor God en deur verantwoordelike omgang met die Skrif en eie konteks ontdek en verstaan word. Du Plooy en Venter stel dit dat die uitdaging tans vir teoloë in die konteks van die GKSA is om die Skriftuurlike begroning van



gemeente-opbou na te gaan en opnuut uit te spel - met die oog op die bevordering van die gemeente-opbouproses (Du Plooy en Venter, 1996:359).

Uit hierdie stellings, wat nie gemik is op enige spesifieke kerkgroei-inisiatief nie, maar eerder op die breë studieveld, kan twee dinge afgelei word. Eerstens dat daar wel 'n behoefte bestaan aan die Skriftuurlike begroning van enige kerkgroei-inisiatief; en tweedens dat die konteks van die kerkverband waarin dit toegepas word, nie buite rekening gelaat mag word nie.

In hierdie studie word gefokus op één so 'n kerkgroei-inisiatief, te wete *Natural Church Development* (NCD), onder leiding van Christian Schwarz. Die beweging het 1000 kerke regoor die wêreld bereik met vraelyste wat aan 30 lidmate in elke kerk gegee is - die predikante ingesluit. Die instituut waar hy werksaam is, het hierdie 4.2 miljoen antwoorde verwerk met die doel om die gemeenskaplike kwaliteitseienskappe by groeiende kerke af te lei. Die resultaat was agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke. Met betrekking tot NCD word daar beweer dat hierdie agt kwaliteitseienskappe ooreenstem met beginsels uit God se Woord aangaande die kwalitatiewe groei van Christus se kerk. Schwarz (1996:57) se navorsing dui daarop dat 'n gemeente sal groei as al agt die kwaliteitseienskappe tot 'n sekere mate voorkom. In sommige kerke word hierdie toetse alreeds 'n geruime tyd gebruik om die kwaliteit van die gemeente in só 'n mate te ontwikkel, dat dit kwantitatiewe groei tot gevolg het (Schwarz, 1996:43).

In hierdie studie word gefokus op die moontlike waarde van NCD se agt kwaliteitseienskappe in die konteks van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Die oorkoepelende navorsingsvraag kan dus soos volg gestel word: Hoe word die agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke wat uit NCD se navorsing navore gekom het prakties-teologies toegepas in die GKSA en hoe kan dit verdiepend toegepas word?

Die eerste probleem wat egter na vore kom, is die feit dat hierdie beginsels nog nie genoegsaam deur die Gereformeerde tradisie in God se Woord nagevors is nie. Hierdie probleem is akuut en relevant, aangesien baie begeleiers van gemeentes te min kritiese bewussyn openbaar in die verstaan van die gemeente se identiteit binne die Reformatoriese



tradisie. Daar word soms inisiatiewe geïmplementeer, sonder om na die teologiese begronding te gaan kyk van “dit wat werk” (Nel, 1998:30).

Die tweede probleem is ook dat die agt kwaliteitseienskappe nog nie in die konteks van die GKSA nader gedefinieer en toegepas is nie. Die toepassing moet deur prinsipiële navorsing voorafgegaan word, sodat die gedefinieerde beginsels in diepte tot hul reg kan kom en nie bloot kosmetiese veranderings is nie.

Die spesifieke vrae wat uit die oorkoepelende navorsingsvraag voortspuit en wat in hierdie studie aan die orde kom, is die volgende:

1. Wat is *Natural Church Development* en watter kwaliteitseienskappe het uit hulle navorsing na vore gekom?
2. Hoe kom die agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke wat uit NCD se navorsing geblyk het in God se Woord voor ten opsigte van die kwalitatiewe groei van sy kerk?
3. Hoe verwerklik die agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke wat uit NCD se navorsing geblyk het tans in twee resente gemeentebou inisiatiewe, die bestuurswetenskap en in drie Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ?
4. Hoe kan NCD se agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke met meer diepte in gemeentes in die GKSA toegepas word?

3. DOEL

3.1 DOELSTELLINGS

Die doel van hierdie studie is om die agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke wat deur NCD aangedui word, in die lig van die Skrif te beoordeel en om na te gaan hoe hulle reeds in die konteks van die GKSA toegepas word en beter toegepas kan word.



3.2 DOELWITTE

1. Om 'n bondige uiteensetting van die *Church Growth Movement* en *Natural Church Development* as onderdeel daarvan te gee.
2. Om *Natural Church Development* se agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke aan God se Woord te meet.
3. Om die toepassing van *Natural Church Development* se agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke in twee resente gemeentebou inisiatiewe na te speur, sowel as in die hulpwetenskap bestuurswetenskap. Om vas te stel in watter mate *Natural Church Development* se agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke tans in drie Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika verwerklik word.
4. Om deur 'n kritiese sintese van die gegewens 'n nuwe of verstellde praktykteorie daar te stel vir waardevolle toepassing in die konteks van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika.

4. SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument van hierdie navorsing is dat die agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke wat uit *Natural Church Development* se navorsing navore gekom het, in God se Woord aangedui kan word as kwalitatiewe beginsels vir die GKSA en sodoende 'n positiewe effek op uitbou en die opbou van die lidmate van die GKSA sal hê.

5. METODE

In die metode van hierdie studie word aansluiting gevind by die model wat Zerfass (1974:166 e.v.) vir die Praktiese Teologie ontwerp het. 'n Basisteorie word gevorm uit die teologiese "tradisie". 'n Metateorie vanuit onder andere grens- en hulpwetenskappe medebepaal - en praktykteoretiese perspektiewe artikuleer - uiteindelik nuwe of aangepaste teorie. Sodoende word vanuit die twee refleksiedomeine van basisteorie en situasie-werklikheid (in hermeneutiese wisselwerking) 'n nuwe praktykteorie ontwerp (Venter, 1992:42-44; 1996:198-200; Heyns & Pieterse, 1990:38-39).



'n Basisteorie sal gevorm word deur die *Church Growth Movement* en *Natural Church Development* as onderdeel daarvan, kortliks te beskryf. 'n Eksegetiese ondersoek volg daarna ten opsigte van elk van die agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke, om sodoende te bepaal of die agt kwaliteitseienskappe ook as Bybelse kwaliteitsbeginsels vir die GKSA kan dien. Resente literatuur oor die betrokke studieveld waarin die beginsels funksioneer, word ook beskou om sodoende te bepaal hoe elke beginsel in die konteks van die GKSA verstaan word.

Op Metateoretiese vlak word gebruik gemaak van 'n literatuurstudie om sodoende 'n beter begrip te hê van ander gemeentebou-inisiatiewe. Die hulpwetenskap, Bestuurswetenskap, word ook gebruik om verdere metateoretiese perspektiewe te bekom, spesifiek met betrekking tot leierskap in organisasies. 'n Kwantitatiewe empiriese studie sal gedoen word om te bepaal in watter mate NCD se agt kwaliteitseienskappe tans verwerklik word in die GKSA. Die empiriese navorsing sal gedoen word deur middel van vraelyste wat deur die kerngroep van drie Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ingevul word. Een van hierdie gemeentes se leierskap gebruik tans 'n buigsame, visiegerigte, transformerende benadering terwyl die ander twee gemeentes 'n tradisioneel statiese benadering gebruik.

Die hermeneutiese wisselwerking tussen die gegewens uit die basisteorie, die metateoretiese perspektiewe en die huidige praktyk in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, sal gebruik word om tot praktykteoretiese riglyne te kom in die konteks van die GKSA. Spesifieke praktykreoretiese riglyne word gevorm deur die wisselwerking toe te pas in die konteks van een Gereformeerde Kerk in 'n semi-stad. Daarna word algemene praktykteoretiese riglyne gevorm vir toepassing in die GKSA. Hier sal gepoog word om kreatiewe riglyne te bied om die agt kwaliteitseienskappe met meer diepte toe te pas.



6. HOOFSTUKINDELING

Die volgende hoofstukindeling word in hierdie studie gevolg:

1. Inleiding
2. Basisteoretiese perspektiewe op die agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke wat uit NCD se navorsing na vore gekom het.
3. Metateoretiese perspektiewe op die agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke wat uit NCD se navorsing na vore gekom het.
4. Praktykteoretiese perspektiewe op die kreatiewe toepassing van die agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke wat uit NCD se navorsing na vore gekom het in die GKSA.
5. Samevattende gevolgtrekking.



7. SKEMATIESE VOORSTELLING

Probleemstelling	Doelstelling en doelwitte	Metodologie
Wat is NCD en watter kwaliteitseienskappe het uit hulle navorsing na vore gekom?	Om 'n bondige uiteensetting van die CGM en NCD as onderdeel daarvan te gee.	'n Basisteorie sal gevorm word deur die CGM en NCD as onderdeel daarvan kortliks te beskryf.
Hoe kom NCD se agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke in God se Woord voor ten opsigte van die kwalitatiewe groei van sy kerk?	Om NCD se agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke aan God se Woord te meet.	'n Eksegetiese ondersoek volg daarna ten opsigte van elk van NCD se agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke. Die verstelde kwaliteitsbeginsels sal dien as basisteoretiese beginsels.
Hoe verwerklik NCD se agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke tans in twee resente gemeentebou inisiatiewe, die bestuurswetenskap en in drie Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ?	Om die toepassing van NCD se agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke in twee resente gemeentebou inisiatiewe na te speur, sowel as in die hulpwetenskap bestuurswetenskap. Om vas te stel in watter mate NCD se agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke tans in drie Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika verwerklik word.	Op Metateoretiese vlak word gebruik gemaak van 'n literatuurstudie om sodoende 'n beter begrip te verkry van ander gemeentebou-inisiatiewe sowel as die bestuurswetenskap. 'n Kwantitatiewe empiriese studie sal gedoen word om te bepaal in watter mate NCD se agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke tans verwerklik word in die GKSA. Die empiriese navorsing sal gedoen word deur middel van vraelyste wat deur die kerngroep van drie Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ingevul word.
Hoe kan NCD se agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke met meer diepte in gemeentes in die GKSA toegepas word?	Om deur 'n kritiese sintese van die gegewens 'n nuwe of verstelde praktykteorie daar te stel vir waardevolle toepassing in die konteks van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika.	Die hermeneutiese wisselwerking tussen die gegewens uit die basisteorie, die metateoretiese perspektiewe en die huidige praktyk in die GKSA sal gebruik word om tot praktykteoretiese riglyne te kom. Spesifieke praktykteoretiese riglyne word gevorm deur die wisselwerking toe te pas in die konteks van een Gereformeerde Kerk in 'n semi-stad. Daarna word algemene praktykteoretiese riglyne gevorm vir 'n dieper toepassing van die agt kwaliteitseienskappe in die GKSA.

8. OUTEURSOPMERKINGS

1. Wanneer in hierdie studie na die derde-persoon-enkelvoud verwys word, sal ter wille van die leesbaarheid en eenvormigheid slegs die manlike besitlike voornaamwoorde (hy, hom, sy) gebruik word. Behalwe as die konteks anders aandui, word daarmee ook na vroulike individue verwys.
2. Bronverwysings geskied volgens die Harvard-styl, soos deur die Senaat van die PU vir CHO aanbeveel. By die gebruik van elektroniese bronne, soos kompakskywe (CD-ROM), word slegs die outeur en jaar in die studie aangedui. Die volle besonderhede van die bronne verskyn in die bibliografie.



HOOFSTUK 2

BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE AGT KWALITEITSEIENSKAPPE VAN GROEIENDE KERKE, WAT UIT CHRISTIAN SCHWARZ SE NAVORSING NA VORE GEKOM HET

1. INLEIDING

Die vrae wat in hierdie hoofstuk aan die orde kom, is :

- Wat is *Natural Church Development* (NCD) en watter kwaliteitseienskappe het uit hulle navorsing na vore gekom?
- Kom die agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke wat uit NCD se navorsing geblyk het in God se Woord voor ten opsigte van die kwalitatiewe groei van sy kerk?

Om hierdie vrae te beantwoord, stel die navorser die volgende doelwitte:

1. Om 'n bondige uiteensetting van die *Church Growth Movement* (CGM) en NCD as onderdeel daarvan te gee.
2. Om, vanuit die Skrif, basisteoretiese perspektiewe oor elk van die agt kwaliteitseienskappe te ontwikkel.

2. 'N BONDIGE UITEENSETTING VAN DIE CHURCH GROWTH MOVEMENT EN NATURAL CHURCH DEVELOPMENT AS ONDERDEEL DAARVAN

2.1 DIE CHURCH GROWTH MOVEMENT

Buy's (1988:2) stel dit dat daar nie 'n groter sendingwetenskaplike inrigting in die wêreld is as die CGM nie. Die beweging is egter daarvoor gekritiseer dat daar 'n oorbeklemtoning van die numeriese groei van die empiriese kerk plaasvind in die geleedere van die CGM (Gibbs, 1981:21). CGM het onder andere in Suid-Afrika in die tagtigerjare, onder leiding van Dr. Johan Engelbrecht, sterk gegroei. Die Gereformeerde Teologiese Vereniging (GTV) is onder



andere in hierdie tyd genader en 30 predikante van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) is in die beginsels van die CGM opgelei. Vervolgens word die *Church Growth Movement* se impak oor die wêreld beskryf, na aanleiding van Du Plooy (1994:5-7,82-84).

2.1.1 Die Verenigde State van Amerika (V.S.A.)

Die CGM het primêr sy ontstaan te danke aan die gebrek aan effektiewe sendinggerigtheid vanuit die V.S.A. Daar is weer nuut gedink oor die kerk se sendingroeping en McGravan (1955; 1959; 1980) het hoofsaaklik die pas aangegee. Hy skep die term “kerkgroei”, omdat daar soveel verskillende nuanses op die woorde “sending” en “evangelisasie” is (Buys, 1988:5). Die kerke in Amerika het naderhand tot die insig gekom dat McGravan se werk nie net van toepassing is op die sendingveld nie, maar ook in die kerk (Du Plooy, 194:82). Dit verduidelik waarom “The School of World Missions and Institute for Church Growth” in 1961 opgerig is en sedert 1966 as onderdeel van die Fuller Theological Seminary bestaan. Dit staan algemeen bekend as die kern van die CGM. Die bekendste skrywers uit hierdie beweging is Donald McGravan, Win Arn, Eddie Gibbs en Peter Wagner. Wagner (1984:14), McGravan se opvolger, kom ook tot ‘n definisie van kerkgroei wat soos volg deur Buys (1988:5) vertaal is: “Alles wat nodig is om manne en vroue wat geen verhouding met Christus het nie, in gemeenskap met Hom en tot die verantwoordelike lidmaatskap van die kerk te bring.”

McGravan het ook groot waardering vir die werk van die sestiende-eeuse reformatore alhoewel hy meen dat die groot klem op die leer dat God die Outeur en Inisieerder van die mense se redding en bekering is deur die opvolgers van die reformatore so omgebuig is dat dit die fondamentstene van ‘n introverte kerkisme geword het waarvolgens die geïnstitueerde kerk ‘n doel opsig self geword het. (Buys,1988).

Gibbs (1981) se nugter aanpak van kerkgroei gaan baie pragmaties te werk. Vir hom staan God se doel met die skepping in die fokus van kerkgroei, naamlik dat Christus se regering oor die hele skepping sigbaar moet word Gibbs (1981:430). Hy steek in baie opsigte kers op by McGavran (vgl. Gibbs, 1981:18-26).



Du Plooy (1994:5) stel dat die mees kenmerkende eienskap van hierdie beweging hulle uitgangspunt is dat evangelisering die mees basiese opdrag van die kerk aan die wêreld is. Kerkgroei (“church growth”) het dus primêr te doen met die uitbreiding van die koninkryk van God. Die fokus van hierdie beweging is ook empiries georiënteer, want met behulp van handelingswetenskappe word gevallestudies van vinnig groeiende kerke gedoen om die redes vir hulle vinnige groei empiries vas te stel - aldus Du Plooy (1994:5). Die mees sprekende voorbeeld van die werkswyse uit die V.S.A. is die 1985-publikasie *The complete book of Church growth* deur Towns, Vaughan en Seifert (soos uitgewys deur Du Plooy, 1994:5). Warren (2001) is ook een van die mees onlangse voorbeelde met *Purpose Driven Church*.

2.1.2 Nederland

Die “*Inwendige Zending*” van Wichern is ook die wortels van die CGM in Nederland. Dit het gegroei en ontwikkel in “Gemeenteopbouw”, onder die leiding van ‘n driemanskap, nl.: Kraemer-Gravemeijer-Banning”. Hier is die oorsprong van “Gemeenteopbouw” weer te bespeur by die verskerpte bewussyn van die gebrekkige funksionering van die plaaslike kerk, veral ten opsigte van die sending.

In 1960 verskyn die werk van Kraemer, getiteld *A Theology of the laity*, waarin hy die aandag vra vir die ontginning van die amp van die gelowige, soos uitgewys deur Du Plooy (1994:6). Hy stel dit dat dié skrywe ‘n belangrike stimulus gelewer het in die teologiese gesprek oor die opbou van die kerk. Du Plooy (1994:6) noem ook *Creatura Verbi*, ‘n belangrike eksegetiese werk waarin Noordegraaf (1984) die groei van die kerk volgens Handelingte ontleed. Du Plooy (1994:6) stel dit dat hy met verrassende en baie bruikbare eksegetiese getuienis na vore kom, wat ‘n belangrike bydrae lewer in die teologiese diskussie oor die opbou van die kerk. Velema skryf ook van die kant van die Christelik Gereformeerde Kerk ‘n boek genaamd *Een levende gemeente – met het oog op gemeenteopbouw* in 1992 (soos aangedui deur Du Plooy, 1991:6), waarin hy - soos Noordegraaf in 1990- ‘n Skriftuurlike en konfessioneel-begronde definisie en praktyk van gemeentebou voorstaan.

In 1988 is ‘n leerstoel by die Theologiese Universiteit van Kampen (Broederweg) van De Gereformeerde Kerken in Nederland (“vrijgemaakt”) geopen, met M. Te Velde as die eerste



dosent. Die prominensie van hierdie inisiatief toon dan ook die aktualiteit van die vakgebied in Nederland se Gereformeerde kringe aan. M. Te Velde beklee hierby 'n essensiële pos en skryf 'n vierledige werk, getiteld *Gemeenteopbouw* (1992). In sy inougurele rede lewer hy kritiek op die ontwikkeling van gemeentebou - wat 'n ondeurdagte Skrifhantering, kritiese ampsbeskouing, antropologies-gesentreerde benadering na vore laat kom het en die oorheersende rol van die sosiale wetenskappe uitgewys het (aldus Du Plooy, 1994:83).

2.1.3 Duitsland

In Duitsland gee die verval van die volkskerk aanleiding tot 'n hernude belangstelling in die wese van die kerk en sy funksionering. Du Plooy (1994:82) stel dit dat die identifisering van die gemeente self as evangeliseringsgebied 'n belangrike gebeurtenis was. Hierop reageer Wichern met die "innere Mission" of inwendige sending. Die CGM is egter meer sigbaar in meer resente skrywes. Velde (1992, soos aangedui deur Du Plooy, 1994:83) stel dit dat die kerk sake-georiënteerd en te korporatief voorkom met sy getalsmatige groei - wat tiperend van die CGM blyk te wees.

Uit Duitse bodem word Möller se *Lehre vom Gemeindeaufbau, band 1 & 2* (1987 & 1990), Zeffass se *Praktische Theologie als Handlungswissenschaft* (1974) en Schwarz en Schwarz se *Theologie des Gemeindeaufbaus* (1987), wat die "geboorteplek" van NCD is, as belangwekkende skrywers genoem deur Du Plooy (1994:7).

2.1.4 Suid-Afrika

Erasmus (1994) is die eerste skrywer wat die ontwikkeling van gemeentebouteologie binne die Nederduits Gereformeerde Kerke (NGK) nagaan. Die *Evangelism in Depth*-evangeliseringsveldtog van 1976 het aanvanklik gefokus op die toerusting van die individuele lidmaat en later op die toerusting van die gemeente as gemeenskap. So word die verband aangetoon tussen gemeentebou in die NGK en die internasionale CGM. Du Plooy (1994:83) haal Erasmus aan as hy stel dat die omvang van die CGM se invloed in die NGK veral opmerklik is in die gebruik van die probleem-oplossende benadering van die gedrags- en



bestuurswetenskappe, die empiriese gevallestudies, die strategiese bestuursbenadering en die ontwerp van verbeeldingryke programme.

Die Duitse *Gemeindeaufbau*-teologie is in 'n mindere mate verwerk in die konteks van die Suid-Afrikaanse gemeente-opbou. Zelfs se model het egter vir die Praktiese Teologie 'n handelingswetenskaplike basis voorsien.

Aangesien die Praktiese Teologie sy uitgangspunt in die praktyk van die kerklike lewe wil vind, het Nel (1982, 1986, 1988, 1994) en Hendriks (1987, 1992) aansluiting gevind by Nederlandse skrywers. Só dui Du Plooy, (1994:82-84) aan dat daar dus op eie bodem verskeie skrywers is wat aandag aan gemeentebou gegee het. Nel (1982, 1986, 1988, 1994), Hendriks (1987, 1992), Louw (1985, 1992) en Burger (1991,1999) se werk veral, word onder die belangwekkendste gesorteer in die Suid-Afrikaanse konteks. Hulle staan 'n Skrifgefundeerde vertrekpunt vir gemeentebou voor, maar vind op te veel punte aansluiting by die literatuur van die CGM (Du Plooy, 1994:84). Ander Suid-Afrikaners skryf ook wetenskaplike artikels - onder andere Pieterse (1992:101-112), Lategan (1992:54-67) en Van der Merwe (1999).

2.1.5 Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Die fokus val in die literatuur wat in die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika (GKSA) verskyn het op die amp van die gelowige met betrekking tot die opbou van die gemeente. Reeds in 1911 skryf Du Toit (soos uitgewys deur Du Plooy & Venter, 1996:344) in sy inougurele rede oor die mondigheid van die gelowige wat opgebou moet word. Van der Walt (1976, 1981, 1986) volg hom hierin na in die Bybelse vernuwning van die herderlike bediening en Bybelse vernuwning in die praktyk van die kerk. Venter kom in sy inougurele rede in 1986, getiteld *Gemeente-opbou in die lig van Hebreërs*, tot 'n selfstandige definisie van gemeentebou (Venter, 1986:2): "Gemeente-opbou is die beplande, gekoördineerde en sistematiese toerusting van gelowiges, deur die gawes en deur middel van die Woord - in verskillende gestaltes van Woordbediening - tot opbou en groei in persoonlike geloof en geloofsgemeenskap met God en met mekaar." Hierdie definisie is van belang vir die res van die studie. In 1988 verskyn 'n *Nuwe-Testamentiese profiel van 'n gemeente wat homself*



opbou en tree hy as redakteur op van die publikasie met die titel: *God bou op deur sy Woord*. In 1996 werk Venter en Du Plooy saam aan 'n wetenskaplike artikel, genaamd *Gereformeerde gemeente-opbou? 'n Evaluering van definisies binne die GKSA*.

Verskeie teoloë van die GKSA promoveer in verskillende dissiplines aangaande gemeentebou (Du Plooy, 1994:8¹). Venter (1986) met *Die werk van die Heilige Gees in die opbou van die kerk volgens Handeling*; Combrink (1993) met *Die betekenis van die eskatologie in die Kolossensebrief vir gemeente-opbou: 'n diakoniologiese ondersoek*; Labuschagne (1988) met *Die plek en betekenis van die prediking in die opbou van die gemeente*; Tiemensma (1989) met *Huweliksorg in gemeente-opbou: geloofsgroei as grond en inhoud van die pastorale begeleiding van man en vrou in die huwelik*; De Klerk (in Liturgiek, 1990) met *Die rol van eredienssang in die opbou van die gemeente*; Du Plooy (1994) met *Die betekenis van gemeente-opbou vir die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika*; Van Heyningen (2000) met *Kleingroepbediening: 'n strategie vir kwalitatiewe en kwantitatiewe groei in die GKSA*; Prinsloo (2001) met *Voortgesette verbondsonderrig aan volwassenes as komponent van gemeentebou*; Leuschner (2001) met *Die erediens as instrument in gemeentebou*; Erasmus (2001) met *Die praktyk van jeugbediening binne Gereformeerde gemeente-opbou*; Fanoy (2002) met *'n Prakties-Teologiese studie oor die nadere definiëring en grondbeginsels van gemeentebou*.

In die konteks van die GKSA is CGM nie sonder meer klakkeloos nagepraat nie. Du Plooy (1994:144) verwys na twee punte van kritiek wat Buys alreeds in 1988 teen die CGM ingebring het, nl. humanisties-georiënteerde strewes en pragmatiese oorweging wat sterker funksioneer as die Skrif, soms oppervlakkige eksegeese en simplistiese formules. Hy bepleit egter ook dat die GKSA hom vereenselwig met die volgende uitgangspunte van CGM (Buys, 1988:15):

- Dat dit die wil van God is dat Hy sy kerk in getalle sal laat groei. Hieroor is Du Plooy (1994:145) versigtig, aangesien die vertrekpunt kerksentries is en omdat dit 'n spanning plaas in Gereformeerde gemeentebou (vgl. Buys, 1984:106 e.v.).
- Dat die ywer vir en verlange na die getallegroei 'n kenmerk van die ware kerk is.



- Dat natuurlike menseverhoudinge gebruik moet word as brûe wat God in sy voorsienigheid gegee het vir die verstaanbare kommunikasie van die Evangelie.
- Dat die effektiwiteit van die kerk in die uitdra van die Evangelie gereeld indringend nagevors moet word, waarin die “hulpwetenskappe” soos die sosiologie, psigologie en kommunikasiekunde, gebruik kan word.
- Dat die amp van die gelowige gemobiliseer word, méér as wat tans die geval is, in die getuienistaak van die kerk.

Du Plooy (1994:145) maak die belangrike stelling omtrent CGM se doelwit, te wete kwantitatiewe groei: “Gemeente-opbou moet nie vereenselwig word met toename in getalle nie, maar ons insiens met groter getrouheid in die geloofsuitlewering van individue en in die kerklike praktyk.” Buys (1988:12) stel egter dat die groot belang van kwantitatiewe navorsing met die doel om sendingwerk te evalueer, gerus deur die GKSA in ag geneem kan word. “Die weerstand teen syfers en statistiek is dikwels ‘n soort volstruispolitiek wat nie die leemtes en die oneffektiwiteit van arbeid eerlik in die gesig wil staar nie.” (Buys, 1988:12). Hy meen ook dat die basiese benadering van die CGM, naamlik om kerkgroeiwette af te lei uit die ontleding van die historiese situasies van groeiende en sterwende kerke, vir die Gereformeerde Teologie problematies is. Die normatiewe gesag van die Skrif kan vervang word met bedieningsgestaltes wat gegrond is op die mees effektiewe getallegroei-aksies (Buys, 1988:12). Daaruit kan ook afgelei word dat die CGM die kerk meer as ‘n blote organisasie - en nie as ‘n dinamiese organisme nie - beskou (Buys, 1988:14).

2.1.6 Samevatting

Die CGM is dus duidelik ‘n beweging wat al ‘n geruime tyd en in verskeie lande ‘n indruk maak en gemaak het. Waardering moet uitgespreek word vir die navorsing aangaande die metodes wat die plaaslike gemeente kan gebruik om mense in verhouding met God te herstel en tot verantwoordelike lidmaatskap van die kerk te roep. Met hierdie navorsing word die plaaslike gemeente gekonfronteer met die realiteit van hulle roeping in die gemeenskap en word die gebrekkige funksionering van die plaaslike gemeente as ‘n introverte kerkisme, ontbloot.

¹ Du Plooy (1994:8 e.v.) noem voorts die werk van (onder meer) die teoloog wat hier volg. Ter wille van leesbaarheid in die teks sal die genoemde outeur nie telkens as bron erken word nie.



Die fokus in die CGM val op die effektiewe kommunikasie van die evangelie in gelowiges se natuurlike verhoudings met ander mense. Die dryfveer agter hierdie aksie was die getroue roepingsvervulling volgens die Bybel. CGM se oordrewe pragmatiese aanslag lewer egter probleme vir gelowiges op, wanneer groei-inisiatiewe nie in die lig van die Skrif ontwerp word nie. Die probleemstelling van hierdie studie blyk aktueel te wees, aangesien Du Plooy (1994:5) dit stel dat CGM se resultate vanuit die meer reformatories-behoudende kringe bevraagteken moet word, aangesien dit nie primêr vanuit die Skrif afgelei is en nie eksegeties getoets is nie. Die fokus is veral antropologies-gesentreerd en nie Teosentries-gesentreerd nie. Dit is hoofsaaklik die gevolg van ondeurdagte Skrifhantering.

2.2 NATURAL CHURCH DEVELOPMENT AS ONDERDEEL VAN DIE CHURCH GROWTH MOVEMENT

Nel (1998:27) stel dat die opbou van die gemeente 'n Bybelse saak is. Die gemeente het sy ontstaan te danke aan die heilswerk van God in Christus deur die Heilige Gees. Dit is dan ook die rede waarom gemeentebou aan veral die ekklesiologie verwant is. Du Plooy (1994:7) wys daarop dat die eerste boek van Schwarz in 1987 verskyn het, genaamd *Theology of Church Development (Theologie des Gemeindeaufbaus, 1987)* wat veral sy ekklesiologie aan die lig gebring het. Soos hierbo genoem is hierdie werk die "geboorteplek" van NCD.

2.2.1 Bipolêre ekklesiologie

In *Theology of Church Development* (1987) word die teologiese gevolge verreken as daar met 'n bipolêre ekklesiologie gewerk word. Hierdie bipolêre ekklesiologie is die fondasie van NCD. Met bipolêre ekklesiologie word daar 'n onderskeid gemaak tussen die "kirche" as die kerklike instituut en die "ekklesia" as die gemeenskap van ware gelowiges, die organisme (Schwarz & Schwarz, 1987:27-33). Hierdie onderskeid, stel Schwartz, word ook gemaak deur die werk van onder andere sistematiese teoloë soos Brunner (1951), Kraus (1975) en Gollwitzer (1975). Hierdie onderskeid is vir die verstaan van NCD baie belangrik. In die woorde van Schwarz: "I am now more convinced than ever that the bipolar approach is essential for a theological understanding of church growth; and it is definitely the theological key for understanding what NCD is all about." (Schwarz, 1999:15.) Du Plooy (1994:7) meen



dat 'n eksegetiese en Skriftuurlik-prinsipiële besinning oor gemeente-opbou by Schwarz en Schwarz (1987) se werk egter ontbreek.

Volgens die bipolêre ekklesiologie bestaan die natuur van die kerk uit twee elemente: 'n dinamiese pool en 'n statiese pool. Die dinamiese pool verteenwoordig die kerk as organisme en die statiese pool die kerk as organisasie. Beide is nodig vir kerkontwikkeling en na beide pole word verwys in die Nuwe-Testamentiese konsep van *ekklesia*. Die dinamiese pool word hoofsaaklik gevind in Nuwe-Testamentiese stellings waar die kerk beskryf word as 'n biologiese, organiese wese soos blyk uit die metafoor waar Jesus Christus die kerk as 'n liggaam beskryf (Rom. 12:3-8; 1 Kor. 12:12-31). Die statiese element word beskryf deur tegniese terme. Paulus doen dit as hy van homself praat as die "wyse argitek" wat die "fondasie" gelê het waarop ander sal "bou" (1 Kor. 3:10). Hierdie twee pole is nie in weerstand teenoor mekaar nie, maar in mekaar verweef. Dit blyk uit tekste waar beide die dinamiese en statiese vermeng word. In 1 Pet. 2:4-8 word die gelowiges beskryf as "lewende stene". "Lewende" verwys na die organiese element van die natuur van die kerk en "stene" na die statiese pool, die institusionele element van die kerk se natuur. So word in Ef. 2:19-22 na die gelowiges verwys as 'n statiese gebou wat organies sal verrys tot eer van God. In 1 Kor. 3:9 skryf Paulus aan Korinte dat hulle die saailand en die gebou van God is. Hierin is die organiese en die statiese pole duidelik onderskeibaar in die kerk as gemeenskap van gelowiges.

Die statiese en die dinamiese pool is in 'n tweevoudige verhouding met mekaar. Dit word gestel dat dit ondenkbaar is dat die kerk as organisme nie ook ontwikkel in die kerk as instituut nie. Die doel van die instituut is om funksioneel te wees om die ontwikkeling van die kerk as organisme te stimuleer. Die verhouding tussen organisme en organisasie is dus op dié manier in harmonie. Dit word gestel dat die verhouding tussen organisme en organisasie in harmonie sal wees in gesonde kerk-wees. Die mens kan egter nie die kerk as organisme máák nie. Die organisasie kan wel gemaak word deur mense. Die tesis van Schwarz is daarom om die elemente wat ons wel kan verander op so 'n manier aan die kriteria van funksionaliteit te onderwerp, dat die elemente wat buite ons beheer is wel kan plaasvind. Daarom word die kerk as organisme nie gemaak nie, maar gestimuleer en gebeur dit vanself (Schwarz, 1999:17).



2.2.2 *Natural Church Development*

NCD fokus daarop om die groei-outomatismes in die natuur te ontdek en te verstaan en toe te pas op die kerk as realisering van God se koninkryk op aarde (Schwarz, 1999:233). Die natuur is ook die verwysingsraamwerk wat deur Jesus Christus gekies word om ons oor die koninkryk te onderrig. Dit word gestel dat Jesus se keuse om die natuur as metafoor te gebruik nie daarop rus dat dit bloot toepaslik was vir sy hoorders - en hulle dus meer ontvanklik vir die boodskap gemaak het nie - maar dat Jesus die natuur as metafoor gebruik omdat ons daarin werklike beginsels kan aflei aangaande God se werking (Schwarz, 1999:234). Dit word dus gestel dat God ook op dié wyse in sy Koninkryk werk, na aanleiding van Jesus se eie analogieë ten opsigte van die koninkryk en die natuur. Schwarz (1999:234) stel dit dat Jesus juis hierdie werksmetode in Matt. 6:28 aanbeveel. As Jesus sê: “Let op hoe groei die veldlelies..”, dan is “let op” ‘n flou vertaling van die Griekse woord, *καταμάθετε*. *καταμάθετε* beteken “...with the purpose of ultimate understanding”. Die veldlelies is egter nie die voorwerp wat bestudeer moet word nie, maar die onderliggende groeimeganisme. NCD kan dus duidelik onderskei word van ander kerkgroeibewegings wat op die bestuursbeginsels van die mens fokus - wat hom daarvoor beywer om die kerk te laat groei met sy eie wysheid en krag (Schwarz, 1999:235). NCD fokus daarop om God as die Skepper en Instandhouer van die kerk te erken (Schwarz, 1999:235). Die mens het egter die verantwoordelikheid om as God se medewerker op te tree in die proses. Markus 4:26-29 verwys na hierdie saak. Hier word die skepping en groei van die koninkryk aan God oorgelaat, maar sodra die graan ryp is, “...steek hy dadelik die sekel in, omdat die oestyd daar is.” Die groei vind plaas sonder die werking van die mens, maar sodra die mens sien dat die groei plaasgevind het, reageer hy. Die vrug wat die gesaaide koringland voortbring is ook nie die gevolg van die een of ander intrinsieke vermoë wat die natuur besit nie, maar die werk van God. *αὐτομάτη*, is die Griekse woord wat in Afrikaans vertaal word met ‘..vanself’ (Schwarz, 1999:237). In die Joodse denke het groei alleenlik van God gekom en was dit nie immanent in die saad nie (Schwarz, 1999:237). Dit is belangrik om te verstaan dat dit God is wat laat groei, want daarin word die verskil aangetref tussen NCD en sekulêre kubernetiek (Schwarz, 1999:237). In die sekulêre kubernetiek moet sulke groei-outomatismes ontdek en ontgin word. Deur in harmonie met hierdie groei-outomatismes te wees, word die inset verminder en



die uitkomst verhoog. Die sekulêre wetenskaplike beskou hierdie outomatismes in 'n suiwer immanente lig, terwyl Christene bely dat niemand anders as God se hand agter hierdie outomatismes is nie. NCD begin ook, soos moderne kubernetiek by die ontdek van die groei-outomatismes. Die toepassing van hierdie beginsels verskil egter aangesien dit God is wat laat groei en nie immanent is aan die saad self nie. In plaas daarvan om die kerk te 'maak' groei, verkies NCD dit om die omstandighede so gunstig moontlik te maak om groei teweeg te bring. Hierdie groeibeginsels word beide deur eksegetiese navorsing uit die Woord van God, sowel as uit empiriese navorsing bepaal. Met empiriese navorsing word na die navorsing verwys wat by 1000 kerke in 32 lande gedoen is. Die kern van die empiriese navorsingsvraag was watter kwaliteite kerke wat in getalle groei, in gemeen het. Uit hierdie navorsing is agt essensiële kwaliteitskaraktertrekke van groeiende kerke geïdentifiseer. Hierdie studie fokus op hierdie karaktertrekke en hulle voorkoms in die GKSA.

2.2.3 Die NCD-strategie

NCD het 'n strategie wat bestaan uit drie boublokke : Die *agt karaktertrekke van groeiende kerke*, die *ses biotiese beginsels* en die *minimumstrategie*. NCD gebruik egter terme wat eers gedefinieer moet word.

Beginsels: Dit is die gedistilleerde resultaat wat uit honderde modelle geabstraheer is. Beginsels is universeel toepasbaar, aangesien hulle reeds gefiltreer is van die oorbodige inligting. (Schwarz, 1999:239.)

Program: Dit is die toepassing van beginsels in 'n spesifieke situasie. Daarom moet elke kerk sy eie program saamstel - omdat hulle situasie verskil van ander kerke waar die modelle gewerk het. 'n Program gee spesifieke stappe in 'n spesifieke tydruimte vir spesifieke situasies. (Schwarz, 1999:239.)

Strategie: Die individuele beginsels word in 'n sistematiese konsep geforseer, met die klem op metode. Dit is die rowwe raamwerk waarbinne kerke hulle eie programme kan ontwikkel (Schwarz, 1999:239). Die drie boublokke wat volg, is in so 'n rowwe raamwerk saamgestel en staan bekend as die NCD-strategie (Schwarz, 1999:239).



2.2.3.1 Die eerste boublok van die NCD-strategie: die agt karaktertrekke van groeiende kerke.

Soos hierbo genoem, is die agt kwaliteitskaraktertrekke die gevolg van empiriese navorsing wat by 1000 kerke gedoen is. By groeiende kerke is die kwaliteitseienskappe gesoek wat hulle in gemeen het. Die agt karaktertrekke van groeiende kerke word vervolgens genoem en kortliks bespreek. Die kwaliteit van elk van die -trekke word aangedui deur 'n byvoeglike naamwoord wat in die titel van elk van die karaktertrekke verweef is.

1. Bemagtigende leierskap (*Empowering leadership*)

Die klem val in hierdie eienskap daarop dat dit “bemagtigende” leierskap is en nie “bemagtigde” of “empowered” leierskap nie. Die klemverskuiwing is opsetlik, aangesien “bemagtigende” leierskap die stelling verwerp dat die leierskap stop by een mens wat funksionerende mag het. Met “bemagtigende” leierskap word bedoel dat die proses van leierskap voortgaan en uitgebrei word om verantwoordelikhede te deleger en ook om konstant nuwe volgelinge op te lei. Die bedoeling van bemagtigende leierskap is dus dat alle gelowiges toegerus word en geleentheid het om leiers te wees en leiers te maak. Dit word immers deur NCD se navorsing aangetoon dat leiers van groeiende kerke nie alle mag op hulle laat rus nie, maar dat hulle medegelowiges optimisties toerus, ondersteun, motiveer en lei om meer bemagtiging te ervaar en uit te deel. Die leiers van groeiende kerke is ook selde bekend buite die kerk. Hulle staan nie bekend as superleiers nie, maar eerder as mense wat deur ander leiding neem. Om hierdie rede word die gemeente op hoogte gehou van hulle doelwitte. (Schwarz, 1996:22.)



2. Gawe-georiënteerde bediening (*Gift-oriented ministry*)

Die basis vir hierdie kwaliteitseienskap is die uitgangspunt dat God reeds sekere gelowiges toegerus het om sekere take te doen. Die rol van die kerkleierskap is dus om die lidmate hulle gawes te laat ontdek en te integreer in bedienings wat by hulle gawes pas. So werk die Heilige Gees deur die individu om met oorgawe te bedien.

Die meeste van die mense wat aan die navorsing deelgeneem het is òf nie geïntegreer by 'n bediening nie, òf hulle is geïntegreer by 'n bediening wat nie by hulle pas nie. Meer as 80% van die deelnemers wat uit Duitssprekende Europa kom, het nog nooit hulle gawes ontdek nie. Dit word gestel dat hierdie mense volgens hulle geestelike gawes moet leer leef (Schwarz, 1996:25; 2001:100).

3. Passievolle spiritualiteit (*Passionate spirituality*)

Die navorsing het duidelik aangetoon dat passievolle spiritualiteit 'n eienskap van alle groeiende kerke is. Dit is nie die vorm waarin spiritualiteit beoefen word wat hier van belang is nie, maar die wyse waarop spiritualiteit uitgeleef word, nl. met toewyding, vuur en entoesiasme. Die vlak van spirituele passie is die punt wat groeiende kerke van stagnante kerke onderskei. Hierdie punt toon ook aan dat die metode wat kerke gebruik, van sekondêre belang is in die opbou van die kerk. Wat dus wel van belang is, is dat die kerk hulle geloof met geesdrif uitleef. Kerke wat hierdie basiese element kortkom sal selfs met die beste metode van spirituele beoefening nie sukses in kerkgroei bereik nie. Die voorbeeld word genoem dat selfs die beste enjin niks werd is sonder brandstof nie.

Schwarz (1996:27) sluit homself by hierdie stelling in wanneer hy meen dat Christene oor die hele wêreld strategieë volg om juis hierdie geesdriftige spiritualiteit te vermy.

4. Funkisionele strukture (*Functional structures*)

Hierdie kwaliteitseienskap is een van die mees kontroversiële bevindings van die navorsing. Volgens Schwarz (1996:28) is hierdie stelling juis so eenvoudig. Die



kriteria vir die voortbestaan van enige struktuur in die kerk moet sentreer rondom die funksionaliteit van daardie struktuur. Bereik die strukture hulle doel? Is organisasie en organisme in balans? Kerkstrukture is nooit 'n doel op sigself nie, maar altyd 'n middel tot 'n doel. As die struktuur nie sy doel dien nie, soos byvoorbeeld onpraktiese erediens-tye, moet die struktuur verander of laat vaar word. Schwarz stel dit dat die proses tradisionalisme tot 'n mate kan teëwerk. Daarom kom die grootste hoeveelheid weerstand juis vanaf die mense wat meen dat die kerk altyd dieselfde moet bly. Dit word ook gestel dat tradisionalisme een van die faktore is wat die hoogste negatiewe korrelasie het op die groei van die kerk.

5. Inspirerende erediens (*Inspiring worship service*)

Hierdie kwaliteitseienskap wil dat die erediens 'n inspirerende ervaring moet wees vir die mense wat dit bygewoon het. Dit help dus nie as die kerk bloot die liturgie van 'n ander groeiende gemeente probeer implementeer nie. Wat van belang is, is dat die ontmoeting met die Here op hierdie plek en vir hierdie mense 'n inspirerende ontmoeting sal wees.

Schwarz (1996:30) stel dit dat die meeste weerstand teen hierdie kwaliteitseienskap uit die geledere van die mense kom wat die erediens bywoon uit verpligting of gewoonte. Daar is selfs gevalle aangeteken van mense wat meen dat hulle "geloof" geseën word deur met geduld 'n martelende uur in die kerk te ervaar.

6. Holistiese kleingroepe (*Holistic small groups*)

Groeiende kerke het 'n sisteem van kleingroepe waar individue intieme gemeenskap, praktiese raad en intensiewe geestelike interaksie kan beoefen. Met die begrip *holisme* word bedoel dat die Woord toepassing vind in alle fasette van die lidmaat se lewe en daartoe toegerus en ondersteun word in die kleingroep. Dit word gestel dat hierdie kwaliteitseienskap nie 'n luuksheid is nie, maar 'n fundamentele eienskap van die kerk van Christus (Schwarz, 1996:32).



7. Behoefte-georiënteerde evangelisasie (*Need-oriented evangelism*)

Hierdie is een van die mees basiese kwaliteitseienskappe van kerkgroei. Hoe sal die kerk groei as dit nie gebeur deur die evangelie aan ander mense te verkondig nie? Die wyse van evangelisasie kom egter hier onder die vergrootglas. Groeiende kerke maak nie gebruik van opdringerige metodes van evangelisasie nie. Hulle maak gebruik van metodes waardeur die evangelie op so 'n wyse gedeel word dat dit die vrae en behoeftes van nie-Christene aanspreek (Schwarz, 1996:34).

8. Liefdevolle verhoudings (*Loving relationships*)

Dit blyk ook uit die navorsing dat groeiende kerke 'n meetbaar hoër liefdeskoëffisiënt het as stagnerende en krimpende kerke. Daarmee word bedoel dat die gemeente 'n meetbare hoeveelheid geleenthede méér het waar die lidmate met mekaar se lief en leed deel. Die voorbeelde word genoem dat die lidmate van groeiende kerke mekaar meer gereeld oornooi vir 'n kuier, komplimente gee en saam lag, as stagnerende of kwynende gemeentes. Praktiese liefde is 'n ver meer magnetiese krag as selfs die beste bemarkingstruik (Schwarz, 1996:36).

2.2.3.1.1 Samevatting

In die lig daarvan dat NCD met 'n bipolêre ekklesiologie werk, is die gemeenskaplike kwaliteitseienskappe van groeiende kerke op 'n organiese en organisatoriese wyse bymeekaargebring in hulle titels. In die byvoeglike naamwoord word telkens die organiese element beskryf, terwyl die selfstandige naamwoord die organisatoriese element verteenwoordig. Die selfstandige naamwoorde kan letterlik in enige kerk gevind word, maar die konsep wat deur die byvoeglike naamwoorde gedra word, is die bepalende geheim van groeiende kerke. Hierin word die biotiese denke op elke vlak weerspieël.

Aangesien al agt kwaliteitseienskappe by alle groeiende kerke voorgekom het, word dit gebruik as instrumente om te bepaal hoe gesond 'n kerk is. Schwartz (1999:241) sê: "behind this approach is the assumption that qualitative growth has quantitative effects. So far our



surveys have strongly supported this assumption. We have not yet discovered a single church which had a quality index of 65 or more in all eight areas which was not also growing in quantity. This seems to confirm the biblical principle that a good tree will produce good fruit.” NCD fokus dus op kwalitatiewe oorsake wat kwantitatiewe groei tot gevolg het (Schwartz, 1999:242).

2.2.3.2 Die tweede boublok van NCD: Die ses biotiese beginsels

Die agt kwaliteitseienskappe het gehandel oor dit wat gedoen moet word, maar die ses biotiese beginsels handel oor hóé dit gedoen moet word. Dit is “the decisive secret of growing churches” (Schwarz, 1999:243). Hoe beter die biotiese beginsels gebruik word in elk van die agt areas, hoe groter sal die groeipotensiaal van die kerk wees. Hierdie biotiese beginsels is riglyne wat help om besluite in gevalle te maak. NCD se beginsel-georiënteerde benadering onderskei dit van wettiese oorsaak-en-gevolgmetodes aan die een kant en blote pragmatisme aan die ander kant. Elke besluit moet eerder so gemaak word dat dit in harmonie is met God se beginsels vir groei. Hierdie ses biotiese beginsels kom voor by alle groeiende kerke en is ook afgelei op grond van die navorsing by 1000 kerke. Daar moet in gedagte gehou word dat die fondasie van die beskouing die bipolarê ekklesiologie is, wat meen dat die kerk beide organisme en organisasie is. Die kern van hierdie ses biotiese beginsels is die vraag: “Hoe kan ons omstandighede verbeter sodat die groei-outomatismes wat God gebruik om sy kerk te laat groei, ontsluit word?” Dit beteken die kerk moet geleer word om soos Jesus Christus oor die kerk te dink, nl. bioties (Schwarz 1999:243). Dit is dus nie ‘n stel stap vir stap instruksies nie, maar ‘n manier om te dink oor die kerk. Elk van die ses beginsels word kortliks hier bespreek en ‘n Afrikaanse vertaling word voorgedhou.

➤ Interafhanklikheid (*Interdependence*)

Die kerk moet verstaan word as ‘n komplekse organisme waar alle dele aan mekaar verbonde is. Elke lidmaat, amp, en gemeenteaktiwiteit staan in ‘n netwerk van afhanklikheid van mekaar en moet daarom deur gemeenskaplike doelwitte gekombineer word. Die manier waarop hierdie verskillende dele aan mekaar deel het, is belangriker as die individuele



onderdele. Hierdie beginsel word nie toegepas as aktiwiteite en doelwitte op geïsoleerde wyse hanteer word nie (Schwarz, 1999:244).

➤ Vermenigvuldiging (*Multiplication*)

Met hierdie beginsel val die fokus op die feit dat onbeperkte groei nie bioties van aard is nie. 'n Plant groei nie sonder perke nie, maar maak eerder nog plante. Alle groei het ook limiete. 'n Interafhanklike netwerksisteem verkies eerder permanente vermenigvuldiging. Dit is dus die mens se taak om 'n struktuur te skep wat nie net toelaat dat die werk verleng word nie, maar ook vermenigvuldig word in kleiner selfstandige eenhede (Schwarz, 1999:245).

➤ Energietransformasie (*Energy transformation*)

Die beginsel handel daaroor dat daar nie net konstant teen energie geveg moet word nie, maar dat die bestaande energie beheer en in 'n nuwe rigting gestuur moet word. Behalwe dat daar min krag gebruik moet word om die energie in 'n nuwe rigting te stuur, word baie min energie gebruik om die spesifieke doel te bereik. Hiervan is Paulus se hantering van die 'onbekende God' in Handeling 17 'n voorbeeld, (Schwarz, 1999:245).

➤ Veelvuldige nuttigheid (*Multi-usage*)

In die natuur word alle organismes opgeneem in 'n nuwe siklus sodra dit sy doel in die vorige siklus vervul het - en vervul op dié wyse 'n nuwe funksie in 'n groter siklus. Daarom mag daar geen verkwisting wees nie. Alles moet gebruik word om 'n doel te dien, (Schwarz, 1999:245).

➤ Simbiose (*Symbiosis*)

Hierdie beginsel dui daarop dat die energie van die bestaande verskeidenheid vorme gebruik moet word, aangesien dit meer effektief is as die monokultuur van 'n enkele, dominerende vorm. Die bepalende faktor is dat die verskillende vorms in 'n simbiotiese verhouding met mekaar moet staan, (Schwarz, 1999:245).



➤ *Funksionaliteit (Functionality)*

‘n Gesonde organisme verwerp outomaties alle vorms wat nie bydrae tot die gesondheid van die organisme nie. Alle lewe is God se skepping en word deur sy vermoë om vrug te dra gekenmerk. NCD bepaal funksionaliteit deur die kwaliteit van die kerk te bepaal en deur die “vrug” te ondersoek. Ons kan daarom ‘n aktiwiteit se funksionaliteit bepaal deur na die resultate te kyk (Schwarz, 1999:246).

2.2.3.3 Die derde boublok van NCD: Die minimumstrategie

Die agt kwaliteitseienskappe het die inhoud beskryf en die biotiese beginsels beskryf vir ons die metode om die inhoud van NCD toe te pas. Die derde boublok beskryf vir ons die tydsberekening *wanneer* aan *wat* aandag gegee moet word. Die beginsel kan só verduidelik word: Die kerk sal kwantitatief groei totdat die potensiaal van die kwaliteitseienskap bereik word wat die minste ontwikkel is. Daardie eienskap sal eers verder ontwikkel moet word voordat verdere groei plaasvind. Die groei van die kerk is dus ‘n konstante verwantskap tussen kwaliteit en kwantiteit (Schwarz, 1999:248).



Die CGM het inderdaad wye belangstelling regoor die wêreld en kan met reg as die belangrikste sendingwetenskaplike beweging in die wêreld beskryf word. NCD, as onderdeel van die CGM, se fondasie staan bekend as die bipolêre ekklesiologie. Die NCD-strategie word in die plaaslike gemeente se omstandighede toegepas deur middel van die evaluering van agt kwaliteitseienskappe, die implementering van die ses biotiese beginsels en die toepassing van die minimumstrategie.



Dit blyk dat die fokus nie op die kwantitatiewe groei val, soos kenmerkend is van die CGM nie, maar eerder op die kwalitatiewe groei van die kerk. Hierdie fokus stem ooreen met dié van 'n gemeente of denominasie wat die gesag van God se Woord erken.

Dit blyk egter dat die NCD-strategie uiters pragmaties is en sy oorsprong in empiriese navorsing het. Die kwaliteit van 'n gemeente word immers empiries bepaal deur die vergestaltung van die agt kwaliteitseienskappe te meet, sonder dat oortuigend aangetoon word dat die agt kwaliteitseienskappe God se kwalitatiewe eienskappe vir sy kerk is. Met reg kan gesê word dat NCD te min klem op die Skrifbegroning vir die kwaliteitseienskappe lê.

3. EVALUERING VAN DIE AGT KWALITEITSEIENSKAPPE VAN GROEIENDE KERKE IN DIE LIG VAN DIE WOORD

Kom die agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke wat uit NCD se navorsing geblyk het in God se Woord voor ten opsigte van die kwalitatiewe groei van sy kerk?

Dit is nie die doel van hierdie studie om die hele NCD-strategie te bestudeer en te evalueer nie. Die onderwerp is bloot net te omvangryk. Dit is wel die doel van hierdie studie om die agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke aan die Woord te meet. Dit is dus die doel van hierdie onderafdeling om die agt kwaliteitseienskappe vervolgens eksegeties te ondersoek..

3.1 BEMAGTIGENDE OF TOERUSTENDE LEIERSKAP (EMPOWERING LEADERSHIP)

3.1.1 Inleiding

Die kernstelling wat Schwarz maak ten opsigte van bemagtigende leierskap is: "Leaders of growing churches concentrate on empowering other Christians for ministry" (Schwarz, 1999:22). 'n Vrees dat juis die teendeel kan gebeur in die GKSA, word deur Du Toit (1977:91) gestel wanneer hy skryf dat die Gereformeerde gemeente "onmondig" blyk te wees, 'n "*ecclesia audiens*, 'n kerk wat net moet luister en ewig moet swyg". As die amp van die



gelowiges nie opgewek word nie, waarsku Du Toit dat die onmondigheid van die lidmaat, en die leerstellige verval, uiteindelik ook sal deurdring tot in die geleedere van die ouderlinge en die predikante, sodat 'n "paar invloedryke kerkmanne en hoogleraars" die "monopolie van die belydenis in hulle besit" sal kry (Du Toit, 1977:92). Om egter die gemeente toe te rus vir hulle dienswerk, is 'n uitdaging wat vanuit die Woord van God en deur sy Heilige Gees aangepak moet word. Hierop fokus Venter (1999:188) in 'n artikel getiteld: *Die spiritualiteit van die bedienaar met verwysing na sy toerustingstaak*.

3.1.2 *Motivering vir Efesiërs 4:11-13 as fokusverse*

Venter (1988:16) voer aan dat die riglyne vir toerusting van die gelowiges eksplisiet voorkom in Efesiërs 4:11-12, waar dit vermeld word dat God instrumente gegee het om sy kerk toe te rus tot dienswerk. Buys (1989:55) dui oortuigend aan dat Efesiërs 4:11-16 oor die kerk handel as liggaam van Christus, wat homself opbou volgens die gawes van die Heilige Gees wat God aan elke gelowige gegee het; en die besondere gawes van "amspdraers" wat die gelowiges vir hulle dienswerk toerus, sodat die eenheid in waarheid en liefde uitgeleef kan word. So word aangedui dat waar dit oor leierskap gaan, Christus self sy eie liggaam opbou deur die ledemate met sy Gees te bemagtig.

In 'n insiggewende studie van Kruger (2000:295) word aangedui dat die begrip wat deur die woord *καταρτισμοζ* omsluit word, die aktivering van die hele gemeente insluit. Hierdie begrip staan lynreg teenoor amps-outokrasie en die oorheersende invloed van kerkmanne en hoogleraars. Hy is van mening dat amps-outokrasie dikwels gepaard gaan met passiewe gemeentes, omdat die inisiatiewe van nie-amspdraers onderdruk word. Die enigste plek in die Skrif waar *καταρτισμοζ* as selfstandige naawoord voorkom, is in Efesiërs 4:12.

Foulkes (1971:13) merk tereg op dat die brief 'n preek is wat handel oor God se doel wat Hy deur sy Seun vervul en uitwerk deur die kerk. Die oorsprong en doel van die leierskap in die kerk kom dus uit hierdie brief na vore. Hendriksen (1967:197) merk op dat die doel van die leiers, as "gawes" van Christus, is: "to fully equip the saints for the work of ministry, with a view to the building up of the body of Christ."



3.1.3 Eksegese van Efesiërs 4:11-13

3.1.3.1 Agtergrond van Efesiërs 4:11-13

Dit is nie duidelik wanneer die brief geskryf is en waar Paulus homself bevind het nie. Dit is egter duidelik uit Ef. 3:1, 4:1 en Ef. 6:20 dat Paulus in die tronk was toe die brief geskryf is. Dit word aanvaar dat Paulus in Rome 'n gevangene was vanaf 61-63 n.C. toe hy die brief geskryf het. Die geadresseerdes van die brief blyk duidelik uit Ef. 1:1, alhoewel daar hieroor onder vakkundiges nie eenstemmigheid is nie. Paulus het immers vir twee jaar in die gemeente gewerk - soos dit blyk uit Handeling 19:1-20 - en kon daarom nie, soos Efesiërs 1:15 stel, eers onlangs tot geloof gekom het nie. Die brief is dalk eerder 'n omsendbrief aan die hele Klein-Asië, waarvan Efese dalk eerste op Tigikus se roete was.

In die Nuwe-Testamentiese brief gebruik die Heilige Gees Paulus nie hoofsaaklik om dwaalleer teë te staan nie, maar primêr om die gemeente in Efese te bemoedig (Van Rensburg, 2000:1565). Die aard van die kerk kom ook hier aan die orde. Die doel van die brief kan ook gestel word as om die gelowiges te versterk in die wete dat Christus die hele skepping beheer ter wille van die één kerk (Ef. 1:20-22; Ef. 4:1-16) wat onder sy Hoofskap staan (Ef. 1:10).




3.1.3.2 Struktuur van Efesiërs en die plek van Efesiërs 4:1-16 in die brief (Van Rensburg, 1993:1822).

- A. BRIEFAANHEF (1:1-2)
- B. GOD SE VERLOSSENDE WERK (1:3-3:21)
 - 1. Lofroep en die rede vir die lofroep (1:3-14)
 - 2. Paulus se danksegging (1:15-23)
 - 3. Die gevolg van God se handeling vir die gelowiges (2:1-22)
 - 4. Die gevolg van God se handeling vir Paulus (3:1-21)
- C. OPROEPE OP GROND VAN GOD SE VERLOSSINGSWERK (4:1-6:20)
 - 1. **Handhaaf die eenheid onder gelowiges (4:1-16, Foulkes, 1971:107)**
Hou die eenheid in stand (4:1-10)
Verskeidenheid van funksies wat die eenheid dien (4:7-16, Simpson & Bruce, 1957:21)²
 - 2. Breek met die ou mens, en lewe as nuwe mense (4:17-5:5)
 - 3. Lewe as mense van die lig (5:6-20)
 - 4. Riglyne vir gedrag binne gesagsverhoudings (5:21-6:9)
 - 5. Oproepe om tot die einde toe op die pos te bly (6:10-20)
- D. BRIEFSLOT (6:21-24)

Hendriksen (1967:65) stel dat Paulus in Efesiërs 4:1-16 vir die organiese eenheid (alhoewel divers) en groei in Christus pleit. Bruce en Simpson (1956:93) is dit ook eens dat die groei nie net in terme van die opbouwerk van 'n gebou verstaan moet word nie, maar ook in terme van die organiese opbouwerk van 'n liggaam. Dit word aangedui dat Paulus se denke vrylik rondbeweeg tussen die organiese en statiese begrippe (vgl. Buys, 1989:58 & Ef. 2:20, 4:16). Kruger (2000:290) beskryf 'n dinamiese wordingsproses in Efesiërs 4 soos volg :

² Die plek van die fokusverse in die boek word telkens in vetdruk aangetoon





In hierdie proses staan die gawes sentraal: die besondere gawes is gegee met 'n goddelike bedoeling, naamlik die toerusting van gelowiges, wat weer op hulle beurt elkeen 'n algemene gawe of meer ontvang het. Wanneer hierdie algemene gawes deur middel van toerusting gemobiliseer word in dienswerk, fasiliteer dit die opbouing van die liggaam. (Kruger, 2000:290.)

Die doel van die opbouwerk is dat die gemeente al meer sal groei na Christus toe, al meer sal word wat dit veronderstel is om te wees, naamlik volwasse liggaam van Christus (Buys, 1989:55). Die opbouwerk het dus 'n struktuur ten doel, waarvan Christus die Hoof is. Ef. 4:16 stel dat die liggaam opgebou is uit verskillende ledemate, waarvan elkeen 'n funksie het. In dié opsig is funksionele strukture (vgl. 3.4 & Hand. 6:1-7) baie nou verbonde aan bemagtigende leierskap. Buys (1989:110) kom tot die gevolgtrekking dat waar die voorgangers hulle funksie vervul, waar die toegeruste gelowiges in harmonie met die opbou van die liggaam besig is en waar 'n klimaat van liefde heers, kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe groei sal plaasvind.

3.1.3.3 Detaileksegesi van Efesiërs 4:11,12 en 13

Bruce en Simpson (1957:94) bied die gedagte aan dat Christus as Hoof van die kerk die kerk voed met die oorfloed lewenskragtigheid wat in Hom is - deur die gawes wat Hy aan die kerk gee. Christus is daarom die ware Leier van die kerk wat sy gesag opdra aan die besondere gawes in die gemeente. Kaiser (1996:638) bring hierdie gawes in verband met Christus se genade en beklemtoon dat hierdie gawes die een doel het: sodat die hele liggaam van Christus gevoed kan word om te groei tot die volheid van Christus. Die leiers as "gawes", is toegerus met sy Gees om die generasie van hulle tyd te dien met God se soewereine wil. Ook uit Foulkes (1971:117) kan afgelei word dat Jesus Christus self die leiers bemagtig deur sy



Gees - daarom is hulle “gawes” of “geskenke” van Christus en tot Christus. Hy lei ook af dat die gawes nie tot die verryking van die persoon self is nie, maar tot die verryking van God se kerk moet wees (vgl. 1 Pet. 5:1-4; Kruger, 2000:294 & Lincoln, 1995:254).

Efesiërs 4:11 noem die gawes wat Christus aan die kerk gegee het. “They are seen as the royal largesse which Christ distributes from His position of cosmic lordship after His triumphant ascent” (aldus Lincoln, 1995:248). Die apostels, profete en evangeliste was veral geroep om die universele kerk te dien terwyl die herders en leraars in die besonder vir die dag-tot-dag-opbou van die plaaslike gemeente verantwoordelik was (Foulkes, 1971:119). Hulle is as gawes aan die kerk gegee (διδουγαί), eerder as aangestel (Lincoln, 1995:249). Die apostels, of Ἀποστολοζ, is die mense wat God uitgekies het om die fondasie van die kerk te lê (Foulkes, 1971:118 & vgl. Ef. 2:20). Uit Paulus se woorde in 1 Kor. 9:1 kan afgelei word dat apostels mense was wat Christus self gesien het en self deur Hom uitgestuur is om die kerk te bou. Die profete het saam met die apostels gewerk aan die opbou van die kerk. By geleentheid in Hand. 11:28 en 21:9 het hulle van die toekoms vertel, alhoewel die profete se werk die verkondiging van God se Woord was. Die evangeliste het die prediking van die evangelie vurig onder die apostels voortgesit en kan as die sendelinge van die vroeë kerk bestempel word (Foulkes, 1971:119). Die dienste van apostels, profete en evangeliste bestaan vandag nie meer in die kerk nie, maar dié van die herders en leraars wel (Van Rensburg, 2000:1575). ‘n Herder, of ποιμήν, se werk is om die kudde geestelik te voed en te beskerm teen geestelike gevaar. Hendriksen (1967:197) en Foulkes (1957:119) is dit eens dat daar nie ‘n onderskeid tussen herders en leraars gemaak moet word nie. Die woorde dek die een begrip wat verwys na die omsiening na die kudde van Christus (vgl. 1 Tim. 5:17). Lincoln (1995:250) stel egter dat ons in hierdie opsig eerder kan verwys na ‘n oorvleuelende funksie tussen herders en leraars, want: “..almost all pastors were also teachers, not all teachers were also pastors”. Beide funksies is deur Christus gegee en het ten doel om die kudde te voed en te beskerm deur sy Woord te verkondig (vgl. 3.4 & Hand. 20:17, 28 & Joh. 21:15-17). Deur Christus se stem regeer die Opperherder (vgl. Joh. 10:11 & 14) self sy kudde. Hy roep egter mense en bemagtig hulle om sy stem te verkondig aan die kudde (1 Pet. 2; Joh. 15 e.v.; Hand. 20:28).



In Efesiërs 4:12 word die doel van die geestelike gawes genoem. Sommige Engelse vertalings, asook Kruger (2000:289), Grosheide (1960:67), Hendriksen (1967:197), Foulkes (1971:120) en Lincoln (1995:253), beskryf die doel van die gawes as drieledig, nl.: om die gelowiges toe te rus, om dienswerk te doen en om die liggaam van Christus op te bou. Dit is ook die mening van die skrywer.

Die 1983-Afrikaanse vertaling lees: “Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens *en* vir die opbou van die liggaam van Christus”, terwyl die 1953-Afrikaanse vertaling lees “om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, *tot* opbouing van die liggaam van Christus.” (Kursivering deur HKdK). Dit wil blyk asof Hendriksen (1967:197) en Foulkes (1971:120) se verklaring met dié van die 1953-vertaling ooreenstem. “This brings out more clearly that the immediate purpose is the building up of the body of Christ, namely, the Church.” (Hendriksen, 1967:198). Dit is ook die mening van die skrywer dat die 1953-vertaling na regte die fokus op die opbou van die gemeente laat val as hoofdoel - veral in vergelyking met Ef. 4:16.

Die eerste aksie, naamlik om die liggaam op te bou, word deur *καταρτισμοζ* uitgedruk. *καταρτισμοζ* beteken om iemand geheel en al toe te rus, of te kwalifiseer vir ‘n spesifieke taak (Louw & Nida, 1988). Buys (1989:109) bring die werk van die leiers in verband met die werk van ligamente, as die verbindingsweefsel wat die liggaamsdele in eenheid saambind en wat tegelyk ook as toevoerkanale van voedingstowwe na die ledemate moes dien. Die beeld impliseer dat groei alleen kan plaasvind as die voorgangers ‘n koördinerende en ‘n toerustende (*καταρτισμοζ*-) funksie in die liggaam uitvoer om die gelowiges te laat groei tot volledigheid. Die woord kom op geen ander plek in die Nuwe Testament voor nie. 2 Tim. 3.17 open egter nog ‘n perspektief, wanneer *καταρτίζω* gebruik word. In daardie konteks kan afgelei word dat gekwalifiseerdes soos hulle leermeester moet wees. Die stam word ook in Gal. 6:1 gebruik om die aksie te beskryf wat plaasvind as ‘n gevalle gelowige terug tot die geloof geroep moet word. Lincoln (1995:254) dui aan dat die beste begrip van *καταρτισμοζ* beskryf kan word as ‘die aksie om iemand volledig of kompleet te maak deur opleiding of opknapping’. Die opleiding of opknapping moet deur die geestelike leiers van die kerk geskied (Kruger, 2000:294). Die objek van die toerusting is die heiliges of *ἅγιοι*. Dit is ‘n woord wat Paulus gebruik het om die gelowiges - almal wat gawes ontvang het - te beskryf



(Lincoln, 1995:254). Die toeruster behoort rekening te hou met die gawes van gelowiges, sodat individuele toerusting so sal geskied dat die spesifieke individuele gawes aangewend kan word vir dienswerk en onderlinge opbou (Kruger, 2000:295 & vgl. 1 Kor. 12:7 e.v.).

Die tweede aksie word deur *εργον διακονιαζ* uitgedruk (vgl. 2 Kor. 3:6-8; Rom. 11:13; Kol. 4:17). Dienswerk is die nederige werk van 'n dienaar of bediende. Lincoln (1995:253) meen dat *διακονια* na die bediening van die herders en leraars verwys. Die objek van die werke van diens het die heiliges of gelowiges met die opbou van die liggaam van Christus in die oog. 2 Tim. 2:2 ondersteun ook die gedagte, wanneer Paulus aan Timoteus skryf: “Wat jy my voor baie getuies hoor verkondig het, moet jy toevertrou aan betroubare manne wat bekwaam sal wees om dit ook aan ander te leer.” Om mense te leer is immers 'n nederige taak van diens aan jou naaste. Die fokus van hierdie diens moet egter op die opbou van die kerk val.

Die derde aksie word deur *οικοδομενω* uitgedruk en beskryf die positiewe opbou van die kerk. Daar moet veral op die Trinitariese inbedding van die versgedeelte gelet word. God die Vader is ook die Vader van die huisgesin wat gebou word (Ef. 2:20,21) terwyl Christus die hoeksteen is waarop gebou word (Ef. 2:20,21) en ook die Gewer van die besondere gawes as verhoogde Here (Ef. 4:7-11); die Heilige Gees is die Bewerker binne die opbouproses. Die Gees van God is dus as Bewerker bepalend vir die hele opbouproses waardeur God die gemeente deur die loop van die geskiedenis oprig as woonplek vir Hom. Slegs die Gees van God kan 'n verdorwe mens (vgl. Ef. 2:1-3; 4:17-19) in staat stel om dienswerk te doen en sy instrument te wees. Daarom dat Christus ons beveel om te bid, sodat die Here aan wie die oes behoort arbeiders sal uitstuur om die oes te vergader (vgl. Luk. 10:2). *οικοδομην του σωματος του Χριστου* (vir die opbou van die liggaam van Christus) is die gevolg van die werk van die arbeiders. Ef. 4:16 toon egter aan dat al die gelowiges ook hierby betrokke is.

In die opboubeeld word die biologiese beeld en die konstruksiebeeld vermeng, aangesien *οικοδομην* meestal met die bou van 'n konstruksie te doen het. In Ef. 2:21-22 vermeng Paulus ook beide die biologiese en konstruksiebeelde as die gelowiges ingebou word in die geestelike huis van God.



Ef. 4:13 begin met μέγχι, wat aandui dat die herders en leraars gegee is om “gebruik” te word, totdat die kerk die eenheid van die geloof en die volle kennis van die Seun van God bereik het. Die kerk word in Ef. 2:15 met ‘een mensheid’ beskryf. Die kerk word in Ef. 4:13 in sy volledige sin beskryf as ‘n korporatiewe identiteit wat groei tot geloofsvolwassenheid. In hierdie korporatiewe struktuur het elke lid sy funksie, sodat die liggaam homself kan opbou in liefde (vgl. Ef. 4:16, 3.3, 3.8). In hierdie opsig skakel funksionele strukture en bemagtigende leierskap ineen.

3.1.3.4 Samevatting van eksegesi

In die gedeelte word die gawes wat Christus aan die gemeente gegee het, opgeroep om (op grond van die verlossing in en deur Jesus Christus) die eenheid onder die gelowiges te handhaaf. Christus het immers die gemeente met sy Gees toegerus om deur die bediening van die gawes te groei tot ‘n woonplek vir God drie-enig. Die Heilige Gees verander die sondige en verdorwe mens om meer en meer ‘n instrument in God se hand te wees. Vandag is Herderskap en leraarskap twee afsonderlike funksies wat soms oorvleuel. Dié gawes is eerstens gegee om die gelowiges toe te rus. In hierdie begrip word opleiding en koördinering van die gelowiges deur die herders en leraars omsluit. Tweedens is die gawes gegee om nederige diens te doen deur ander te onderrig. Derdens is die gawes gegee om die hele gemeente op te bou tot eenheid en volwassenheid. Die gemeente is verantwoordelik om deur eie dienswerk, volgens individuele gawes, onder leiding en met toerusting van die ampte, ‘n instrument van sy eie opbou te wees.

3.1.3.5 Toepaslikheid van Efesiërs 4:11-13 op bemagtigende leierskap

Uit die eksegesi van Efesiërs 4:11-13 blyk dit dat Christus die ware leier van die kerk is, wat self ‘n voorbeeld van bemagtigende of toerustende leierskap stel. As Hoof van sy kerk gee Hy vir sy gemeente die gawes deur die Heilige Gees - en hulle verkondig sy Woord. Deur die ampte word die gemeente opgebou tot volledigheid om nederige diensknegte van mekaar te wees en om deur die beoefening van die Godgegewe gawes, self Christus se liggaam op te bou. Die diversiteit van die gawes kom aan die lig, maar vervul hulle funksie in die hele liggaam wat homself opbou tot die volheid van Jesus Christus.



3.1.3.6 Evaluering van Schwarz se stelling in die lig van Efesiërs 4:11-13

Die kernstelling van Schwarz (1999:22) is: “Leaders of growing churches concentrate on empowering other Christians for ministry”. Uit die eksegeese blyk dit dat die Heilige Gees, deur Paulus, die werkswyse goedkeur in Efesiërs 4:11-13. Schwarz (1996:22) onderspeel egter Christus se Hoofskap oor die kerk wat Hy opgedra het (nie oorgedra het nie) aan die kerk. Die besondere dienste, onder leiding van Jesus Christus, moet dus ‘n organiese struktuur wees wat funksioneel (vgl. 3.4) is om hulle medegelowiges vir hulle dienswerk toe te rus, deur hulle op te lei en die dienswerk te koördineer. Die gawes rus dus die gemeente toe om ‘n instrument van sy eie opbou te wees en te groei tot die volheid van Christus.

3.1.3.7 Basisteoretiese beginsel

Die besondere dienste, toegerus deur die hoof van die kerk, moet lidmate toerus en bemagtig om Christus se liggaam op te bou.

3.2 GAWE-GEORIËNTEERDE BEDIENING (GIFT-ORIENTATED MINISTRY)

3.2.1 *Inleiding*

Buyts (1988:2-16) het reeds die belangrikheid van gelowiges se bediening van gawes in die GKSA beklemtoon. Die bronne hieroor is egter redelik beperk. Schwarz (1999:42) dui op navorsing wat onder 1200 aktiewe Christene in Europa gedoen is, waarin slegs 20% bewus was van hulle gawes. In die lig hiervan doen hy aan die hand dat dit die verantwoordelikheid van die kerkleierskap is om die lidmate te help om hulle gawes te identifiseer. Hierdie gawes moet egter nie net ontdek word nie, maar ook geïmplementeer word in gepaste bedieninge. Stott (1988:181) dui daarop dat die aard van gelowiges se belangstelling in hulle eie gawes kommerwekkend is. “Their concern is not how they can serve others or bring glory to the Lord. Rather they seek self-fulfilment”. Schwarz (2001:43) bring die belangrike perspektief ter tafel dat die gawes nie net die doel het om die individuele gelowiges op te bou nie, maar dat dit primêr gegee is om die ander gelowiges te bevoordeel.



3.2.2 *Motivering vir 1 Petrus 4:10 as fokusvers*

Daar is verskeie tekste in die Nuwe Testament wat die Godgegewe gawes beskryf en die toepassing daarvan verduidelik (Rom. 12:6–8; 1 Kor. 12:8-11; Ef. 4:11-16). Dit is egter nie die doel van hierdie besprekingspunt om die hoeveelheid gawes en die toepassing daarvan te begrond nie, maar eerder om die gawe as middel tot bediening in die Woord van God na te speur. In 1 Petrus 4:10 en 11 word “gawe” en “bediening” in verband met mekaar gebring, spesifiek ten opsigte van gelowiges wat onder moeilike omstandighede verkeer. Die vermeerdering van die kerk kom nie in hierdie gedeelte aan die orde nie, maar wel die bewaring van die kerk. In 1 Pet. 4:10 stel Petrus die beginsel vas dat die gawes die bewaring of opbou van die gemeente ten doel het. Die kwaliteit van die bediening word ook hiermee in verband gebring as Petrus stel dat bogenoemde beginsel ‘n eienskap van goeie bedienaars is (καλοὶ οἰκονόμοι).

3.2.3 *Eksegese van 1 Petrus 4:10*

3.2.3.1 Agtergrond

Petrus skryf hierdie omsendbrief in 65 n.C. aan gelowiges in Klein-Asië, waar hulle nie burgers was van die gebiede waar hulle gewoon het nie. Hulle uitlanderskap en hulle Christelike geloof het nie werklike fisiese vervolging tot gevolg gehad nie, maar eerder geestelike vervolging, in die vorm van sosiale druk en diskriminasie (Van Rensburg, 1993:1944). Hierdie diskriminasie sluit onder andere in dat die gelowiges nie eiendom kon besit nie. Daarom het die gelowiges hoofsaaklik as bywoners by burgers van die land gebly (De Klerk & Van Rensburg, 1999:30). Die ly-motief kom daarom sterk na vore in 1 Petrus (Van Wyk, 2000:21).



- 3.2.3.2 Struktuur van 1 Petrus en die plek van 1 Petrus 4:10 in die brief (Van Rensburg, 1993:1945).
- A. Die briefaanhef. Die skrywer, die geadresseerdes en die briefgroet (1:1–2).
- B. Inleiding tot die brieffliggaam. Lof aan God wat ons deur Jesus Christus die nuwe lewe gee (1:3–12).
- C. Vier oproepe op grond van die nuwe lewe wat God gee (1:13–5:11).
1. Die oproep om alle hoop te vestig op God se genade en om te sorg dat die lewenswandel heilig is (1:13–25).
 2. Die oproep tot persoonlike groei en tot saamgroei met medegelowiges (2:1–10).
 3. **Die oproep tot goeie gedrag in verskillende verhoudings en ten spyte van veronregting (2:11–4:19).³**
 - 3.1 **Die basiese oproep van 2:11-12, toegepas op die verhouding met die landsowerheid (2:13–17); werkgewers (2:18–25); huweliksmaat (3:1–7); naaste in die algemeen (3:8–12).**
 - 3.2 **Die basiese oproep van 2:11–12 toegepas op die houding teenoor en reaksie op veronregting (3:13–4:19).**
 - 3.2.1 **Basiese stelling met betrekking tot die houding teenoor en reaksie op veronregting (3:13–17).**
 - 3.2.2 **Motivering vir die aanvaarding van onverdiende lyding (3:18–22).**
 - 3.2.3 **Gevolgtrekking op grond van Christus se liggaamlike lyding(4-16).**
 - 3.2.4 **Die rede waarom Christus klaar staan om te oordeel en die implikasie daarvan (4:7–11).**
 - 3.2.4.1 **Die einde is naby, wees selfbeheersd en nugter, sodat julle kan bid (4:7).**
 - 3.2.4.2 **Wees lief vir mekaar (4:8).**
 - 3.2.4.3 **Wees gasvry (4:9).**
 - 3.2.4.4 **Bedien mekaar met julle gawes (4:10 – 11).**
 - 3.2.5 **Samevattende oproep in verband met houding teenoor en reaksie op veronregting (4:12–19).**
 4. Die oproep tot korrekte gedrag binne die kerk (5:1–11).

D. Die briefslot. Die briefdoel, groetes en seëngroet (5:12–14).

³ Die plek van die fokusverse in die boek word telkens met vetdruk aangetoon



Gelowiges is uit genade die nuwe lewe in Christus geskenk, alhoewel hulle steeds in hierdie sondige bedeling moet leef (vgl. Rom. 12:1, 2, 11 & 3:3). Die einde is naby en daarom roep Christus ons by monde van Petrus om eienskappe van die nuwe lewe te vertoon, nie net in ons verhouding tot mekaar nie, maar ook tot ongelowiges wat ons verontreg. Deur liefde, gasvryheid en die diens van ons gawes aan mekaar, moet gelowiges tot die einde toe volhard (Van Rensburg, 1993:1966).

3.2.3.3 Detaileksegeese van 1 Petrus 4:10

‘Bedienaars’ (ὀικονόμοζ) kan ook met *rentmeester* vertaal word. Strong (1996) en Stott (1988:183) vergelyk ὀικονόμοζ met Josef se aanstelling in Potifar se huis (Gen. 39:8,9). ’n Rentmeester is iemand wat oor die besittings van ’n eienaar aangestel is en daarvoor beheer het. Aan die een kant is dit ’n vrye beheer omdat hy eie inisiatief aan die dag kan lê en tot ’n groot mate self kan besluit hoe hy die besittings van die eienaar gaan beheer en bestuur. Aan die ander kant is dit ’n verantwoordelike beheer, omdat hy van al sy doen en late aan die eienaar verantwoording moet doen (vgl. Luk. 19:11–28; Matt. 25:14–30, De Bruyn, 1997). In die Nuwe Testament word ὀικονόμοζ op a metaforiese wyse gebruik as rentmeester van die Goddelike openbaring (1 Kor. 4:1), die Goddelike opdrag (1 Kor. 9:17), of die Goddelike gawes soos in 1 Pet. 4:10. Hierin kan die rol van die kerk ook gesien word as die gemeenskap van die heiliges, wat rentmeesters is van God se openbaring, opdrag en gawes.

’n Goeie (καλός) of eerbare (Strong, 1996) bedienaar of rentmeester moet veral in gedagte hou dat hy sy posisie nooit mag gebruik om homself wederregtelik te bevoordeel en te verryk nie; intendeel, hy moet juis toesien en help dat die eienaar ryk word. In Rom. 12:1,2, en 11 (vgl. 3.3) doen Paulus ’n beroep op die gelowiges om op God te bly fokus en Hom geesdriftig te verheerlik, ondanks die teëstand in hierdie sondige wêreld. Sy eie passiewolte spiritualiteit (vgl. 3.3) bepaal sy getroue omgang met die gawes wat God gegee het (Luk. 16:10–12), of hy dit gebruik om God te verheerlik (1 Sam. 17:45–47; Rom. 14:7–8; 1 Kor. 10:31) en of hy ander daarmee dien (Rom. 14:19; 1 Kor. 12:7; 1 Kor. 14:12). Deur op God te bly fokus (Rom. 12:1,2) gee God riglyne vir die kwalitatiewe bediening deur die gawes wat Hy self gee. Die gelowiges is rentmeesters van God se genade deur die genadegawes wat hulle ontvang het.



Die woord *gawe* (χάρισμα) word deur Strong (1996) verklaar as 'n geskenk waarvoor die ontvanger geen teenprestasie gelewer het nie. Schwarz (2001:43) bevestig dat God se gegewe gawes nie die beloning op geestelike volwassenheid is nie, maar volgens God se genade aan die gelowige gegee word (vgl. 1 Kor. 12:11; Rom. 12:6). Paulus beskou die heiliges (ἅγιοι) in Efesiërs 4:12 as almal wat gawes ontvang het (Lincoln, 1995:254). Malina, Joubert en Van der Watt (1997) gee egter meer sosiaal-historiese agtergrond oor die betekenis van gawes in die antieke samelewing. Onderlinge gifte en gawes het mense onsigbaar met bande van verantwoordelikheid aan mekaar gebind. Hierdie siening het implikasies vir die gawes wat God so vrylik aan mense gee. Aangesien dit die gebruik was dat gawes terugbetaal moes word, is Nuwe-Testamentiese verwysings na God se gawes 'n aansporing vir die gelowige om sy skuld aan God terug te betaal. χάρις verwys juis na God se gawe van guns en versorging aan die gelowige. In gehoorsame lojaliteit en toewyding moet die gelowige hierdie gawes aan God terugbetaal, aangesien Christus se versoening reeds die voltrekking van God se grootste genade aan die mens was (1 Joh. 3:16; 2 Kor. 9:15; Ef. 2:8–9). Goeie bedienaars antwoord gelowig op God se ryke genade.

Die Griekse woord διακονία beteken: *om iemand te bedien*. Dit kan diens direk aan die Here wees (Joh. 12:26; Matt. 27:55; Luk. 8:3) deur diensbaar aan die evangelie van die koninkryk van God te word; en diens in die Naam van die Here aan jou medemens (Heb. 6:10). In Ef. 4:12-16 is dit duidelik dat God se doel met die gawes omvattend is. Die opvallendste is egter dat die gelowiges daardeur toegerus word vir hulle diens en dat die liggaam van Christus opgebou word. Die aard van 'n gelowige se dienswerk word bepaal deur die genadegawes (χάρισμα) wat hy ontvang het, sowel as die geleentheid en krag om iets tot verheerliking van die Here te doen (1 Pet. 4:11, Moller, 1999). χάρισμα word ook verklaar as die gawes waarmee die Christene die kerk van Christus dien. Die χαρίσματα verskil volgens Rom. 12:4-8 en 1 Kor. 12:17-20 van mekaar, soos die afsonderlike lede van 'n liggaam. Die Godgegewe gawes om te dien is spesifieke manifesterings van God se genade (χάρις). In Paulus se briewe is daar ook sprake van πνευματικά (1 Kor. 12:1) as geestelike gawes wat spesifieke demonstrasies van die energie van die Heilige Gees, God se πνευμα is. Die χάρισμα is ook 'n geestelike gawe om op die een of ander manier Christus-opbouend aan die mensdom te kommunikeer. 1 Kor. 12:7 en Ef. 4:7 dui ook aan dat geen Christen



sonder gawes is nie en dit is elkeen se verantwoordelikheid om sy gawe te ontdek, te ontwikkel en tot eer van God te gebruik (Stein, 1985). Goeie bedienaars het egter reeds gevorder op hierdie pad om hulle gawes te ontdek, te ontwikkel en tot eer van God te gebruik. Luk. 12:42-43 en Matt. 25:14-30 beklemtoon dat gelowige en wyse rentmeesterskap van gawes met seën begroet sal word, terwyl kleingelowige rentmeesterskap geoordeel sal word (Stein, 1985). Op dié wyse sal God in alles verheerlik word deur Jesus Christus se Gees (1 Pet. 4:11).

3.2.3.4 Samevatting

Gelowiges moet tot die einde toe volhard in 'n wêreld waarin hulle verontreg word - deur mekaar lief te hê, gasvry te wees en mekaar met hulle gawes te dien. God se genade word immers sigbaar in die spesifieke gawes wat hulle ontvang het en gelowiges is rentmeesters daarvan. Gelowiges het vrye en verantwoordelike beheer oor hierdie gawes wat hulle ontvang het en kan goeie rentmeesters wees deur gelowig met die gawes te woeker. Gawes rus gelowiges toe vir hulle dienswerk en bou die liggaam van Christus op. Gelowige beoefening van die Godgegewe gawes sluit in dat God daarmee geëer sal word en jou naaste daarmee gedien sal word. Geen Christen is sonder gawes nie en dit is elkeen se verantwoordelikheid om sy gawe te ontdek, te ontwikkel en tot eer van God te gebruik deur Christus aan die gebroke werklikheid te kommunikeer - en sodoende die kerk daarmee uit te bou. Gelowige rentmeesterskap word deur God geseën en kleingelowige rentmeesterskap word deur God geoordeel.

3.2.3.5 Toepaslikheid van 1 Petrus 4:11 op gawe-georiënteerde bediening

Dit is duidelik dat Petrus die gawes wat gelowiges ontvang het, in verband bring met hulle diens aan mekaar. Bedienaars van hoë kwaliteit, wat gehoorsaam met die gawes woeker en dus spiritueel passievol (vgl. 3.3) is, sal mekaar met hulle gawes dien en die liggaam van Christus opbou (vgl. Rom. 12:4-8). Op dié wyse sal God verheerlik word deur die gawes wat Jesus Christus uit sy ryke genade aan gelowiges geskenk het. Met reg kan gawe-georiënteerde bediening van gelowiges vanuit God se Woord gegrondves word in noue verbondenheid met passievolle spiritualiteit (vgl. Rom. 12:4-8 & 3.3).



3.2.3.6 Evaluering van Schwarz se standpunt aangaande Gawe Georiënteerde Bediening

“A spiritual gift is a special ability that God gives, according to his grace, to each member of the body of Christ to be used for the development of the Church.” (Schwarz, 2001:42.)

Dit is duidelik uit die voorafgaande dat die verskillende *χαρίσματα* Godgegewe gawes is wat God uit sy genade aan alle gelowiges gee. Goeie bedienaars woeker daarmee deur God te eer en mekaar te dien. Sodoende word die liggaam van Christus opgebou tot sy eer in hierdie gebroke werklikheid.

3.2.3.7 Basisteoretiese beginsels

Goeie bedienaars se bediening aan mekaar en tot eer van God moet deur hulle gawes georiënteer wees.

3.3 PASSIEVOLLE SPIRITUALITEIT (PASSIONATE SPIRITUALITY)

3.3.1 Inleiding

Spiritualiteit is ‘n tema wat die afgelope tien jaar weer sterk in die sentrum van teologiese besinning staan. Wat word egter onder spiritualiteit verstaan? Spiritualiteit kan kernagtig omskryf word as ‘n lewe in geloof voor God en in diens van ons naaste, vanuit die totale heilsopenbaring en heilstoe-eiening deur Gees en Woord in hierdie bedeling (Venter, 1998:457). Deur die Woord word die gemeente se spiritualiteit verdiep, want die gemeente besef dat God hier lewend teenwoordig is (De Klerk, 1999:183). Wat ‘n lewe voor God behels, kom in hierdie afdeling in die kollig. Schwarz (1999:26) beweer dat Bybelse spiritualiteit *passievol* is. Passievolle spiritualiteit word in hierdie studie ook met *geesdriftige*, *begeesterde* of *vurige* spiritualiteit beskryf.

3.3.2 Motivering van Romeine 12:1, 2, en 11 as fokusverse



Venter (1998:457) dui aan dat Romeine 12 bepaalde gegewens oor spiritualiteit bevat wat nader ontgin behoort te word, veral met die oog op die vorming van basisteorieë vir die Praktiese Teologie. Paulus gee in hierdie brief 'n deeglike en volledige uiteensetting van die feit dat God die sondige mens in die regte verhouding met Homself stel deur die versoeningsdood van Jesus Christus. Verder sit hy uiteen dat 'n mens slegs deur geloof aan hierdie regte verhouding met God deel kry, en nie deur wetsonderhouding of ander eie prestasies of afstamming nie (Van Rensburg, 1993:1723). Romeine 12 beskryf die dankbaarheidslewe van God se vrygespreekde kinders as lewende dankoffers voor die aangesig van God. Dit val nie binne die bestek van hierdie ondersoek om al die aksies wat in Romeine 12 as vrug van spiritualiteit genoem word, te behandel nie - daarom word vers 11 uitgesonder nadat vers 1 en 2 as fondasie gedien het. Rom. 12:4-8 is egter insiggewend ten opsigte van die verband tussen passievolle spiritualiteit en gawe-georiënteerde bediening.

3.3.3 *Eksegese van Romeine 12:1,2 en 11*

3.3.3.1 Agtergrond

Uit Bybelgegewens kan afgelei word dat Paulus die brief vanuit Korinte aan die gemeente in Rome geskryf het in die jaar 55-56 n.C. Die gemeente in Rome, die hoofstad van die Romeinse ryk, het heel moontlik nie net uit Jode bestaan nie, maar ook uit ander volke (vgl. Rom. 9:1-11:32 & Rom. 14:1-15:13). Die Joodse Christene was heel moontlik meer as die Christene uit ander volke (Murray, 1967:xix). Paulus het die gemeente nie self gestig nie en met die skrywe van die brief het hy nog nie besoek daar afgelê nie. Murray (1967:xvii) en Vergeer (2000:1452) is dit eens dat die ontstaan van die gemeente 'n direkte gevolg van die Pinkstergebeure is, aangesien daar mense uit Rome teenwoordig was (Hand. 2:10). In 49 n.C. het keiser Claudius al die Jode uit Rome verban, soos blyk uit Priscilla en Akwilla se vlug uit Rome (Hand. 18:2). Keiser Nero was aan bewind in Rome vanaf 54-68n.C. Die Romeinse ryk was in volle bloei – 'n tyd waarin min oorloë gevoer is. Binne 'n jaar of twee ná die ontvangs van die brief het die wrede vervolging van Christene onder keiser Nero begin.



- 3.3.3.2 Struktuur van Romeine en die plek van Romeine 12:1,2,11 in die brief
(Van Rensburg, 1993:1724)
- A. BRIEFAANHEF (1:1–7).
 - B. DANKSEGGING (1:8–12).
 - C. AANLOOP TOT HOOFBETOOG EN TEMA (1:13–17).
 - D. ALMAL IS SKULDIG, MAAR WIE GLO WORD VRYGESPREEK (1:18–4:25).
 - E. AS VRYGESPREEKTES IS GELOWIGES NUWE MENSE (5:1–8:39).
 - F. DIE POSISIE VAN DIE JOODSE VOLK (9:1–11:36).
 - G. CHRISTENSKAP IN PRAKTYK (12:1–15:13).
 - 1. **Inleiding (12:1–2).⁴**
 - 2. **Fasette van die Christenlewe (12:3–13:14).**
 - 3. Die sterkes en die swakkes (14:1–15:13).
 - H. MEDEDELINGS (15:14–33).
 - I. BRIEFSLOT (16:1–27).

Rom. 12:1,2 en 11 is deel van Paulus se lering oor die praktiese uitlewing as vrygespreekte kinders van God. Rom. 12:1,2 dien as ‘n inleiding of die rede waarom die verskillende fasette (12:3–13:14) van die Christenlewe uitgevoer moet word. Rom. 12:11 maak deel uit van die fasette.

3.3.3.3 Detaileksege van Romeine 12:1,2 en 11

In Rom. 12:1 druk Paulus die gelowiges dit op die hart dat hulle hulle σώματα (liggame) as heilige offers aan God moet gee. Om jouself as heilige offer te gee hou die gedagte in om jouself voluit in diens van God te stel. Jou tyd, gawes en kragte is dele van jouself wat jy aan God moet weggee (Dijkstra, 2003). ‘n Heilige offer is ook ‘n goeie offer, ‘n offer van hoë kwaliteit (vgl. 1 Pet. 4:10). Die fokus op die liggaam is verstaanbaar, as in ag geneem word dat die Griekse filosofie die liggaam as nutteloos beskou het, maar vir die Christen was dit ‘n gawe van God (Murray, 1967:111).



Mounce (1995:231) stel dat die gee van 'n lewende offer die gehoor terugneem na die offerstelsel van die Ou Testament. Die groot verskil is egter dat die offer nie bestaan uit die neem van 'n offerdier se lewe nie, maar oor die gee van jou eie lewe in diens van God. Paulus skryf dat hierdie daad 'n 'redelike' (1953-vertaling) verwagting is op grond van God se οἰκτιρμος. Louw en Nida (1988) dui die betekenis van οἰκτιρμος aan as "to show mercy and concern with the implication of sensitivity and compassion." Die begrip kan verduidelik word as 'n koning se neerbuig na 'n mindere. Op dié wyse, deur God se neerbuigende ontferming oor ons, tree God in verhouding en is Hy teenwoordig in die midde van die volk. Christus is die hoogtepunt van God se ontferming oor die mens en God is deur Hom by die mens (Matt. 28:20). God se teenwoordigheid in ons lewe, deur sy genadige ontferming oor ons (waarvan Hy die inisieerder is), is die diepste grond van ons spiritualiteit en kerk-wees (Venter, 1998:461). Goeie bedienaars bedien hierdie genade van God deur ander te dien met die genadegawe wat hy ontvang het (Rom. 12:4-8; 1 Pet 4:10 & vgl. 3.2).

In Rom. 12:2 word die lewe in toewyding aan God nog verder uitgebrei met 'n positiewe en 'n negatiewe bevel. Die negatiewe bevel hou in dat die gelowiges nie aan die αἰῶνι (tyd of wêreld) gelyk moet word nie (vgl. 1 Pet. 1:14 & 1 Pet. 4:7). Paulus skryf immers aan die Galasiërs dat die teenwoordige wêreld boos is (Gal. 1:4). Venter (1998:464) dui aan dat hierdie bedeling in beginsel reeds van die sonde verlos is, maar tog nog 'n sekere greep op die gelowige het. Dit is die rede dat daar tog nog in ons spiritualiteit meermale aspekte van "verflouing, van swakheid, van verloor" (Venter, 1998:464) kan voorkom. "Terselfdertyd breek die nuwe αἰῶν ook deur in die innerlike vernuwing en oorwinning wat in hierdie bedeling plaasvind (Venter, 1998:464). Hierin word reeds iets van "passionate spirituality" gesien. Louw en Nida (1988) dui aan dat die woord wat meestal in die NIV (New International Version) met 'passionate' vertaal word, verwys na Christus se lyding op aarde. Christus is vir ons die voorbeeld van passievolle spiritualiteit aangesien Hy desnieteenstaande sy lyding volhard het. Ons spiritualiteit sal in hierdie bedeling aan lyding (verflouing, swakheid en verloor) onderwerp wees, maar ons moet nie aan hierdie wêreld gelyk word nie - en passievol volhard.

⁴ Die plek van die fokusverse in die boek word telkens in vetdruk aangetoon



Die positiewe bevel (Rom. 12:2b) beskryf vir ons op watter wyse ons kan keer dat ons nie aan hierdie wêreld gelyk word nie. Dit kan alleenlik plaasvind deurdat die gelowiges hulle deur God laat verander deur hulle denke te vernuwe. μεταμορφουῦσθε is 'n teenwoordige passiewe imperatief wat dus die gedagte inhou dat die mens homself vrywillig tot God se diens moet stel sodat die verandering (Louw & Nida, 1988) kan plaasvind. Hierdie verandering is volgens Mounce (1995:233) nie van buite af nie, maar vind diep in die hart van die mens plaas. Die verandering is ook bewysbaar deur aan toetse onderwerp te word. Venter (1998:463) stel dat ons in hierdie verandering (die aflê van die ou sondige lewe en die aantrek van die nuwe lewe) met een van die diepste dimensies van ons spiritualiteit te doen het. Die bevel om ons te laat verander, is gesetel in die vryspraak waarvan die voorafgaande van die brief aan die Romeine vertel. Paulus skryf dat die verandering die gelowige in staat sal stel om te onderskei wat vir God goed en aanneemlik is. “Released from the world, we can come to know what God has in mind for us... It is good because it brings about moral and spiritual growth. It is pleasing to God because it is an expression of His nature. It is perfect in that no one could possibly improve on what God desires to happen.” (Mounce, 1995:233.) Dit sluit veral die oproep in Kol. 3:2 in, nl.: “Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie.”

In Rom. 12:9-13 word die mees uitgebreide lys van etiese instruksies deur Paulus gegee. Elk van die dertien instruksies kan dien as die teks vir 'n vollengte preek (Mounce, 1995:236), daarom word daar slegs by een van die verse stil gestaan, naamlik Rom. 12:11. Die gelowige moet alles wat hy doen van harte doen, asof hy dit vir die Here doen (Kol. 3:23). Hy moet dit met sy hele hart en siel doen en nie lui wees ten opsigte van die goeie werke nie (Gal. 6:9). Die tweede oproep is ook positief. Hulle moet passievol, vurig of driftig van gees wees. Die 1953-vertaling, 1983-vertaling, die New International Version en Murray (1967:130) vertaal τῷ πνεύματι op so 'n wyse dat die vurigheid op die menslike gees dui. Mounce (1995:237) dui egter op die feit dat τῷ πνεύματι na die Heilige Gees verwys, aangesien die Heilige Gees meermale met vuur in verband gebring word (Luk. 3:16; Hand. 2:3; Heb. 12:29; 1Tess. 5:19). Hy verkies dus “on fire with the Spirit” as vertaling. Calvin (1960:272) ondersteun hierdie vertaling, maar bring die Heilige Gees in verband met die mens se gees deur aan te toon dat God die verpligting op ons lê om die vlam van die Heilige Gees nie te laat uitdoof deur ons eie luiheid en ander foute nie. “It is the fervour of the Spirit alone which



corrects our indolence.” Calvin (1960:272). Venter (1998:466) maak daarom die afleiding dat passievolle spiritualiteit niks anders is as *Geesdrif* nie. Hierdie *Geesdrif* lei tot die opregte dien van die Here. In 1 Tim. 4:7-8 moedig Paulus vir Timoteus aan om homself te oefen om in toewyding (εὐσεβεία) aan God te lewe. Hy word dus ook opgeroep tot inspanning van sy eie gees. “Toewyding aan God as oefening in spiritualiteit is ‘n dimensie wat vanuit die huidige (onvolmaakte) bedeling deurloop tot in die ewige lewe (die volmaakte bedeling).” (Venter 1999:194.)

3.3.3.4 Samevatting

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die lewe as vrygespreekte mens nie maklik is nie. As vrygespreekte mense moet ons nie gelyk word aan hierdie tydsgees nie, maar ons gedagtes op God en sy wil fokus sodat ons as heilige offers vir God aanneemlik is. Die feit dat Jesus se regering reeds aangebreek het maar nog nie ten volle sigbaar geword het nie, veroorsaak dat die gelowige ‘n stryd het om nie aan hierdie wêreld gelyk te word nie. Die aanslae van die tydsgees moet teëgestaan word deur die vuur wat die Heilige Gees in die harte van gelowiges gegee het, aan te blaas. Dit gebeur wanneer gelowiges hulleself voortdurend vernuwe deur, ondanks verflouing en terugslae, vurig op God te fokus. Om op God te fokus behels ‘n lewe wat voor die aangesig (*coram Deo*) van God geleef word en vir Hom aanneemlik is. Dit sluit dus die voortdurende of daaglikse bekering (of verandering) van gelowiges in, ondanks verflouing en terugslae. Om op hierdie wyse passievol voor God te leef, verg *Geesdrif* wat nie net van die Gees kom nie, maarook deur die gelowige vertroetel moet word.

3.3.3.5 Toepaslikheid van Romeine 12 op passievolle spiritualiteit

Spiritualiteit word deur Venter (1999:189) gedefinieer as die totale lewe van ‘n gelowige in al sy fasette, voor die oë van God (*coram Deo*). By monde van Paulus roep God die gelowiges op om die Here passievol te dien in ‘n bedeling waar God se heerskappy nie ten volle sigbaar is nie. Te midde van hierdie lyding het God gelowiges as ‘n liggaam aan mekaar gegee om mekaar op te bou (Ef. 4:16) en met die genadegawes te dien (Rom. 12:4-8; 1 Pet. 4:10,11). Hierdie opbouproses kan beswaarlik suksesvol wees, aangesien ons maar nietige mense is wat maklik deur die gees van die tyd gelei word. Alleen deur God se Gees bly gelowiges



passievol, driftig en vurig in diens van God en ons naaste. Passievolle spiritualiteit is dus ook begeesterde/geesdriftige spiritualiteit.

3.3.3.6 Evaluering van Schwarz se navorsing in die lig van Romeine 12

Schwarz (1996) fokus op die kwaliteit van die kerk, alhoewel die kerk in 'n tyd van lae kwaliteit leef. "A Church... can hardly expect to experience growth as long as its members do not learn to live their faith with contagious enthusiasm and to share it with others." (Schwarz, 1999:26.)

In die lig van Rom. 12:1 kan aanvaar word dat die kerk 'n stryd het om in hierdie bedeling kwalitatiewe groei te beleef, aangesien gelowiges konstant die gevaar loop om aan hierdie tydsgees gelyk te word. In Rom. 12:1, 2, en 11 doen Paulus 'n beroep op die gelowiges om 'n lewe in geloof voor God en in diens van sy naaste te leef (vgl. Rom. 12:4-8). 'n Lewe in geloof voor God hou in dat gelowiges sal fokus op God (Rom. 12:2 & Kol. 3:2). 'n Lewe in diens van mekaar en ons naaste is egter afhanklik van die gawes wat ons vir ons diens ontvang het (Rom. 12:4-8; 1 Pet. 4:10,11). Om dié rede is goeie bedienaars se passievolle spiritualiteit en gawe-georiënteerde bediening (vgl. 3.2) nou aan mekaar verbonde.

Rom. 12:1,2 en 11 ondersteun Schwarz se stelling in die opsig dat passievolle spiritualiteit eie is aan die vrygespreekte volk van God, maar die groei van die kerk word egter nie in Romeine 12 in verband met passievolle spiritualiteit gebring nie.

3.3.3.7 Basisteoretiese beginsels

Goeie bedienaars moet passievolle spiritualiteit beoefen deur in alle omstandighede op God te fokus en mekaar met hulle gawes te bedien.



3.4 FUNKSIONELE STRUKTURE (FUNCTIONAL STRUCTURES)

3.4.1 *Inleiding*

In verskeie vakkundiges se skrywes kan die weerstand teen statiese kerkstrukture gesien word. Buys (1989:95) kom tot die gevolgtrekking dat swak-georganiseerde gemeentestrukture kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe groei strem. Gibbs (1981:275) beskryf die gemeentestruktuur as soortgelyk aan die beenstruktuur van die mens. Om daardie rede moet die struktuur in dieselfde pas as die liggaam ontwikkel en groei om sodoende die spiere en die ledemate te dra of te ondersteun.

Hattingh (1988:36) gee die rede aan vir die verwording van die kerk na “leë institusionele strukture”, as die gevolg van die feit dat die Gees van die Woord geskei word. In 2 Tim. 3:5 skryf Paulus aan Timoteus oor die vormgodsdienste aan die einde van die tyd: “Hulle sal nog die uiterlike skyn van die godsdienste hê, maar die krag van die godsdienste sal hulle nie ken nie.” Hierdie krag moet ‘n mens in ‘n lewende verhouding met God bring en dit moet sy lewende grondig bepaal en beïnvloed (Hattingh, 1988:29). Schwarz (1996:28) bring die skeppingsaksie van die Woord in verband met die vorm en struktuurgewende gevolge van die uitstorting van die Heilige Gees in die kerk. Soos God aan die leë en woeste aarde struktuur en vorm gegee het, so gee Hy struktuur en vorm in die kerk deur sy Heilige Gees.

As strukture deel is van die funksie om die mens in ‘n lewende verhouding met God te bring en om sy lewende grondig te bepaal en beïnvloed, dan moet die ‘skeppingskrag’ in die strukture teenwoordig wees. Dit kan reeds aanvaar word dat God sy Heilige Gees as kragtige gawe aan die kerk gegee het (Luk. 24:49; Hand. 1:8; Hand. 2:1-4; Hand. 9:31). Die soeke in die gedeelte is egter na die verband tussen die strukture en hulle funksionaliteit - ten opsigte van die kerk se roeping waartoe die Heilige Gees die kerk toegerus het.

3.4.2 *Motivering van Handeling 6*

Handeling 6 bied vir vandag se gelowiges ‘n blik op die ontstaan van die strukture wat vandag instand gehou moet word. Dit is egter van belang om die rol van bemagtigende



leierskap ook in die gedeelte te beskou (vgl. 3.1). Die gedeelte ondersteun op die oog af Schwarz se stelling dat die struktuur op die funksie moet volg. In Handeling 6 word die werking van die Heilige Gees in die apostel, die ontstaan van 'n funksionele struktuur en die groei van die gemeente, in verband met mekaar gebring. "Anyone who accepts this perspective will continually evaluate to what extent church structures improve the self-organization of the church." (Schwarz, 1996:28.)

3.4.3 Eksegese van Handeling 6

3.4.3.1 Agtergrond

Die boek Handeling is die tweede boek uit die pen van Lukas. Dit kan beskryf word as 'n histories-kerugmatiese narratief. Die Evangelie volgens Lukas is die eerste boek, en van die twee boeke uit die pen van Lukas is Handeling die tweede. In hierdie boek word die wêreld van die vroeë kerk beskryf. Hier verskuif die fokus wat in Lukas op die aardse optrede van Jesus geval het na die voortgaande werk van die opgestane Here in en deur sy kerk. Die boek moes sy ontstaan in die jare 70-90 n.C. gehad het. Die boek Handeling het ten doel om verslag te lewer van die geboorte en groei van die Christelike kerk ten spyte van teenstand en verwerping. Venter (1986:69) stel die doel van Handeling as om die voortgesette dade en woorde van Jesus in die woorde en dade van die kerk uiteen te sit. Lukas skryf die verslag aan Teofilus in of ná 70 n.C. Hy was 'n gesiene Romeinse amptenaar wat kort voor die skrywe van die Evangelie volgens Lukas tot bekering gekom het. Hy was 'n lid van die Christelike gemeenskap iewers in die Grieks-Romeinse wêreld en Lukas rig ook die brief aan 'n Christelike gemeenskap in die Grieks-Romeinse wêreld. Lukas beskryf sy eie gemeente se situasie in die boek Handeling. (Joubert, 2000:1373.) Dit was in daardie tyd nie maklik om 'n Christen te wees nie. Die Romeinse owerhede het toenemende vyandigheid openbaar, en so ook die Jode teenoor die Christene. Die tempel het in 70 n.C. geval en die Jode was met hulle eie probleme besig. Die Christelike gemeenskap was ook nie van interne uitdagings ontnem nie. Die gemeente was gemeng en lidmate was afkomstig van Jode sowel as nie-Jode. Die lidmate het kort voor lank met mekaar begin verskil oor hul eie godsdienstige gebruike. 'n Groot deel van die boek word aan die sendingreise van Paulus gewy.



Die eerste lesers van die brief het voor verskeie geloofskeuses te staan gekom. Die eerste hiervan sou sekerlik te doen hê met die feit dat Jesus die Messias is. In Paulus se toespraak in die sinagoge kan gesien word hoe hy die openbarings-historiese lyn optel wat God met Israel geloop het - om aan te toon dat Jesus die Verlosser is. Die groot fokusverskuiwing wat Paulus maak (in teenstelling met Petrus) is om die boodskap nie net tot die Jode te beperk nie, maar ook aan heidene te verkondig. Daarom kan ons byvoeg dat die tweede geloofskeuse te doen het met die feit dat die koninkryk ook vir mense uit ander volke bestem is.



3.4.3.2 Struktuur van Handeling en die plek van Handeling 6:1-7 in die brief
(Du Plessis, 1993:1646).

A. PETRUS SE BEDIENING (1:1–12:25).

1. Totstandkoming van die kerk (1:1–7:60).
 - 1.1 Hemelvaart (1:1–11).
 - 1.2 Mattias vervang Judas (1:12–26).
 - 1.3 Uitstorting van die Heilige Gees (2:1–47).
 - 1.4 Petrus as geneser en prediker (3:1–26).
 - 1.5 Petrus en Johannes voor die Sanhedrin (4:1–37).
 - 1.6 Probleme in die kerk (5:1–42).
 - 1.7 **Die eerste diakens aangestel (6:1–7).⁵**
 - 1.7.1 **Behoeftte: Die Griekse weduwees word afgeskeep.**
 - 1.7.2 **Oorsaak van behoefte: Te veel werk vir die Apostels (Woordbedienaars).**
 - 1.7.3 **Beantwoording van behoefte: Soek 12 mans.**
 - 1.7.4 **Voorspelde gevolg: Woordverkondiging word nie afgeskeep.**
 - 1.7.5 **Voorstel aanvaar en uitgevoer.**
 - 1.7.6 **Die apostels rus hulle toe vir die werk.**
 - 1.7.7 **Gevolg: Die Woord versprei verder.**
 - 1.8 Stefanus, die eerste martelaar (6:8–7:60).
2. Uitbreiding van die kerk (8:1–12:25).
 - 2.1 Vervolging en verspreiding van die Christene (8:1–40).
 - 2.2 Saulus se bekering (9:1–31).
 - 2.3 Petrus begin ook sendingwerk doen (9:32–11:18).
 - 2.4 Die gemeente in Antiogië (11:19–30).
 - 2.5 Jakobus se dood en Petrus se gevangeneeming (12:1–25).

B. PAULUS SE BEDIENING (13:1–28:31).

⁵ Die plek van die fokusverse in die boek word telkens in vetdruk aangetoon



Handelinge 6:1-7 speel af tydens die bediening van Petrus en is deel van die gedeelte wat die kerk se ontstaan en groeipyne beskryf.

3.4.3.3 Detaileksegeese van Handelinge 6:1-7

Dit gaan in Hand. 6:1-6 primêr om Jesus se regering, wat op alle gelowiges in die kerk betrekking het en deur niks belemmer moet word nie (Venter, 1986:70). Dit was die dryfveer agter die besluit van die apostels om sewe manne te laat aanwys. Neil (1973:101) stem hiermee saam en voeg by dat die groter getalle van die kerk 'n beter ontwikkelde organisasie vereis het. Dit is insiggewend dat die twaalf apostels, deur deelnemende besluitneming, die "sewe" laat aanwys het. Hierin is ook 'n voorbeeld van hoe bemagtigende leierskap (vgl. 3.1) in die praktyk toegepas word. Naas die apostels het ook ander gelowiges leidende posisies in die kerk vervul.

In hierdie gedeelte word "die sewe" tot diens verkies, nadat die Hellenistiese deel van die gemeente gekla (γογγυσμοζ) het dat hulle weduwees afgeskeep word. Hierdie murmurering van die Grieke kon die daaglikse eendragtigheid (Hand. 2:46; 4:24; 5:12) van die gemeente bedreig, daarom reageer die apostels dadelik deur 'n aanwysingsproses van stapel te stuur (Venter, 1986:55 & vgl. 3.1). Die eendragtigheid van die gemeente was van bepalende belang, aangesien die kerk moeilik die eksterne weerstand sou kon oorleef as hulle intern deur klagtes verdeel was. Die murmurering van die Grieke was 'n skending van Christus se heerskappy in die kerk. (Vgl. ook Num. 11:11-17; Eks. 15:24.) Die regte verhouding van Christus tot die gemeente, kom in gedrang wanneer die gemeente intern verdeel is. Die Grieke het immers teen die Hebreërs gemurmureer, aangesien προσ met die akkusatief gebruik word. Dit gaan dus in Hand. 6:1-7 oor die beginsel, naamlik dat sodra gesien word dat iets in die gemeente die Koningskap van Christus aantast, daar persone aangewys behoort te word om daarna om te sien (Venter, 1986:70).

Die woord διακονια word in die gedeelte telkemale gebruik (Hand. 6:1,2,4). Venter (1986:54) dui aan dat die werk van die sewe veel breër gesien moet word as wat in die



hedendaagse begrip rondom die woord 'diaken' verstaan word. In 6:1 word na "diens in die algemeen" verwys.

Die sewe manne moes die διακονια verrig deur πληπεισ πνευματος και σοφιασ te wees. Hulle moes die werk in afhanklikheid van die Heilige Gees vervul. Die Heilige Gees het in die uitoefening van hierdie diens 'n bepalende rol vervul in die interne opbou van die gemeente. Dit is veral duidelik as daarmee rekening gehou word dat die mense spontaan aangestel word om 'n leemte in die gemeente te vul.

Die sewe het gesamentlik as groep in die gemeente gefunksioneer (Venter, 1986:88). Die manne moes nie regerende toesig oor die bediening van die sakramente uitoefen nie en hulle was ook nie die leierskorps van 'n sekere groep van die gemeente nie, maar is oor (επι : met die genitief) 'n bepaalde taak aangestel, en hierdie saak het die hele gemeente geraak. Die uitvoering van die taak het verhoed dat die gemeente, as gevolg van onderlinge twis, nie meer hulle roeping sou kon uitleef nie.

Die apostels se oplossing om die interne twis in die gemeente af te weer beklemtoon die belangrikheid van die Heilige Gees vir die voortbestaan van die eenheid in die gemeente. Uit Hand. 6:7 blyk dit dat die bedreiging afgeweer is en dat die gemeente kragdadig uitgebrei het.

3.4.3.4 Samevatting

Die gedeelte beskryf die totstandkoming van die eerste gemeente en die gepaardgaande groeipyne. Die apostels het ervaar hoe Christus se regering nie sigbaar word wanneer die gemengde gemeente onderling verdeel is oor die versorging van die Hellenistiese gedeelte van die gemeente nie. Die eendragtigheid van die gemeente is hieroor in gedrang en daarom laat die apostels mense aanwys om die saak te behartig. Die voorwaarde is egter dat hierdie manne vol van die Heilige Gees, en wys, moet wees. Die Heilige Gees het reeds vooraf manne voorberei vir die werk wat die eensgesindheid van die gemeente sou bewaar. Die sewe het as 'n struktuur in die gemeente tot stand gekom, sodat die gemeente nie deur onderlinge twis Christus se regering in diskrediet sou bring nie. Hierdie struktuur het dus 'n spesifieke funksie gehad en kan as 'n funksionele struktuur beskryf word. Die struktuur kom



tot stand deur die bemagtigende leierskap (vgl. Ef. 4:11 & 3.1) wat die twaalf apostels deur deelnemende besluitneming beoefen.

3.4.3.5 Toepaslikheid van Handeling 6 op Funksionele Strukture

Die ontstaan van die 'sewe' se struktuur is te wyte aan die feit dat daar 'n tekortkoming aan die vervulling van 'n funksie was in die pasgebore kerk. Die struktuur word in die lewe geroep omdat die tekortkoming die wese van die gemeente se roeping in gedrang sou bring. Die Heilige Gees het reeds manne toegerus vir hierdie taak nog voor die tekortkoming die eendragtigheid van die gemeente beïnvloed het.

3.4.3.6 Evaluering van Schwarz se standpunte in die lig van Handeling 6

Schwarz (1999:29) bring God se vormgewing en strukturering van die ongevormde aarde in verband met die werking van die Gees in die kerk. "A comparative creative act occurs wherever God pours out His Spirit within the Church today – and thus giving it structure and form." (Schwarz, 1999:29.)

Die vroeë kerk het ervaar hoe God met sy Gees, deur die apostels, struktuur en vorm aan hulle gemeenskaplike lewe van geloof gegee het (vgl. Ef. 4:11 & 3.1). Die enigste vereiste vir die hulp was dat hulle instrumente in die hand van die Heilige Gees moes wees. Op dié wyse het God aan die vroeë kerk vorm en struktuur gegee, deur sy toerustende Gees. Wanneer die struktuur dus tot stand kom is ook die struktuur in die hand van die Heilige Gees en deur Hom toegerus. Hierin kan ook 'n voorbeeld van die Heilige Gees se bemagtigende leierskap gesien word. Om dié rede is funksionele strukture baie nou verbonde aan bemagtigende leierskap (vgl. Ef. 4:11 & 3.1). Die funksie van die struktuur is egter in direkte verband met die roeping van die kerk, naamlik om Christus se regering sigbaar te maak.

3.4.3.7 Basisteoretiese beginsel

Bemagtigende leiers moet sorg dra dat gemeentestrukture funksioneel is - sodat die kerk se roeping verwesenlik kan word.



3.5 INSPIRERENDE EREDIENSTE (INSPIRING WORSHIP SERVICE)

3.5.1 Inleiding

Schwarz (1996:31) dui aan dat hulle navorsing getoon het dat tot 80% van groeiende kerke wat aan hulle studie deel geneem het, die erediens as 'n inspirerende ervaring beskryf het. Die woord 'inspirerend' word deur Schwarz letterlik verstaan as geïnspireer deur die Heilige Gees, soveel so dat die Heilige Gees se teenwoordigheid aanvoelbaar is in die atmosfeer van die erediens (Schwarz, 1996:31). Onder die begrip 'erediens' word die ontmoeting van God met sy kinders en die kinders met mekaar bedoel. "De Here komt tot ons en wij komen tot Hem. Wanneer Hij spreekt luisteren wij en Hij luisteren wanneer wij spreken." (Trimp, 1983:59). In hierdie opsig beklemtoon Buys (1989:97) dat die kwantitatiewe en kwalitatiewe groei van die kerk slegs 'n resultaat is van die onweerstaanbare krag van God se Woord.

3.5.2 Motivering vir 1 Korintiërs 14:23-25 as fokusverse

Schwarz (1996:30) se navorsing laat blyk dat eredienste wat deur die Heilige Gees geïnspireer is 'n universele beginsel vir kerkgroei is. 2 Tim. 3:16 maak dit duidelik dat die hele Woord geïnspireer of ingeblaas (θεόπνευστος) is deur God. God het deur sy Gees die skrywers van hierdie Heilige Skrifte op so 'n wyse in sy diens geneem dat hulle die woorde van God geskryf het (De Klerk, 1999:167). 'Inspirare', wat vanuit Latyn letterlik vertaal kan word met 'in-blaas', vind dus in die erediens plaas deur die verkondiging van die geïnspireerde Woord van God. Uit 2 Pet. 1:20-21 is dit duidelik dat die aksie van Woordverkondiging of profesie deur die inspirerende werking van die Heilige Gees deur mense plaasvind. In 1 Tess. 2:13 het die gelowiges in Tessalonika Paulus se woorde as God se Woord beskou - hulle het die Woord aangeneem met blydschap te midde van moeilike omstandighede. God se Woord het dus 'n opbouende of inspirerende uitwerking op hulle gehad. Paulus bring profesie en die erediens in verband in 1 Kor. 14. 1 Kor. 14:3 dui aan dat profesie in die erediens "geestelik opbou en bemoedig en vertroos" - en dus die erediens 'n waarlik inspirerende ontmoeting met God maak. God kom immers by monde van 'n mens aan die woord deurdat die Heilige Gees die taal- en verstaanprobleem oorbrug (De Klerk, 1999:166). 1 Kor. 14:23-25 dui die gevolg



aan van die verkondiging van die Woord na die mening van die Gees. Die beginsel van inspirerende eredienste kan in die lig van 1 Kor. 14:23 beskou word, aangesien die geïnspireerde verkondiging van God se Woord, sy teenwoordigheid en die groei van die kerk, in verband met mekaar gebring word.

3.5.3 Eksegese van 1 Korintiërs 14:23-25

3.5.3.1 Agtergrond

Paulus skryf die brief aan die gemeente in Korinte vanuit Efese in 54 of 55 n.C. Korinte was 'n kosmopolitaanse hawestad wat 'n verskeidenheid van godsdienste gehuisves het. Paulus het self die gemeente daar gevestig tydens sy tweede sendingreis. Korinte was bekend vir die morele verval wat in die ryk stad was (wat op van die hoof handelsroetes was). Nadat Paulus die gemeente verlaat het kom hy te hore van onenigheid in die gemeente. Onder andere ontvang hy 'n brief (1 Korintiërs 7) waarin die gemeente hom vrae vra oor die eet van vleis wat aan afgode geoffer is, die inrigting van die liefdesmaaltye en die saak van die opstanding. Na aanleiding hiervan skryf hy 1 Korintiërs. (Wolmarans, 1999:1452-1495.)



3.5.3.2 Struktuur van 1 Korintiërs en die plek van 1 Korintiërs 14:23-25 in die brief
(Du Rand, 1993:1756)

- A. INLEIDING (1:1-9).
- B. PAULUS PRAAT OOR DIE KERK SE PROBLEME (1:10-6:20).
- C. PAULUS BEANTWOORD VRAE UIT DIE GEMEENTE (7:1-15:58).
 - 1. Leiding ten opsigte van die Christelike huwelik (7:1-40).
 - 2. Leiding ten opsigte van Christelike vryheid: offervleis en offermaaltye (8:1-11:1).
 - 3. Leiding ten opsigte van die erediens (11:2-14:40).
 - 3.1 Verhouding tussen God, Christus, man en vrou in die erediens (11:1-16).
 - 3.2 Reëlins t.o.v. Nagmaal (11:17-34).
 - 3.3 Die verskeidenheid van geestelike gawes (12:1-31).
 - 3.4 Liefde as grootste gawe aan die kerk (13:13).
 - 3.5 **Die gawe om te profeteer (14:1-25).⁶**
 - 3.5.1 **Die plek en doel van profesie teenoor vreemde tale in die erediens (14:1-22).**
 - 3.5.2 **Die gevolge van profesie teenoor vreemde tale op buitelanders in die erediens (14:23-25).**
 - 3.5.2.1 **Vreemde tale kan buitelanders laat dink die gelowiges is kranksinnig (14:23).**
 - 3.5.2.2 **Profesie lei buitelanders tot selfondersoek (14:24).**
 - 3.5.2.2.1 **Selfondersoek maak sy hart oop (14:25a).**
 - 3.5.2.2.2 **Hy besef God is teenwoordig en hy aanbid Hom (14:26).**
 - 3.6 Die goeie orde in die gemeente (14:26-39).
 - 4. Leiding ten opsigte van die opstanding (15:1-58).
- D. SLOT (16:1-24).

⁶ Die plek van die fokusverse in die boek word telkens in vetdruk aangetoon



Uit die struktuur van die brief is dit duidelik dat Paulus in herderlike dialoog met die gemeente is. Wanneer Paulus leiding gee oor die erediens, is die beoefening van die gawes wat die Heilige Gees inspireer sentraal. Dit is duidelik dat die reëling van die beoefening van die gawes tot die opbou van die gemeente in Korinte moes wees. *Opbou* blyk ook om met die *uitbou* verband te hou, aangesien Paulus die regte beoefening van die gawes meet aan die effek daarvan op 'n buitestander.

3.5.3.3 Detaileksegeese van 1 Korintiërs 14:23-25.

Lenski (1963:602) stel dat die gemeente die gawe van γλωσσαι, of ongewone tale of klanke, bo al die ander gawes begeer het. Paulus gebruik in die gedeelte hulle eie begeerte en skets daarmee 'n moontlike scenario of voorstelling. Let op dat Paulus die totale (πάντες) gemeente betrek by die voorstelling. Hy vra : “Wat sal die gevolg wees as daar ongeleerdes of ongelowiges in die gemeente instap? Sal hulle reaksies nie dieselfde wees as in Hand. 2:13 toe die mense gedink het die gelowiges is dronk nie? Sal hulle nie dink julle is *kranksinnig* (1953-vertaling) nie?”. Hierin kan ook gesien word dat die teenwoordigheid van ongelowiges in die erediens nie onmoontlik is nie.

Paulus vergelyk in hierdie voorstelling die gevolg van die beoefening van die gawe van γλωσσαί deur die gemeente teenoor die beoefening van die gawe van profesie. Paulus beskryf drie gevolge prosesmatig in verhouding met mekaar. Die ongelowige wat die erediens bywoon word oortuig (ἐλέγχεται), hy word beoordeel (ἀνακρίνεται) en sy hart se geheime kom aan die lig (φανερὰ γίνεται). “The light of prophecy wick pours in upon him and uses first the law and then the gospel thus reveals to the sinner the entire inwardness of his ungodly and unrighteous life.” (Lenski, 1963:604.) Hy kom dus tot bekering by die aanhoor van God se raadsplan (κερυγμα). As die Woord verkondig word sny dit immers deur gewrig en murg en beoordeel die gevoelens van die hart (Heb. 4:12). In 1 Kor. 14:25 word die uitwendige aksie van die bekeerde beskryf as προσκυνήσει. Hierdie woord omvat twee begrippe, nl.: aanbidding en vrees. “It (profesie, HKDK) discloses to a person his sins infallibly , as he is inspired by the Spirit of God.” (Grosheide, 1954:332.) God se Woord



inspireer dus nie alleen nie, maar breek ook af. Die Woord breek die pad oop en oorwin die teenstand (De Klerk, 1999:167). Dit klop met Buys (1989:101) se stelling dat kwalitatiewe groei ten diepste bestaan in groei in die vrees van die Here. Kwalitatiewe groei sluit lewensheiliging langs die weg van skuldbelydenis en berou in. Die hoorder het die Woord nie net geglo nie maar ook innerlik daarop gereageer deurdat hy die inhoud van die Woord aangeneem het soos die gelowiges in 1 Tess. 2:13 (De Klerk, 1999:167).

Hy erken "Waarlik, God is hier by julle!" (vgl. Kon. 8:41–42; Jes. 45:14; Dan. 2:47; Hand. 17:27.) Gispén (1997) dui aan dat hierdie uitspraak openlik of openbaar is (vgl. Matt. 3:6 en Mark. 1:5) en tot eer van God is. Die gawe van profesie is nie tot eer van die een wat dit beoefen nie maar tot eer van God want dit is deur die wonderlike werking van die Gees dat hierdie sondaar tot bekering gekom het (Robertson & Plummer, 1955). Waar die geestelike gawes opereer, word buitelanders bewus gemaak dat God teenwoordig is en dat hulle met Hom te doen het (Moller, 1999).

3.5.3.4 Samevatting

1 Kor. 14 dui daarop dat die beoefening van die gawes nie net die gemeente opbou nie maar ook uitbou. Die gawe van profesie en Woordverkondiging is die spreek van God se Woord wat deur die Heilige Gees verstaanbaar gemaak word. Wanneer 'n onbekeerde die erediens bywoon, God se Woord hoor en God ontmoet word die volle κερυγμα van God met die mens aan hom geopenbaar sodat hy in sondebeseft God aanbid en vrees. Sy sonde word afgebreek maar sy hart word opgebou in die sin dat hy nie meer hoef rond te tas opsoek na God nie maar dat hy kan verklaar "Waarlik, God is hier by julle." (1 Kor. 14:25.)

3.5.3.5 Toepaslikheid van 1 Korintiërs 14:23-25 op inspirerende erediens

In 1 Kor. 11:2 – 14:40 gee Paulus instruksies ten opsigte van die viering van die erediens. Sy instruksies is duidelik dat die gawes die gemeente moet opbou en uitbou. Dit blyk dat die verkondiging van God se Woord deur sy Gees die gelowiges en ongelowiges bewus maak van God se teenwoordigheid. Wanneer gelowiges en ongelowiges in die ontmoeting God se teenwoordigheid so beleef dat hulle Hom hoor praat is dit 'n geïnspireerde erediens. 'n



Geïnspireerde erediens bou egter nie alleenlik die gelowige op nie, maar breek ook die sonde wat in die gelowige se lewe is af. Die nietige mens word gedwing om in sondebeseft voor God te buig in vrees en in aanbidding.

3.5.3.6 Evaluering van Schwarz se standpunt rakende inspirerende eredienste

“People attending truly “inspired” services typically indicate that going to church is fun.” Schwarz (1999:31.) In hierdie stelling word daar ‘n kraak in die mondering van NCD geopenbaar. In die ontmoeting met God word die mens immers gekonfronteer met sy eie nietigheid en sonde. Die gelowige het egter die vreugde van die verlossing in Jesus Christus, maar telkens bou ons weer uit ongehoorsaamheid die ruïnes van ons sondige begeertes op, selfs ten koste van die Heilige Gees se heiligmaking. In die gemeente in Tessalonika se reaksie op die Woord van God hoor ons dat hulle met blydschap gevul was en kan ons dus aflei dat hulle opgebou of geïnspireer was. In die veronderstelde reaksie van ongelowiges op die aanhoor van die beoefening van die gawe van profesie beskryf Paulus in 1 Kor. 14 dat die ongelowige afgebreek word. In die ontmoeting met God word hy dus geïnspireer om alles wat tussen hom en God staan te laat vaar. “When worship is inspiring , it draws people to the services all by itself.” (Schwarz. 1999:31.) God vergader deur sy Woord, wat in geïnspireerde eredienste aan die woord kom, sy kerk. Om die rede moet eerder van geïnspireerde eredienste gepraat word as inspirerende eredienste. Deur sy Woord breek hy die sonde in ons af en bou ons in geloof op.

3.5.3.7 Basisteoretiese beginsel

Eredienste moet geïnspireerd wees deur God aan die woord te laat kom, sodat gelowiges geïnspireer word en sodat dit wat skeiding maak tussen ongelowiges en God afgebreek word.

3.6 HOLISTIESE KLEINGROEPE (HOLISTIC SMALL GROUPS)

3.6.1 Inleiding

Verskeie navorsers het in resente studies getoon dat gelowiges binne kleingroepe in spiritualiteit kan groei deur ware en diepgaande *koinonia* met mekaar te beoefen, mekaar te



versorg en op te bou en ongelowiges te evangeliseer (Oostenbrink, 1996:3). Floor (1978:56) is ook van mening dat kleingroepe nie net nou vir die kerk belangrik is nie, maar ook in die toekoms belangriker gaan word. Schwarz (1996:32) koppel egter die begrip van holisme aan die funksionering van kleingroepe. Hierbinne verstaan hy dat die kleingroepe die geleentheid skep om nie net die Woord te hoor nie, maar dit ook prakties toepas in die lewens van die lede sowel as die lewe van die groep. Met die begrip holisme bedoel hy geensins dat kleingroepe geheelhede binne die groot geheel van die gemeente is nie. Floor (1978:54) het reeds in 1978 tereg standpunt ingeneem teen die gevaar dat 'n "ecclesiola in ecclesia" ('n kerkie in die kerk) kan ontstaan. Dit is die rede waarom die kleingroep geïntegreerd en onder toesig van die kerkraad moet funksioneer.

3.6.2 Motivering vir Handeling 2:43-47 as fokusverse

Schwarz (1996:32) dui aan dat dit 'n universele kerkgroeibeginsel is dat alle groeiende kerke vermenigvuldiging van kleingroepe het. Dit wil sê kleingroepe verdeel konstant om nuwe groepe te vorm. Daar is verskeie tekste wat die bestaan van huisgemeentes of kleingroepe in die vroeë kerk bevestig (Rom. 16:5; 1 Kor. 16:19; Filem. 2; Kol. 4:15; Hand. 12:12; Hand. 20:20) en die teologiese fundering van kleingroepbediening in die gemeente is reeds deur Oostenbrink (1994) en ander gedoen. Die vermenigvuldiging van die kleingroep is egter nog nie gefundeer nie. Hand. 2:42-47 is egter die enigste teks wat die bestaan van kleingroepe in verband met die groei van die kerk bring. Arnold (1997) beskou hierdie teks ook as een van die bepalende aanwysings van die groei wat plaasvind in 'n gemeenskap van gehoorsames. In hierdie eerste gemeente, 'n geloofsgemeenskap van holistiese gehoorsaamheid word Christus se gebod om mekaar lief te hê (Joh. 13:34,35, Matt. 22:37) praktyk. Om die rede is die faset ook nouliks verbonde aan liefdevolle verhoudings (vgl. 3.8).

3.6.3 Eksegese van Handeling 2:43-47.

3.6.3.1 Agtergrond

Reeds beskryf in punt 3.4.3.1.



3.6.3.2 Struktuur van Handeling 2 in die brief
(Du Plessis, 1993:1646).

A. PETRUS SE BEDIENING (1:1–12:25).

1. Totstandkoming van die kerk (1:1–7:60).
 - 1.1 Hemelvaart (1:1–11).
 - 1.2 Mattias vervang Judas (1:12–26).
 - 1.3 Uitstorting van die Heilige Gees (2:1–47).⁷**
 - 1.4 Petrus as geneser en prediker (3:1–26).
 - 1.5 Petrus en Johannes voor die Sanhedrin (4:1–37).
 - 1.6 Probleme in die kerk (5:1–42).
 - 1.7 Die eerste diakens aangestel (6:1–7).
 - 1.8 Stefanus, die eerste martelaar (6:8–7:60).
2. Uitbreiding van die kerk (8:1–12:25).
 - 2.1 Vervolging en verspreiding van die Christene (8:1–40).
 - 2.2 Saulus se bekering (9:1–31).
 - 2.3 Petrus begin ook sendingwerk doen (9:32–11:18).
 - 2.4 Die gemeente in Antiogië (11:19–30).
 - 2.5 Jakobus se dood en Petrus se gevangening (12:1–25).


B. PAULUS SE BEDIENING (13:1–28:31)

⁷ Die plek van die fokusverse in die boek word telkens in vetdruk aangetoon



3.6.3.2.1 Gedagtestruktuur van Handeling 2:43-47.

Die buitelanders en die gelowiges is beïndruk na aanleiding van wat deur die apostels gebeur.



(Oostenbrink, 1996:75; kursiewe byvoegings deur H.K.d.K)

3.6.3.3 Detail-eksegese

Uit Hand. 2:41 is dit duidelik dat van die toehoorders die woorde van die apostels aangeneem het en by die gemeente gevoeg is nadat hulle gedoop is. Hulle het dus deel geword (lidmate) van die gemeenskap van die heiliges wat deur geloof as lewende lede in die liefdesgemeenskap van 'n lewende gemeente gevoeg is (Oostenbrink en Lotter, 1999 & vgl. 3.8).



Hierdie gemeente leef nie net in verhouding tot mekaar nie, maar in die eerste plek in die kragveld van God se teenwoordigheid (*coram Deo*). Barker (1997) dui aan dat die gemeenskap anders was: “It is devotion to one another based on the experience we share of God at work saving us from the “corrupt generation” around us and knitting us into effective teams of change agents in the world.” Die gemeente het op een dag met 3000 mense gegroei en daaglik aanhou groei. Die gemeenskaplike maaltyd en Nagmaal, asook die gemeenskaplike besit sou moeilik in ‘n groot groep kon werk. Daarom was die logiese ontwikkeling naas die grootgroepsbyeenkoms by die tempel (ἐν τῷ ἱερῷ) ook die kleingroepbyeenkomste by die huise (κατ’ οἴκον), waar gelowiges op ‘n meer informele vlak interaksioneel met mekaar kon verkeer en koinonia kon beoefen (Oostenbrink, 1996:76). Die huisgemeente of kleingroep was dus ‘n belangrike ruimte vir die koinonia.

Die Christene was gedwing om in die huise bymekaar te kom aangesien hulle al so vroeg as die eerste eeu na Christus se opstanding uit die sinagoges verban is. Die gevolge van die Christene se byeenkomste in huise was dat hulle daaglik gegroei het en meer geword het. Die gemeente in Jerusalem was so ywerig in hulle dienswerk dat hulle as’t ware aansteeklik was vir die hele gemeenskap. (Oostenbrink, 1996:76).

Die Nuwe-Testamentiese kerk het die kleingroep of huisgemeente vir verskillende doeleindes gebruik, byvoorbeeld vir gebed (Hand. 1:13-14; 12:12) vir onderlinge samekomste (Hand. 20:7,8) vir die bediening van Nagmaal (Hand. 2:46) en vir evangeliseringsbyeenkomste (Hand. 10:27; 16:32) en onderrig (Hand. 5:42, 20:20).

In Handeling 2:43 is daar ‘n oorsaak en gevolg. Die wonders en tekens “...het almal met diep ontsag vervul.” (1983-vertaling). Die ontsag, of vrees vir bonatuurlike gebeure (Barret, 1990:166) is die rede waarom die gelowiges God met ‘n lewe van gehoorsaamheid wil loof en prys (Barker, 1997). Newman en Nida (1972:64) en Barret (1990:166) is van mening dat ‘almal’ (letterlik ‘elke siel’) beide verstaan kan word as die gelowiges en die ongelowiges (vgl. 3.8). Newman en Nida (1972:64) dui ook aan dat eensgesindheid van die wat in Jesus geglo het (Hand. 2:44) beter vertaal kan word met ‘continued together in close fellowship’. Hulle het dus in naby gemeenskap met mekaar geleef. Soveel so dat die gelowiges ook hulle besittings gedeel en gesamentlik gebruik het (Icenogle, 1994). Lukas het reeds in sy



evangelie (Luk. 6:35) Jesus se opdrag om ons eiendom aan te wend sonder om iets daarvan terug te verwag, opgeteken. In die evangelie volgens Johannes (Joh. 13:34 &35) gee Jesus die gebod om mekaar lief te hê. Hier word die gemeente se samelewing dus vir Teofilus as 'n gemeenskap van gehoorsaamheid geskets.

In Hand. 2:45 is dit duidelik dat die gelowiges nie alles wat hulle het oorgedra het aan 'n gemeenskaplike fonds nie. Hulle het verkoop en *uitgedeel* onder mekaar soos elkeen se behoefte was. Sommiges het duidelik nog hulle huise behou aangesien in Hand. 2:46 sprake is daarvan dat hulle van huis tot huis gegaan het. Hulle het almal besef dat hulle deel is van God se gesin en dus broers en susters van mekaar is. (Du Plessis, 1993:1654).

In Hand. 2:46 is dit duidelik dat die gelowiges nie die Joodse geloof verwerp het nie maar Christus as die vervulling van die Ou Testament beskou het. Hulle het immers steeds in die tempel bymekaar gekom om daar te aanbid (Lenski, 1964:120). Hieruit blyk dit dat die gelowiges steeds as 'n groot eenheid bymekaar gekom het. Aangesien die groep gelowiges al reeds meer as 3000 was ten tye van die teks is dit moeilik om te glo dat hulle almal in die tempel kon ingaan. Die geloofswyding het immers so veel geword tussen die Jode en die Christene dat dit moeilik was om saam te aanbid. Die kerk was in die Nuwe-Testamentiese tyd 'n klein groep in 'n groot en vyandige wêreld. Daar was nou wel nie staatsvervolging nie, maar hulle is sporadies te na gekom (vgl. 1 Tess. 2:14-16; 1 Pet. 1:6, 3:17, 4:13-14; Heb. 10:32-34; Op. 2:10; Hand. 17:5-9). Hulle geloof het hulle dus gedwing om te onttrek van aanvaarbare daaglikse aktiwiteite wat veral met die aanbidding van afgode te doen gehad het. Hulle was dus gedwing, teen die einde van die eerste eeu, om in hulle huise saam te kom. Op die wyse het hulle 'n intieme groep mense geword wat van die ander groepe onderskei is (Best, 1985).

Die gebruik om saam te eet het simboliese waarde gehad. In die antieke tyd het dit beteken dat hulle die lewe deel. "Such a gesture of intimacy created a bond of fellowship." (Duke, 1997.)

Die gelowiges het Jesus se voorbeeld gevolg wanneer hulle by die gemeenskaplike maaltyd Christus se boodskap verkondig het, aangesien Hy dit self so gedoen het. Dit is dus denkbaar



dat die gelowiges Jesus se lewe, sy prediking, sterwe en opstanding in hierdie gesellige saamwees kon bespreek. (Du Plessis, 1993:1654).

Floor (1978:48) dui aan dat Paulus groepe van gelowiges wat in huise bymekaar kom as 'gemeente' aanspreek en dat huisgemeentes onderrig is in die leer van die apostels. Hand. 2:47 dui aan dat daar elke dag mense bygevoeg is tot die gemeente. Die vraag is nou op watter wyse die nuwe toevoegings tot die gemeente geakkommodeer is. Volgens 'n beskrywing van Kelso (1968:544) oor die lewe in huise van die hellenistiese periode is dit duidelik dat huise net 'n kleingroepie mense gelyktydig kon akkommodeer. In die opsig dui Lambert (1999) aan dat die organisasie van die vroeë kerk ontwikkel het soos wat die behoefte bepaal het. Die groepe wat in huise bymekaar kom moes sekerlik vermeerder geword het om met die groei te kon tred hou, dus vermenigvuldiging van groepe. Barret (1990:170) beskou κατ' οἴκων se korrekte vertaling as 'in their various houses'.

Is die vermenigvuldiging van die groepe die oorsaak van die groei? Dit blyk uit die teks dat dit slegs die wyse van akkommodasie van die groei is. Die oorsaak van die groei is die wonders en tekens van die apostels en die gepaardgaande ontsag van die mense. Die samekomste in die huise is wel die gevolg van die geloofswrywing tussen die Jode en die gelowiges in die sinagoge, maar die atmosfeer van deurleefde lof aan God is die gevolg van die God se werk deur die apostels. Die gesindheid van eensgesindheid en mededeelsaamheid en lof aan God is die gelowiges se reaksie op God se werk in hulle lewens. Hulle het nie by 'n Sabbatskerk hulle diens aan God begin en geëindig nie, maar geleef in 'n Christelike samelewing van deurleefde gehoorsaamheid. Hierdie reaksie van die gelowiges het die buitelanders se houding positief beïnvloed. Die positiewe houding van die volk was sekerlik nie die oorsaak van die groei van die gemeente nie, maar dit moes 'n bydraende faktor gewees het.

3.6.3.4 Samevatting

As antwoord op Petrus se toespraak en die wondertekens van die apostels na die uitstorting van die Heilige Gees het die gelowiges as lede van die liggaam van Christus in 'n samelewing van deurleefde gehoorsaamheid geleef omdat hulle ontsag vir God se boodskap gehad het.



Hand. 2:43-47 beskryf vir ons hoe hierdie lewe van liefdevolle gehoorsaamheid gelyk het. Die gelowiges het in noue gemeenskap met mekaar geleef deur mededeelsaam te wees, saam te aanbid in die tempel, in mekaar se huise te leer en saam te eet en God te prys. Hierdie gehoorsame reaksie van die wat tot geloof gekom het, het die gelowiges in guns laat toeneem by die volk. Dit het die aantreklikheid van die gehoorsame gemeenskap van gelowiges laat toeneem aangesien die Here elke dag mense wat gered is in hulle gemeenskap bygevoeg het. Die hoeveelheid groepe wat bymekaar gekom het moes toegeneem of verveelvoudig het. Dit is egter nie 'n beginsel vir groei nie, maar die reaksie op groei. Die beginsels vir groei in hierdie teks is die ontsag vir die leer van die apostels en die wonders en tekens waarmee God hulle boodskap bevestig.

3.6.3.5 Toepaslikheid van Hand. 2:42-47 op Holistiese kleingroepe.

Die groei van die gemeente is die gevolg van die mense se ontsag vir die leer van die apostels. Die gelowiges, as deel van die liggaam van Christus het hulle ontsag bewys deur in 'n gemeenskap van gehoorsaamheid saam te leef. Die praktyk om in mekaar se huise bymekaar te kom was die gevolg van die gelowiges se ywer om in alle fasette van hulle lewens gehoorsaam aan God te wees aangesien hulle met ontsag vir God vervul was. Holistiese kleingroepe is dus die gevolg van mense se liefde vir God, wat uitkring in liefde vir mekaar en alle mense (vgl. Joh. 13:34,35 & 3.8). Ywerig wou hulle in alle fasette van hulle lewens die Woord van God praktyk laat word. Die vermenigvuldiging van die groepe moet uiteindelik gebeur aangesien die getal gelowiges wat in mekaar se huise bymekaar kom toeneem.

3.6.3.6 Evaluering van Schwarz se navorsing met betrekking tot Holistiese kleingroepe.

Schwarz (1996:32) dui aan dat dit uit hulle navorsing blyk dat die voortdurende vermenigvuldiging van holistiese kleingroepe 'n universele kerkgroei-beginsel is. Hand. 2:43-47 stel egter dat die vermenigvuldiging van holistiese kleingroepe die gevolg is van gelowiges wat ontsag vir die Woord van God het se reaksie. Hieruit kan afgelei word dat die ontstaan en voortbestaan van kleingroepe nouliks verbonde moet wees aan gelowiges se begeerte om in 'n



gemeenskap van gehoorsaamheid saam te lewe sodat hulle dankbaarheidslewe in alle fasette van hulle lewens kan deursyfer.

3.6.3.7 Basisteoretiese beginsels

Die gemeente moet gereeld saamkom in 'n kleiner geloofsgemeenskap van holistiese gehoorsaamheid.

3.7 BEHOEFTE-GEORIËNTEERDE SENDING (NEED-ORIENTATED EVANGELISM.)

3.7.1 *Inleiding*

Die motief vir die groei van die kerk is in behoefte-georiënteerde sending opgesluit. Die 2000 rapport vir die bewaring en vermeerdering van die kerk (GKSA, 2000:509) stel dat die regte motief vir die groei van die kerk deurgaans gehandhaaf moet word, nl.: Die getroue roepingsvervulling volgens die Bybel. Daarom moet beseft en verklaar word dat God die inisiatief neem en dat sy liefde vir die wêreld die diepste motief is vir sending. God die Vader stuur die Seun, die Vader en die Seun stuur die Heilige Gees en dit het tot gevolg dat die kerk na die wêreld gestuur word (GKSA, 2000:507). Buys (2003) stel in die opsig dat behoefte georiënteerde sending beskou moet word in die lig van die feit dat die Woord vlees geword het in Christus. Om die rede moet die Woord vandag ook vlees word deur op 'n relevante manier hedendaagse nood aan te spreek. Dit is redelik algemeen bekend dat die konkrete opofferende liefdesdade van gelowiges selfs teenoor ongelowiges 'n kardinale plek beklee het in die vinnige groei van die Christendom in die eerste eeue (Buys, 2003). Dit is dus vir en deur die sending dat God sy kerk bou (GKSA, 2000:507). Dit is ook duidelik dat die wêreld die doel van hierdie sending is. Die beginsels word in die *Missio Dei* saamgevat.

3.7.2 *Motivering vir keuse van Handeling 13.*

Aan die hart van behoefte-georiënteerde sending lê die werking van die Heilige Gees. Die Heilige Gees skep die behoefte en kom die behoefte tegemoet. Verskeie gedeeltes fokus op die spesifieke toepassing van behoefte-georiënteerde sending (vgl. Matt. 10:7-8; Jak. 2:15-16



en Ef. 4:29) sonder om die hart daarvan te openbaar naamlik die werking van die Heilige Gees (vgl. Hand. 8:26-40).

Alhoewel die vroeë kerk en vandag se kerk onderskei moet word kan daar met rede beginsels vir die praktyk afgelei word. Een van die beginsels wat op die oog af uit Handeling 13 afgelei kan word is dat die Evangelie versprei deur die werking van die Heilige Gees. Min gedeeltes fokus egter so pertinent op die bring van die evangelie oor die grense van Israel, tot by die heidene wat voorheen daartoe bestem is. In die gedeelte is dit duidelik dat die Evangelie die diepste behoefte van die uitverkorenes in Antiogië in Psidië was.

3.7.3 *Eksegese van Handeling 13:48*

3.7.3.1 Agtergrond

Reeds beskryf in punt 3.4.3.1.

3.7.3.2 Struktuur van Handeling 13 en die plek van Hand. 13: 42-52 in die brief.

Handeling word deur verskeie kommentare in twee dele gedeel, nl. Petrus se bediening (1:1-12:24) en Paulus se bediening (13:1-28:31). Ons kan die gedeelte wat oor Paulus se bediening handel, op die voetspoor van Du Plessis (1993:1646) & Joubert (2000:1405) kortliks soos volg uiteensit - met die fokus op Handeling 13:42-52:



1. Eerste sendingreis (13:1–14:28).

- 1.1 Saulus en Barnabas word deur die kerk in Antiogië uitgestuur. (13:1-3).
- 1.2 Saulus en Barnabas in Sipur (13:4-12).
- 1.3 Paulus preek in die Sinagoge in Antiogië in Psidië (13:13-41).
 - 1.3.1 'n Oorsig oor Israel se geskiedenis (13:16-25).
 - 1.3.2 Jesus se sterwe en opstanding (13:26-31).
 - 1.3.3 Skrifbewyse uit die O.T. wat Jesus se opstanding bevestig (13:32-37).
 - 1.3.4 'n Praktiese toepassing van die voorafgaande uitsprake (13:38-41).
 - 1.3.5 **Die evangelie bied verlossing aan nie-Jode (13:42-52).⁸**
 - 1.3.6 **Paulus en Barnabas word gevra om nog oor die evangelie te praat (14:42).**
 - 1.3.7 **Jode en nie-Jode moedig Paulus en Barnabas aan (14:43).**
 - 1.3.8 'n Groot deel van die mense kom luister na die evangelie(14:44).
 - 1.3.9 **Jaloerse Jode beledig Paulus en Barnabas (14:45).**
 - 1.3.10 **Die Woord gaan na alle nasies toe (14:46).**
 - 1.3.10.1 **God se opdrag is dat die evangelie na alle nasies moet gaan (14:47).**
 - 1.3.11 **Die heidene, wat verheug was, word gered. (14:48)**
 - 1.3.12 **Die Woord versprei (14:49).**
 - 1.3.13 **Die jaloerse Jode konkel die apostels uit die stad uit (14:50).**
 - 1.3.14 **Die apostels vertrek na Ikonium (14:51).**
 - 1.3.15 **Die gelowiges is vol blydschap en die Heilige Gees (14:52).**
- 1.4 Paulus en Barnabas preek in Ikonium (14:1-7).
- 1.5 Paulus en Barnabas tree in Listra op (14:8-20).
- 1.6 Paulus en Barnabas keer terug na hulle tuisbasis (14:1-7.)

⁸ Die plek van die fokusverse in die boek word telkens in vetdruk aangetoon



2. Die Christelike leiers in Jerusalem byeen (15:1–35).
3. Tweede sendingreis (15:36–18:22).
4. Derde sendingreis (18:23–21:17).
5. Paulus word verhoor (21:18–28:31).

Uit hierdie struktuur kan die plek van Hand. 13:42-52 duidelik gesien word. Dit is deel van Paulus se eerste sendingreis. Hy het reeds tevore die opdrag gekry om die evangelie aan alle nasies te verkondig (Hand. 22:21) en sy getrouheid blyk duidelik dat hy hom nie deur die Jode laat beperk nie. Sy motief blyk duidelik uit Hand. 13:47 as getroue navolging van Jesus Christus. Na die gebeurtenis by Antiogië in Psidië het Paulus nog duisende kilometers te voet afgelê om getrou aan sy opdrag te bly.

3.7.3.3 Detaileksegeese van Handeling 13:42-52.

God openbaar Homself in die gedeelte veral in en deur die verhouding tussen die Gees en die Woord. In Hand. 13:2 sê die Heilige Gees vir die gemeente om Paulus en Barnabas af te sonder vir sy diens. Dit was 'n groot opoffering vir die gemeente aangesien Paulus en Barnabas die Woordverkondigers van die gemeente in Antiogië was. Deur die leiding van die Heilige Gees is hulle dan uitgestuur (Hand.13:4) na Seleukië, toe Siprus, toe Salamis tot by Pafos en daarna na Perge in Pamfilië, om van daar na Antiogië in Psidië te gaan. Hier het hulle in die sinagoge na die Woord van God gaan luister soos dit in die wet en die profete gelees was. Daarna het hulle onder leiding van die Heilige Gees die Woorde verklaar deur 'n oorsig oor Israel se geskiedenis te gee en daarna die lyding, sterwe en opstanding van Christus te beskryf. Jesus word in hierdie toespraak geopenbaar as die Verlosser uit die nageslag van Dawid ter nakoming van God se belofte (Hand. 13:22). God word geopenbaar as die troue Verbondsgod (Hand. 13:22) wat ook die krag is wat Jesus uit die dood opgewek het (Hand. 13:30). In Hand. 13:47 word God se woorde aangehaal wat Hy deur die profeet Jesaja (49:6) gespreek het. Hieruit blyk dit duidelik dat God se liefde verlossing tot in die uithoeke van die aarde wil bring.

Die Jode en nie-Jode, lede uit die hele gemeenskap, het honger gereageer en het 'n behoefte gehad om meer oor die evangelie te hoor. Hierdie behoefte kon alleen deur die Heilige Gees



geïnspireer gewees het. Hulle het Paulus en Barnabas immers gevra om meer oor die Evangelie te praat (Hand.13:42). παρακαλέω in Hand. 13:42 het die betekenis om 'to ask for something earnestly and with propriety - to ask for, to request, to plead for, to appeal to, earnest request, appeal.' (Louw & Nida, 1988). Die woord word ook gebruik in 2 Kor. 8:4 gebruik en in 1983-vertaling met 'aangedring' vertaal. Met hierdie opregte dringendheid het die Jode vir Paulus en Barnabas gesmeek om meer van die evangelie te λαληθῆναι. Die woord is in dieselfde vers en 'n infinitiewe werkwoord van λαλέω wat beteken om te praat, om te preek, om te verkondig en om te vertel. Die behoefte was so sterk dat hulle weer na Paulus en Barnabas kom luister het. Die volgende Sabbat het baie mense na die Woord van die Here kom luister of ἀκοῦσαι. Dit is 'n aktiewe aoristos infinitiewe werkwoord van ἀκούω wat beteken om te hoor, om die nuus te ontvang, of om te verstaan. Die wat daartoe bestem was het dit geglo of vertrou (ἐπίστευσαν). Dit was die Woord van God wat hulle tot geloof gedring het en vol van die Heilige Gees het hulle in blydschap geleef in Antiogië in Psidië. Die nuwe gelowiges was nog verder instrumenteel daarin dat die Woord wyer versprei het.

Dit was nie ongewoon dat wanneer vreemde predikers in die sinagoges gepreek het, dat hulle woorde vinnig in die gemeenskap versprei het nie. Die woorde van Paulus en Barnabas het egter groot byval gevind by Jode en heidene en baie het die tweede byeenkoms van die sinagoge bygewoon en God se Woord gehoor. Dit was asof 'n lig aangesteek is in 'n donker wêreld en almal daarheen aangetrek is (Wiersbe, 1999). Volgens Easton (1999) is dit ook die rol van die verkondiging van die evangelie, nl: "The mind must first be enlightened by divine teaching before it can discern the things of the Spirit." (vgl. Joh. 6:44; 2 Kor. 4:6; Ef. 1:17,18).

Die indikatief wat uit die gedeelte na vore kom en ondersteun word uit ander tekste uit die Bybel is dat Jesus Christus die lig vir die wêreld is (Joh. 8:12 & Luk. 1:79) en dat Hy deur sy Heilige Gees sy kerk roep (Hand. 13:3) om sy lig aan die wêreld te laat skyn deur Jesus as gekruisigde te verkondig. Die krag om dit te doen kom van God af (2 Kor. 4:6-7).

Die imperatief wat uit die gedeelte na vore kom is dat die kerk as ligdraers gehoorsaam moet wees. Die kerk moet die evangelie van die gekruisigde Jesus gaan uitdra aan die gemeenskap,



sodat die wat tevore daarvoor bestem is tot geloof kan kom. Matt. 5:16 sê: "Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik." Krabbendam (2003), wat tans 'n sendeling in Uganda is, vergelyk die aksie van evangelisasie met die toetsing van 'n stoor vol verpakte gloeilampe. Die verpakte gloeilamp vertoon nie of hy werk of nie werk nie. Een vir een moet elke gloeilampe by die kragbron ingeskroef word. So kan die evangelie aan 100 000 mense verkondig word maar net die wat tot geloof kom en skyn is gered.

God maak ook 'n inherente belofte met die gedeelte. Die kerk is vervul met Jesus Christus se lig en die wat tevore uitgekies is om deel te hê aan die Koninkryk van die lig sal tot geloof kom. Verder sê Openbaring 22:5 dat wanneer ons in ere by Hom gaan woon, ons nie meer in die nag sal woon nie, maar by die lig.

Paulus grond nie sy rede vir die neem van die evangelie na al die nasies in sy roeping as apostel nie, maar in God se Woord. Die Joodse leiers sou immers nie sy roeping as gesagvol erken nie. Die Profete erken hulle wel, daarom haal hy Jes. 49:6 aan. Die woorde is egter oorspronklik ten opsigte van Jesus Christus gesê. Paulus maak dit op hulle, die apostels van toepassing omdat Jesus se Gees hulle geroep het om na die nasies te gaan (Hand. 13:3 & Hand. 22:21) en dit dus steeds Jesus is wat die lig vir die nasies is. In Luk. 2:32 word Jesus deur Simeon beskryf as "'n lig tot verligting van die nasies en tot eer van u volk Israel.'" Hieroor sê Barret (1990:170): "Paul is a light of the Gentiles only in virtue of the Christ whom he preaches; Christ is a light to the gentiles as he is preached to them by his servants." Christus bly immers die handelende in die verkondiging van die verlossing aan alles mense (vgl. Hand. 4:12 e.v.). Die Jode het geglo dat net hulle vir die verlossing beskore was aangesien hulle afstammeling van Abraham was, maar Jes. 49:6 het presies die teendeel beskryf (Keener, 1993).

Grasmick (1985), Kaiser (1997) en Wiersbe (1996) beklemtoon dat die apostels se afskud van die stof van hulle voete, 'n getuienis aan die mense van daardie dorp is dat die apostelshulle verantwoordelikheid nagekom het, maar dat die ongelowiges self die boodskap verwerp het.



3.7.3.4 Samevatting

Die onlosmaaklike band tussen Woord en Gees word aangedui as die gelowiges in Antiogië vol blydschap en vol van die Heilige Gees antwoord op die verkondiging van God se Woord. Die Heilige Gees het die behoefte in die harte van die uitverkorenes in Antiogië en Psidië gewek en dit tegemoet gekom deur Paulus en Barnabas daarheen te stuur. Die inhoud van hulle prediking is dat Jesus Christus die lig vir die wêreld is (Joh. 8:12 & Luk. 1:79). Hy roep deur sy Heilige Gees sy kerk (Hand. 13:3) om sy lig aan die wêreld te gaan laat skyn deur Jesus as gekruisigde aan alle nasies te verkondig.

3.7.3.5 Toepaslikheid van Handeling 13 op behoefte-georiënteerde sending.

Paulus en Barnabas het as instrumente van die Heilige Gees op hulle eerste sendingreis gegaan om die behoefte van uitverkorenes in Antiogië in Psidië te gaan ontmoet. Van die mense in die gemeenskap in Antiogië in Psidië het 'n behoefte na lig gehad. Hierdie behoefte is deur die Heilige Gees in die harte van uitverkorenes gewek. Die perspektief wat egter aan die lig kom is dat die Heilige Gees die kerk gebruik om deur behoefte-georiënteerde sending die behoefte na verlossing van die uitverkorenes tegemoet te kom.

3.7.3.6 Evaluering van Schwarz se standpunte in die lig van die Skrif

Schwarz gee nêrens 'n voorbeeld van die praktiese toepassing van behoefte-georiënteerde sending nie. Wanneer van behoefte-georiënteerde sending deur die kerk gepraat word, vind daar 'n fyn onderskeid tussen antropologiese en Teosentriese gesentreerdheid plaas in ons sendinginisiatiewe. Wat egter van belang is, is die feit dat God die primêre inisieerder is wat die behoefte van sy uitverkorenes tegemoet kom deur middel van sy gestuurde kerk: tot sy eer. Die kerk word hiertoe beweeg deur die werking van die Heilige Gees en die Woord. Die tegemoetkoming van die mens se fisiese, emosionele, finansiële of geestelike behoeftes kom in die praktykteoretiese gedeelte aan die orde.



3.7.3.7 Basisteoretiese beginsel

Gemeentes se sendinginisiatiewe moet deur die Heilige Gees daarop gerig wees om die behoeftes wat die Heilige Gees in die lewens van uitverkore gemeenskapslede gewek het, tegemoet te kom.

3.8 LIEFDEVOLLE VERHOUDINGS (LOVING RELATIONSHIPS)

3.8.1 *Inleiding*

'n Stortvloed van publikasies is van mening dat kerke nie groei nie, omdat daar te min selfverloënde liefde geopenbaar word en die nederige dienskneppgestalte by kerke ontbreek. (Buys, 1989:92; vgl. Fil. 1:5-11). Juis in onbaatsugtige liefde moet die gemeente sy Hoof, Jesus Christus, reflekteer. Baie outeurs van sendingwetenskaplike publikasies en publikasies oor getallegroei van die kerk wys daarop dat een van die grootste struikelblokke vir kwantitatiewe sowel as die kwalitatiewe groei van die kerk juis geleë is in die sieklike selfgesentreerdheid en selfhandhawing van individuele gelowiges sowel as gemeentes (Buys,1989:96). Schwarz (1996:36) en Venter (1988:25) meen dat dae van liefde deur gelowiges aan gelowiges van die grootste vrugte van gemeentebou is.

3.8.2 *Motivering van Johannes 13:34-35 as keuse vir eksegeese.*

Die belangrikheid van die opdrag in Joh. 13:34-35 word deur die plasing van die opdrag beklemtoon. Joh. 13:34-35 is deel van Jesus se afskeidsgesprekke (Luk. 13-17) met sy dissipels. Hierdie afskeidsrede is eie aan die Evangelie volgens Johannes. Christus praat vir 'n laaste keer met sy dissipels en Hy gee aan hulle hierdie opdrag. Die eerste gemeente in Jerusalem se holistiese geloofsgemeenskap is 'n voorbeeld van die vroeë kerk se gehoorsaamheid aan Jesus Christus se nuwe gebod (Hand. 2:37-47). In Paulus se briewe word dieselfde opdrag in verskeie omstandighede uitgebou (Rom. 12:10; Ef. 4:2,32; Gal. 6:2), maar op geen ander plek word die opdrag so duidelik met betrekking tot die getuienistaak van die gelowiges gebring nie. Ryle (1969:53) is van mening dat liefde die onderskeidende karaktereenskap van Jesus Christus se dissipels moet wees.



3.8.3 Eksegese van Johannes 13:34-35.

3.8.3.1 Agtergrond

Groenewald (1980:14) en Du Rand (1993:1582) meen dat die kernvers van die Evangelie in Joh. 20:30-31 te vinde is. Die doel van die Evangelie om genoegsaam te oortuig dat “Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die ewige lewe kan hê.” Die skrywer is Johannes, die seun van Sebedeus. Hy rig die Evangelie aan gelowiges wat Jesus as Messias bely het en in hulle geloof versterk moes word. Van der Watt (2000:1315) beskryf die gehoor as die ‘Johannese gemeente’. Die gemeente was gemeng en het uit Jode, Samaritane, Grieke en Romeine bestaan. Die Evangelie volgens Johannes was uiteindelik nie ‘n feitelike weergawe van Jesus se lewe soos die Evangelie volgens Lukas nie, maar eerder ‘n herinnering van Jesus se besluite en optrede lank na dit plaasgevind het. Die gemeente se behoeftes het die woorde en dade van Jesus na vore geroep wat vir hulle situasie belangrik was. Die Evangelie is moontlik eers tussen 90 n.C. en 100 n.C. voltooi. Johannes het waarskynlik as die apostel van die Here vir die waarborg van die waarheid van die Evangelie ingestaan.



3.8.3.2 Struktuur van Johannes en die plek van Johannes 13:34-35 in die boek (Du Rand, 1993:1583)

A. BEKENDSTELLING VAN DIE HOOFFIGUUR JESUS (1:1–51).

1. Hy is die Woord wat mens geword het (1:1–18).
2. Hy is die Lam van God volgens die getuienis van Johannes die Doper en die dissipels (1:19–51).

B. JESUS MAAK SY HEERLIKHEID IN DIE OPENBAAR BEKEND DEUR TEKENS (2:1–12:50).

1. Jesus kom geloof sowel as ongelooft teë by die mense, as antwoord op sy wondertekens (2:1–4:54).
2. Konflik met die geestelike leiers bou op (5:1–10:42).
3. Jesus openbaar sy heerlikheid om lewe te skenk (11:1–12:50).

C. LYDING, DOOD EN OPSTANDING VAN JESUS (13:1–21:25).

1. **Jesus se afskeidsredes met sy dissipels (13:1–17:26).**
2. Die hoogtepunt van Jesus se taak van verheerliking lê juis in sy sterwe en opstanding (18:1–21:25).

3.8.3.2.1 Gedagtestruktuur

Opdrag

Joh. 13:34 a: “Ek gee julle ‘n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê.

Wyse van uitvoering van opdrag.

Joh. 13:34 b: “Soos ek julle liefhet, moet julle mekaar liefhê.

Gevolgt van uitvoering van opdrag.

Joh. 13:35 : “As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van my is.”



3.8.3.3 Detaileksegesi van Johannes 13:34-35.

Die gebod om mekaar lief te hê word in Joh. 13:34 as 'n nuwe gebod beskryf. Smelik (1965:229) dui aan dat hierdie opdrag in der waarheid oud is. Reeds in die Ou Testament in Lev. 19:18 (vgl. 1 Joh. 2: 7-11) word die volk opdrag gegee om mekaar lief te hê as antwoord op God se liefde. Die Evangelie volgens Matteus verhaal Jesus se antwoord op die vraag na die grootste gebod (Matt. 22:37-40). Die korrekte verstaan van die gebruik van die nuutheid in hierdie opsig is dat dit deel is van die nuwe lewe wat deur Jesus Christus en die Heilige Gees gewerk word. Die liefde is 'n fundamentele reaksie van die hart op die liefde van God en 'n aanvaarding van die werk van die Gees in die dieptes van 'n mens se wese (Palmer, 1968:754). Hendriksen (1964:254) beklemtoon die perspektief as hy aandui dat die nuutheid daarin lê dat hulle mekaar moet liefhê soos Hy hulle liefgehad het (vgl. Joh. 3:16 en Hand. 2:42-47). Om hierdie gebod na te kom is dus ook 'n bewys van die wedergebore mens (vgl. Rom. 5:10; Kol. 1:21) se liefde vir God.

Die liefde word ten opsigte van alle mense en ten opsigte van gelowiges bedoel. Die woord wat in Joh. 13:34 vir liefde gebruik word is ἀγαπε. Petrus gebruik ἀγαπε in 2 Pet. 1:7 om liefde vir alle mense aan te dui. Paulus wens dit ook aan die gelowiges in Tessalonika (2 Tess. 3:12) toe dat hulle in liefde vir alle mense sal groei (vgl. Joh. 3:16). Nadat die bekeerdes gedoop is in Hand. 2:38 is hulle in die geloofsgemeenskap van die eerste gemeente opgeneem. In hierdie geloofsgemeenskap word die liefde vir mekaar prakties uitgebeeld as eenheid in toewyding aan God, vrygewigheid en blydschap (Hand. 2:42-47). Paulus beskryf weer die liefde vir mekaar as hartlike broederliefde (Rom. 12:10) waarin hulle mekaar eerbied bewys (vgl. Ef. 5:21). In Ef. 4:2 kry liefde gestalte wanneer hulle mekaar verdra en in Ef.4:32 wanneer hulle goedgesind, hartlik en vergewensgesind is. Galasiërs 6:2 beklemtoon dat ons mekaar se laste moet dra. Kort voor die fokusverse (Joh. 13:1-17) het Jesus die dissipels se voete gewas en sodoende aangedui dat hulle mekaar met soortgelyke selfopofferende liefde moet dien. Hierdie liefde bereik egter 'n hoogtepunt wanneer Jesus sy lewe opoffer (vgl. Joh. 15:12-14) vir alle mense. God verwag daarom in Joh. 13:34,35 dat gelowiges se liefde vir Hom en vir mekaar sal uitkring tot liefde vir alle mense.



Tenney (1954:211) is van mening dat die opdrag om mekaar lief te hê ten doel gehad het om die dissipels in eenheid saam te bind in die tyd van Jesus se kruisiging. Hoofsaak is dat hulle mekaar moet liefhê en deur die liefde die band van eenheid met mekaar en met Christus moet bewaar. En dit is alleen moontlik deur die onwankelbare geloof (Groenewald, 1998). Jesus het immers hulle uiteenlopende karakters geken. In die lig van die feit dat Judas maar 'n paar verse te vore aangedui is as die veraaier van die liefde tussen die dissipels, wil dit blyk asof die stelling water hou. Smelik (1965:230) beklemtoon dat die getuienis van die dissipels se onderlinge liefde tot die wêreld moet uitgaan. Die eenheid word deur die liefde bewerk en so word die dissipels 'n kragtige getuienis van Jesus Christus se liefde teenoor die wêreld. Dissipelskap was 'n bekende gebruik vir die antieke tyd. In daardie tyd het Griekse filosowe en Joodse Rabbi's groepe van leerlinge rondom hulle versamel. In die Nuwe-Testamentiese tyd het die woord μαθητου verwys na mense wat die leringe van ander aanvaar het. Die Johannes Evangelie beskryf dat die gevolg van die onderlinge liefde is dat almal sal weet dat hulle dissipels van Jesus is. In die woord γινώσκονται is die begrip opgesluit dat die mense nie net weet dat hulle dissipels van Jesus Christus is nie, maar dat hulle ook weet wie Jesus Christus is.

Hendriksen (1964:254) haal die volgende woorde van Tertullianus aan soos opgeteken in sy apologie teen Marcion in 200 n.C.: "But it is mainly the deeds of a love so noble that lead many to put a brand upon us. 'See,' they say, 'how they love one another,' for they themselves are animated by mutual hatred; 'see how they are ready even to die for one another,' for they themselves will rather be put to death." Die fokus op die liefde word ook in Efesiërs 4:16 benadruk wanneer Paulus skryf dat die liggaam homself opbou in liefde. Dit lei Lincoln (1995:264) om af te lei dat liefde die lewensbloed van die liggaam is en daarom moet enige kerkgroei beginsel getipeer word deur 'n bydrae in die kerk se liefdespeil.

3.8.3.4 Samevatting

Jesus se eie voorbeeld van liefde is die maatstaf vir ons liefde vir mekaar. Jesus se eie voorbeeld is een van selfopofferende liefde waarmee Hy sy kerk dien. Die mens is nie self tot hierdie liefde in staat nie maar deur die werking van sy Gees word ons daartoe toegerus. Die



liefde bind die kerk in eenheid saam, wat tot gevolg het dat die wêreld Christus se liefde vir hulle in die kerk kan sien.

3.8.3.5 Toepaslikheid van Johannes 13:34-35 op liefdevolle verhoudings

Die opdrag in Joh. 13:34-35 is ook van toepassing op die kerk van vandag. Christus sê in Joh. 13:35 dat dit die gevolg van liefdevolle verhoudings sal wees dat almal sal weet dat hulle dissipels van Jesus Christus is. Hierdie liefde moet egter nie by gelowiges eindig nie, maar uitkring tot alle mense. Joh. 13:16 werp egter meer lig op hierdie stelling. "... 'n slaaf is nie belangriker as die een wat hom gestuur het nie." Wanneer die dissipels dus gestuur word om mekaar lief te hê soos Jesus hulle liefhet val die kollig op Christus se liefde vir alle mense (vgl. Joh. 3:16). Deur sy Woord en Sy Gees word Hy sigbaar in die verhoudings van die mense wat sy volgelinge is. Liefdevolle verhoudings teenoor God, mekaar en die wêreld kry volle waarde in holistiese kleingroepe (vgl. Hand. 2:42-47 en 3.6).

3.8.3.6 Evaluering van Schwarz se standpunte in die lig van die Skrif.

Schwarz (1996:36) se kernstelling aangaande die liefdevolle verhoudings van gelowiges dui aan dat groeiende kerke in die algemeen 'n meetbaar hoër liefdeskoëffisiënt het as stagnerende of kwynende gemeentes. "Unfeigned, practical love has a divinely generated magnetic power far more effective than evangelistic programs wich depend almost entirely on verbal communication." (Schwarz, 1996:36). Joh. 13:34-35 ondersteun hierdie stellings en in Hand. 2:42-47 word die stelling toegepas in die eerste gemeente wanneer hulle in kleiner groepe van holistiese gehoorsaamheid saamkom. Joh. 13:34-35 beveel egter ook inherent dat gelowiges liefdevolle verhoudings met alle mense moet hê. Schwarz belig hierdie faset lukraak alhoewel liefde vir alle mense 'n Bybelse beginsel is (2 Pet. 1:7; 1 Tess. 3:12; Joh. 3:16). Die gelowiges se liefde vir God, mekaar en alle mense laat die kerk in guns toeneem en in getalle (vgl. Hand. 2 :42-47).

3.8.3.7 Basisteoretiese beginsel

Gelowiges se verhoudings met God, met mekaar en met alle mense moet liefdevol wees.



4. BASISTEORETIESE BEGINSELS

Op grond van die bogenoemde eksegesi (3.1–3.8) kan die kwaliteitseienskappe van groeiende kerke in 'n nuwe volgorde geplaas word na gelang van die skrywer se mening. Schwarz (1999:39) dui aan dat daar nie een van die kwaliteitseienskappe van groeiende kerke belangriker is as die ander nie. “The key is found in the harmonious interplay of all eight elements.” (Schwarz, 1999:39.) Om die rede word sommige kwaliteitseienskappe wat 'n nuwe verbondenheid met mekaar vertoon het, saamgevoeg. Die volgende basisteoretiese beginsels word geformuleer en geherorganiseer, wat van belang is vir die res van dié studie:

- Die besondere dienste, toegerus deur die hoof van die kerk, moet lidmate toerus en bemagtig om Christus se liggaam op te bou (vgl. 3.1) en hulle moet sorg dra dat die gemeentestruktuur funksioneel is, sodat die kerk se roeping verwesenlik kan word (3.4; vgl. Ef. 4:11,16).
- Gemeentes se evangelisasie-inisiatief moet deur die Heilige Gees daarop gerig wees om die behoeftes wat die Heilige Gees in die lewens van uitverkore gemeenskapslede gewek het, tegemoet te kom (3.7; vgl. Hand. 13:42-52).
- Eredienste moet geïnspireerd wees deur God aan die woord te laat kom, sodat gelowiges geïnspireer word en sodat dit wat skeiding maak tussen ongelowiges en God afgebreek word (3.5; 1 Kor. 14:25).
- Die gemeente moet gereeld saamkom in 'n kleiner geloofsgemeenskap van holistiese gehoorsaamheid (vgl. 3.6) en gemeentede se verhoudings met mekaar en met alle mense moet liefdevol wees. (3.8; vgl. Hand. 2:42-52).
- Goeie bedienaars se bediening aan mekaar en tot eer van God moet deur hulle gawes georiënteer wees (vgl. 3.2) en hulle spiritualiteit moet passievol wees en in alle omstandighede op God bly fokus (vgl. 3.3; Hand. 6:1-7).



Hoofstuk 3

METATEORETIESE PERSPEKTIEWE AAN DIE HAND VAN 'N SITUASIE-ANALISE DEUR 'N LITERATUURSTUDIE EN 'N EMPIRIESE ONDERSOEK

1. INLEIDING

In Hoofstuk 2 is NCD as onderdeel van CGM beskryf. Die basiese strategie van NCD is ook kortliks genoem. Die fokus het egter geval op die agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke wat uit NCD se navorsing geblyk het. In die lig van die Skrif is die kwaliteitseienskappe eksegeties ondersoek en vyf basisteoretiese beginsels gevorm (vgl.4., Hoofstuk 2).

Op die voetspoor van die prakties-teologiese model van Zerfass (1974:164-177) wat as uitgangspunt vir dié studie dien, word daar in hierdie hoofstuk aandag gegee aan die verwerking van Schwarz (1996) se agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke in die situasie-werklikheid. Volgens hierdie model is die hermeneutiese wisselwerking tussen die basisteoretiese riglyne (vgl. Hoofstuk 2) en die situasie-werklikheid baie belangrik vir die uiteindelijke ontwerp van 'n nuwe praktykteorie (vgl. Erasmus, 2001:67; Heystek, 2000:14-15).

'n Belangrike hulpmiddel wat kan lig werp op die situasie-werklikheid is literatuurstudies. Eerstens word 'n literatuurstudie van twee resente gemeentebou-inisiatiewe gedoen deur Kennon L. Callahan (1983) en Rick Warren (2002) se onderskeie modelle te beskryf. Die modelle word ondersoek vir moontlike kreatiewe toepassings van die vyf basisteoretiese beginsels (vgl. 4., Hoofstuk 2). In die tweede plek word resente literatuur vanuit die bestuurswetenskappe geraadpleeg om metateoretiese insigte daaruit te bekom.

Volgende word daar spesifiek aandag gegee aan die huidige situasie binne die GKSA, wat betref die realisering van Schwarz (1996) se agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke in drie gemeentes van die GKSA. Dit sal aan die orde kom, by wyse van 'n empiriese studie. Kwantitatiewe navorsing is by wyse van vraelyste gedoen, ten einde 'n idee te kry van die mate waartoe die basisteoretiese beginsels, soos dit aan die einde van Hoofstuk 2 geformuleer is, praktyk word in drie gemeentes binne die GKSA.



2. LITERATUURSTUDIE

Die literatuurstudie het ten doel om ander kerkgroeistategieë, te wete Kennon L. Callahan (1983) en Rick Warren (2002), te ondersoek vir kreatiewe toepassings van die vyf basisteoretiese beginsels (vgl. 4., Hoofstuk 2). In die tweede plek word resente literatuur vanuit die bestuurswetenskappe geraadpleeg om ook metateoretiese insigte daaruit te bekom.

2.1 “12 KEYS TO AN EFFECTIVE CHURCH.” - KENNON L. CALLAHAN

2.1.1 *Inleiding*

Die Deputate vir bewaring en vermeerdering van die kerk van die GKSA meen dat die navorsing deur Callahan (1983) ‘n goeie opsomming bied van beskikbare kundigheid (GKSA, 1983:513). Callahan (1983) lewer ‘n besondere bydrae om die proses van gemeentebou met ‘n missionêre visie beter te verstaan en toe te pas (GKSA, 2000:Bylae 8). Callahan beskou die kerk as ‘n missionêre kerk in die eerste plek. Die uitvoer van die kerk se missionêre taak is interafhanklik van die opbou van mekaar.

Hy beklemtoon ‘n diagnostiese benadering in die opbou van die gemeente, teenoor ‘n dataversamelingbenadering (Callahan, 1983:xi). ‘n Dataversamelingbenadering hou nie rekening met die verhouding tussen die demografiese tendens, kerkgroei en sending nie. Dit is ook die rede waarom sommige kerke groei te midde van ‘n kleiner wordende populاسie en ander kerke sterf te midde van ‘n groeiende populاسie (Callahan, 1983:xii). ‘n Diagnostiese benadering daarenteen, hou rekening met die bestaande eienskappe van ‘n missionêre kerk en deurslaggewende dinamieke in die gemeenskap waarbinne die kerk opereer.

In “12 Keys to an effective Church” gebruik Callahan (1983) die diagnostiese benadering om oor ‘n tydperk van 27 jaar 1000 kerke te evalueer wat suksesvol funksioneer. Hy bring in 12 kenmerke, die verskillende fasette van gemeentebou in verband met mekaar om een geheel te vorm (GKSA, 2000:513). Hy stel dat dit die kerk se roeping is om “...alles wat in die hemel en alles wat op die aarde is, onder een hoof te verenig, naamlik onder Christus.” (Ef 1:10). Hy identifiseer vervolgens 12 kenmerke van kerke, wat met hierdie uitgangspunt bedien.



2.1.2 Die twaalf kenmerke van effektiewe gemeentes

Die twaalf kenmerke kan in twee groepe ingedeel word. Die eerste ses is relasionele kenmerke en fokus op verhoudings in die gemeente (1-6). Die tweede groep bestaan uit ses kenmerke wat funksioneel is van aard (7-12). "Generally speaking, effective, successful churches have nine of these twelve central characteristics." (Callahan, 1983:xii).

1. Spesifieke en konkrete missionêre doelwitte

Spesifieke missionêre bediening beteken dat 'n gemeente fokus op 'n spesifieke behoefte of 'n spesifiek nood van mense, byvoorbeeld alkoholiste of eensames of vasgeklusterdes (Callahan, 1983:1). Algemene doelstellings ten opsigte van missionêre aktiwiteit help 'n gemeente baie min. "The church that does that ends up helping no one with anything." (Callahan, 1983:1).

Konkrete missionêre bediening het te make met die konkrete bediening van hulp en hoop. God staan immers sentraal in die bediening. Die Woord kan nie gebring word sonder om mense wat in nood verkeer, by te staan nie. Die hulp word eers konkreet wanneer gelowiges dinge fisies doen. Dit blyk uit sy navorsing dat kerke wat daarvoor bekend word dat hulle bereid is om hulleself aan mense in nood te gee (in gehoorsaamheid aan God), groei (Callahan, 1983:9).

Missionêre doelwitte is duidelik geformuleerde, bereikbare doelwitte wat fokus op individuele en institusionele behoeftes en nood. Gemeentes wat effektief is, het 'n passie om missionêre doelwitte te bereik (Callahan, 1983:2).

Callahan se navorsing bevestig dat konkrete missionêre doelwitte sentraal staan in die suksesvolle uitlewing van 'n gemeente se effektiewe uitvoering van hulle roeping. (GKSA, 2000:Bylae 8).



2. Pastorale besoeke deur die predikant, voorgangers en lidmate in die gemeente en gemeenskap

'n Gesonde, vaste en goed gebalanseerde program vir pastorale besoeke deur predikante en lidmate, is die tweede mees belangrike kenmerk wat 'n effekiewe gemeente as 'n sterkpunt moet hê. Die sleutel tot hierdie karaktertrek is om 'n fyn balans te ontwikkel tussen pastorale besoeke aan lidmate, nuwe intrekkers, persone in hospitale of in ouetehuse en vasgeklusterdes (Callahan, 1983:11). Daar moet sover moontlik met die een voet in die gemeenskap en met die ander voet in die gemeente gestaan word. Daar is 'n direkte verband tussen pastorale besoeke, sendingwerk en kerkgroei (Callahan, 1983:14).

Pastorale besoeke deur die predikant, voorgangers en lidmate in die gemeente, het ten doel om verhoudings te ontdek en te ontwikkel wat mekaar versterk en uitdaag om te help en gehelp te word. Die uitgangspunt moet wees om effektiewe hulp te verleen uit die bronne waaroor die gemeente beskik (Callahan, 1983:22).

Die predikant speel in hierdie kenmerk die bepalende rol. Hy gee leiding en opleiding om ander toe te rus om besoeke te kan doen. "It would not be appropriate for the pastor to assume full responsibility for visitation; nor would it be appropriate for the pastor to train laypersons to do visitation and participate only minimally." (Callahan, 1983:11).

3. Korporatiewe, dinamiese eredienste

Dit is heel waarskynlik dat die meeste van die buite-kerklike persone wat 'n gemeente in sy missionêre bediening bereik, se eerste fisiese kontak met die gemeente in die erediens sal wees. Om hierdie rede is die korporatiewe, dinamiese eredienste van die gemeente die sentrale kenmerk van effektiewe gemeentes. Callahan (1983:24) toon aan dat eredienste korporatief is as daar 'n sterk gevoel van gemeenskap en samehörigheid is onder die mense wat deel in die erediens. Eredienste is dinamies as mense geroer en geïnspireer word deur die evangelie, wat as 'n dinamiese hoop in



hulle lewens verkondig word (Callahan, 1983:24). Die eredienste moet deurgaans 'n getuigenis lewer van innigheid en verdieping. Die volgende kenmerke noem Callahan (1983:25) as bepalend vir gemeenskaplike, dinamiese eredienste:

3.1 Warmte en innemendheid voor, tydens en na eredienste

Op dié wyse word die hele gemeente verantwoordelik om ware liefde en innemendheid uit te straal. Die hele gemeente leef dit op dié wyse uit dat hulle liggaam van Christus is wat in gemeenskap met mekaar leef. Die stelling word veral sigbaar in die werk van die diakens as hulle mense vriendelike ontvang en laat tuisvoel, voor en na die erediens. Die erediens se innigheid kom na vore uit die gesindheid van die predikant en die liturg.

3.2 Dinamiese en inspirerende sang en musiek

Goeie beplanning en effektiewe gebruik van lidmate se gawes kan hierdie faset baie aanhelp. Die musiek moet van goeie kwaliteit wees en diepte hê, beplan en spontaan wees, sowel as in balans en in verskeidenheid beoefen word (Callahan, 1983:27).

3.3 Karakter en kwaliteit van prediking

Die karakter van die prediking moet die essensie van die boodskap weerspieël, naamlik dat dit Goeie Nuus is. Die prediking moet getuig dat die predikant die lidmate ken en bewus is van hulle behoeftes, nood en hulle liefde. Die preke moet eenvoudig en diepsinnig wees, progressief - en tot 'n klimaks lei wat mense moed gee om die wêreld in te gaan (Callahan, 1983:28). Die preke moet geskryf word om gehoor en verstaan te word, eerder as om gelees te word (Callahan, 1983:33)

3.4 Die krag en beweging van die liturgie.

Callahan (1983:29) stel dat waar elke element van die liturgie deel uitmaak van die geheel en op mekaar bou, die erediens mense in



beweging bring en krag uitstraal. Al die elemente moet oploop tot 'n klimaks waarmee mense inbeweeg in die wêreld in as God se sendelinge en kinders.

4. Betekenisvolle verhoudingsgroepe

Die vierde kenmerk van effektiewe gemeentes is dat daar op betekenisvolle verhoudingsgroepe gefokus word waar lidmate kan behoort, met ander kan deel en ondersteunende versorging kan geniet (Callahan, 1983:35). Verhoudingsgroepe is groepe verbondsmense wat vir mekaar omgee, maar steeds integraal deel bly van die gemeente (Callahan, 1983:35).

5. Sterk leierskaphulpbronne

Die vyfde eienskap van effektiewe gemeentes is 'n sterk groep sleutelleiers wat uitstekend saamwerk en strategiese doelwitte behaal. Sterk leierskap genereer krag en momentum om 'n gemeente vorentoe te neem deur die vorige vier eienskappe te ontwikkel en toe te pas (Callahan, 1983:41).

Sterk leiers deel vrymoediglik die koers en visie soos hulle dit sien, maar skep ruimte vir ander om dieselfde te doen (Callahan, 1983:42). Gebalanseerde leiers is omring deur mense met analitiese, ondersteunende, en relasionele vermoëns (Callahan, 1983:42).

Geskrewe, spesifieke, meetbare, konkrete, berykbare, interafhanklike doelstellings is kenmerkend van goeie leiers. Goeie leiers fokus daarop om deur die minimum doelwitte soveel as moontlik reg te kry (Callahan, 1983:43).

Callahan (1983:43) stel dat hoe meer 'n gemeente bereik het, hoe beter sal die leierskorps ontwikkel wees. Die beginsel wat hy voorhou sluit in dat 'n oormaat aktiwiteite die leierskorps verswak. Die aktiwiteite moet indiens wees van spesifieke doelwitte.

Kontinuiteit in leierskap is geweldig belangrik aangesien elke leier ondervinding opdoen wat verlore gaan as sy dienstyf verby is (Callahan, 1983:44).



hulle kan terugval tydens uitdagings in die komitee se werksaamhede. (Callahan, 1983:59).

7. Verskeie toereikende programme en aktiwiteite

Die fokus val hier op die hoeveelheid programme en aktiwiteite wat die kerk aanbied en hierdie programme se kwaliteit. Callahan (1983:70) stel voor dat slegs 'n paar programme van hoë gehalte aangebied word. Op dié wyse groei respek in die gemeenskap vir die gemeente. Die program moet egter nie 'n doel opsigself wees nie, maar 'n fokus op dié mense wat daaraan deel het, moet daardeur bereik word

8. Die toeganklikheid van die gemeente

Die toeganklikheid van die gemeente bestaan uit die toeganklikheid van die ligging van die gemeente, die visuele toeganklikheid en die toeganklikheid van die gemeentelede. Die ligging se toeganklikheid het betrekking op die tyd wat dit neem om van gemeentelede se huise na die kerk te ry, die verkeersvloei na die gemeentesentrum en die verkeersvloei uit die gemeentesentrum. Die visuele toeganklikheid het te make met die ingange en uitgange van die gemeente se grond en die gebou, sowel as die gevoel van openheid van die gebou. Dit moet so ontwerp wees om swaar verkeer te kan hanteer van mense wat tegelyk inkom en uitgaan, sowel as verkeer van gestremde mense. Die toeganklikheid van die gemeentelede word hoofsaaklik bepaal deur die toeganklikheid van die gemeente se leiers vir die gemeentelede, die gemeenskap en vir dié wat die kerk andersins bedien.

Hierdie saak, stel Callahan (1983:76), gaan toenemend belangrik word aangesien mense se lewens meer en meer kompleks word. Gemeentes sal doelbewus toeganklik moet wees vir alle mense.

9. Opvallende sigbaarheid



Die toeganklikheid van die gemeente en die sigbaarheid daarvan is twee onskeibare kenmerke van effektiewe gemeentes. Daar is drie arenas waarin die gemeente kan groei in sigbaarheid.

Die gemeentesentrum se fisiese sigbaarheid is die eerste arena wat beter ontwikkel kan word deur die sigbare fronte van die gebou sigbaar te hou en/of deur tuinuitleg of grondontwikkeling voorturend te verander. Dit is ook van belang om nie toe te laat dat bosse en bome die kerk totaal toegroei nie. Die naamborde moet so geplaas word dat dit vinnig leesbaar is.

Die gemeenskap is ook bewus van die gemeente as die gemeenteliers in die gemeenskap betrokke is. Hierdie eienskap word ook bevoordeel as die gemeenskap 'n warm gevoel koester oor die werk van die gemeente en die gemeenteliers. Mense is immers die beste aanwysers na die gemeente. Mense wat ander help, dra die meeste by tot die sigbaarheid van 'n gemeente.

Die media is die derde en laaste arena waarin die kerk kan groei in sigbaarheid. Geloofwaardige en opbouende aksies kan deur die media in die gemeenskap bydra tot die effektiwiteit van die gemeente. Dit is ook van waarde om vertrouensverhoudings met die media te bevorder.

10. Voldoende parkering, grond en landskapsontwikkeling

Parkering, grond- en landskapsontwikkeling is van die eienskappe wat afgeskeep word in die bestuur van 'n gemeente. Hierdie faktore is egter almal interafhanklik en dra uiteindelik by tot die deelname van lidmate (Callahan, 1983:86). Genoegsame parkering, ontwikkelbare grond en aantreklike tuinuitleg is 'n wenkombinasie (Callahan, 1983:92).



11. Voldoende ruimte en fasiliteite

Kerke maak gereeld die fout om die gemeentesentrum te klein te bou (Callahan, 1983:95). Die mees konstruktiewe wyse om die geboue en fasiliteite van 'n gemeente te beplan is om die langtermyn doelwitte en sendinginisiatiewe te beplan en die geboue na die tyd by te bou (Callahan, 1983:95). Die fasiliteite kan deeglik geanaliseer word om te bepaal watter spasies die meeste gebruik word en watter spasies tans onderbenut word. 'n Balans moet tussen die spasie van die verskillende fasiliteite heers. Die toestand van die fasiliteite kan ook voortdurend gemonitor word, sodat verbeterings betyds aangebring kan word.

Die eerste gemeentesentrum moet groot genoeg gebou word sodat die struktuur nie die groei inhibeer nie (Callahan, 1983:100, 103). Die gebou moet veeldoelig (Callahan, 1983:101) en koste-effektief wees (Callahan, 1983:102).

12. Gesonde finansiële hulpbronne

Soliede finansiële hulpbronne vind hulle fundamente in 'n deeglike onderrig oor rentmeesterskap (Callahan, 1983:106). Om geld te spaar kan nie kwalifiseer as rentmeesterskap nie, maar wel die aanwending van finansiële hulpbronne om missionêre aktiwiteit te vermeerder, om die effektiwiteit van die plaaslike gemeente te verbeter en om gesinne te vermeerder wat maandeliks finansiël bydrae tot die lewe en missie van die gemeente. Callahan (1983:108) dui aan dat die deelname van mense aan die aktiwiteite van die kerk in direkte verband staan met die kerklike bydraes. Mense wat bydra is immers meer geneig om by te dra. Die hoeveelheid deelnemers kan verhoog word deur besoeke van gemeentelede aan gesinne wat buitekerklik is. Die besoeke moet fokus op effektiewe hulpverlening.

Daar moet egter 'n gepaste balans wees tussen die gemeente se maandelikse inkomste, nuwe inkomste, tantieme, bates en laste. Die finansiële komitee moet die vyf faktore in die lig van die gemeente se langtermynplanne beskou.



(Callahan, 1983:111) noem 'n insiggewende beginsel as hy stel: "...money follows mission, not the reverse." Mense gee immers makliker geld vir sendingwerk as vir instandhouding (Callahan, 1983:112). "The church that has a substantial mission tends to raise a substantial amount of money." (Callahan, 1983:95). Hierdie stelling word verstewig met Callahan (1983:112) se beginsel dat mense eerste vir mense gee, daarna vir doelwitte en daarna ten bate van programme. Om hierdie rede moet fondsinsamelings op verhoudings gebaseer wees. Hierin lê ook die beginsel dat mense meer belangrik as geld is, want sodra daar 'n geldingesteldheid heers, is daar altyd die gevaar dat mense afgeskeep sal word.

2.1.3 Samevatting

Callahan (1983) beklemtoon dat God teenwoordig is in die gemeente se hede en toekoms en dat Hy besig is om sy kerk te lei op die pad van vernuwing en groei (GKSA, 2000: Bylae 8). Die gemeente moet daarom nie fokus op hulle eie behoeftes, vrese en leemtes nie, maar op hulle sterkpunte. 'n Gemeente moet die kuns aanleer om verstandiger as harder te werk. Dit doen die gemeente wanneer hulle gereeld die nuwe sterkpunte na die oppervlak bring en daarop konsentreer. Effektiewe langtermynbeplanning bou op die hoop wat God gee, nie op menslike verwagtings nie.

Schwarz (1996) en Warren (2002) verskil van Callahan (1983) in die opsig dat Callahan (1983) nie 'n strategie daarstel wat geïmplementeer kan word nie. Callahan (1983), die oudste van die gemeentebou-inisiatiewe, onderbeklemtoon egter gawe-georiënteerde bediening en passievolle spiritualiteit. Albei kwaliteitseienskappe verteenwoordig die vierdie basisteoretiese beginsel (vgl. 4., Hoofstuk 2).

Callahan (1983) het egter die volgende metateoretiese perspektiewe ten opsigte van die ander basisteoretiese stellings na die oppervlak gebring wat van belang is vir die res van die studie.

- Bemagtigende leierskap word in die praktyk verweselik deur sterk leiers wat krag en momentum genereer om die gemeente saam te laat werk om strategiese doelwitte te behaal (vgl. 3.2, Hoofstuk 2 & 2.1.2.1-5). Funksionele strukture en deeglike,



deelnemende besluitneming, gebaseer op wedersydse vertrouwe, respek en integriteit, is interafhanklike komponente wat meewerk tot 'n effektiewe en suksesvolle gemeente (vgl. 3.3, Hoofstuk 2 & 2.1.2.1-6).

- Behoeftige-georiënteerde sending word in die praktyk verwesenlik deur spesifieke en konkrete evangelisasiedoelstellings te stel en te bereik (vgl. 3.7, Hoofstuk 2 & 2.1.2.1-1).
- Inspirerende eredienste word in die praktyk verwesenlik deur korporatiewe en dinamiese aanbidding (vgl. 3.5, Hoofstuk 2 & 2.1.2.-3).
- Liefdevolle verhoudings en holisitiese kleingroepe word in die praktyk verwesenlik deur groepe verbondsmense wat vir mekaar omgee, maar steeds integraal deel bly van die gemeente (vgl. 3.8 & 3.6, Hoofstuk 2 & 2.1.2.-4).

2.2 “PURPOSE DRIVEN CHURCH.” – RICK WARREN

2.2.1 Inleiding

Rick Warren is die predikant van die Saddleback Valley Community Church (SVCC) in California, V.S.A. In 1980 het hy die gemeente begin met een huisgesin in sy woonkamer en tot op datum het dit gegroei tot 5 000 lidmate. Die eredienste het 'n gemiddelde weeklikse bywoning van 10 000 mense. Criswell (Warren, 2002:12) stel dat SVCC as die mees effektiewe kerk in Noord-Amerika beskryf kan word.

In “Purpose driven Church” (Warren, 2002) word die oortuigings, beginsels en praktyke van SVCC beskryf. “Saddleback’s growth is a sovereign act of God that cannot be replicated. However, we should extract the lessons and principles that are transferable.” (Warren, 2002:66.)

Sy uitgangspunt is dat God golf na golf van ontvanklike hoorders skep as gevolg van die wye verskeidenheid probleme wat ons samelewing vandag beleef (Warren, 2002:14). Die kerk beskik egter nie oor die nodige vaardighede om die golwe te hanteer wat God skep nie. Hy is van mening dat die groei van die kerk direk afhanklik is van die kerk se vaardighede om die golwe wat God skep, te ry. Hy meen nie om deur die boek (2002) aan te toon hoe golwe van



geestelike groei geskep kan word nie, maar hoe om te herken wat God doen, hoe om saam te werk met wat God doen en hoe om meer vaardig te word om die golwe van God se seën te ry. “Churches grow by the power of God through the skilled effort of people.” (Warren, 2002:59) Die vraag wat hy aanbeveel daarom deur die gemeente gevra moet word, is: “Watter obstrukties keer die golwe van groei wat God stuur?”

Sy kerkbegrip fokus op die kerk as organisme en nie as organisasie nie. “The Church is not a business... It is alive. If a church is not growing it is dying.” (Warren, 2002:16.) ‘n Liggaam is gebalanseerd om te kan leef, anders ervaar die liggaam ‘n ‘dis-ease’, ‘n onbalans wat ongemak veroorsaak. Gesondheid van die liggaam vind egter eers plaas as al die fasette van die liggaam in balans gebring word. Dit is die rede waarom hy aanvoer dat die kernsaak van die kerk in die een-en-twintigste eeu die gesondheid - en nie die groei nie - van die kerk gaan wees nie. “Healthy churches don’t need gimmicks to grow – they grow naturally.” (Warren, 2002:17.) Die proses om stabiele en soliede kerke te bou neem egter tyd. Dit kan vergelyk word met die groeitydperk van ‘n sampioen en ‘n eikeboom. God gebruik ses dae om sampioene te laat groei, terwyl Hy sestig jaar gebruik om stabiele, soliede eikebome te laat groei (Warren, 2002:141). Die kerk behoort ook nie te kies tussen kwantitatiewe groei en kwalitatiewe groei nie. Die kerk behoort altwee na te streef. Kwaliteit verwys na die soort dissipels wat deur die kerk geproduseer word, terwyl kwantiteit na die hoeveelheid dissipels verwys wat deur die kerk geproduseer word. (Warren, 2002:50-51). Die kerk se kwaliteit het kwantiteit tot gevolg – en omgekeerd! Die kerk se kwantiteit het kwaliteit tot gevolg.

Hy stel dat die kerk egter nie deur andere oortuigings of motiverings gedryf moet word as deur God se doel met daardie spesifieke gemeente nie. “Strong churches are not built on programs, personalities, or gimmicks. They are built on the eternal purposes of God.” (Warren, 2002:80). Dit vereis ‘n nuwe paradigma met twee essensiële elemente. Die kerk moet uit ‘n nuwe perspektief na alles kyk wat gedoen word en ‘n spesifieke proses moet gevolg word om alles doelgedrewe uit te voer. Die nuwe perspektief behels dat alles beskou word deur die lens van die vyf Nuwe-Testamentiese doelwitte. Sodoende kan bepaal word waar die wanbalans in die kerk se doelstellings heers en hoe God bedoel die kerk al vyf doelwitte gebalanseerd moet beoefen. Om God se doel ten volle die gemeente se doel te



maak, moet 'n proses gevolg word. Hierdie proses van die nuwe paradigma word vervolgens saamgevat:

2.2.2 Die proses om 'n doelgedrewe kerk te word

2.2.2.1 Definieer die kerk se doel

Om die kerk se doel te definieër, is daar twee bepalende Skrifgedeeltes. Die eerste is Matt. 22:37–40 en word die 'Great Commandment' genoem. Die tweede is Matt. 28:19–20 en word die 'Great Commission' genoem. In die lig van die tekste is SCVC se leuse: "A Great Commitment to the Great Commandment and the Great Commission will grow a Great Church." Alles wat by SCVC gedoen word, word aan dié leuse gemeet. Hierdie leuse val uit in die vyf doelstellings van die kerk wat op Matt. 22:37-40 gegrond is. Hierna word na dié vyf verwys as die vyf doelstellings van die Nuwe-Testamentiese kerk.

Doelstelling #1: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart (Matt. 22:37-40)

Hierdie doelstelling word verwesenlik tydens *aanbidding* ('worship') (Warren, 2002:103). Gelowiges se liefde vir die Here blyk wanneer hulle saamkom in aanbidding (vgl. Matt. 4:10, Ps 34:4). Warren (2002:49) stel as beginsel dat kerke sterker groei deur aanbidding (Warren, 2002:49).

Doelstelling #2: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself (Matt 22:37-40).

Hierdie doelstelling word verwesenlik tydens *bediening* ('ministry') (Warren, 2002:104). Dit is ook gelowiges se doel om mense te bedien in die Naam van Jesus Christus en sodoende God se liefde te demonstreer. Die kerk moet verskeie soorte behoeftes wat in die gemeenskap bestaan bedien, naamlik: emosionele behoeftes, spirituele behoeftes, relasionele behoeftes en fisiese behoeftes. Warren (2002:49) stel as beginsel dat kerke breër groei deur bediening (Warren, 2002:49).



Doelstelling #3: Gaan maak dissipels (Matt. 28:20)

Hierdie doelstelling word verwesenlik tydens *evangelisasie* (Warren, 2002:104). Dit is ook gelowiges se doel om die evangelie aan die wêreld te kommunikeer (vgl. Mark. 16:15; Luk. 24:47–49; Joh. 20:21; Hand. 1:8). Om hierdie rede moet kerkgroei nie nagejaag word as ons eie doelstelling nie, maar omdat God mense wil red. Warren (2002:49) stel as beginsel dat kerke groter groei deur evangelisasie (Warren, 2002:49).

Doelstelling #4: Doop hulle

Deur die doop word die deelwording van die liggaam van Christus gesimboliseer. As Christene word ons geroep om te behoort aan die kerk en nie net te glo aan die kerk nie. (Vgl. Ef. 2:19.) Hierdie doelstelling word verwesenlik wanneer die *gemeenskap* ('fellowship') tussen gelowiges beoefen word (Warren 2002:105). Warren (2002:49) stel as beginsel dat kerke warmer groei deur gemeenskap (Warren, 2002:49).

Doelstelling #5: Leer hulle om alles te onderhou

Hierdie doelstelling word deur die woord *dissipelskap* beskryf (vgl. Ef. 4:12b–13; Kol. 1:28; Warren, 2002:106). Deur dissipelskap streef gelowiges om meer en meer soos Christus te wees in hulle gedagtes, gevoelens en aksies. Dissipelskap gaan voort vir die res van die gelowige se lewe en moet deur die kerk gefasiliteer word (Warren, 2002:106). Warren (2002:49) stel as beginsel dat kerke dieper groei deur dissipelskap (Warren, 2002:49).

Hierdie vyf doelstellings moet in balans wees, vir groei om plaas te vind. Dit is egter die mens se natuur om dinge uit balans te bring deur sekere dinge te beklemtoon wat hy voel belangrik is. 'n Struktuur en strategie kan egter goed aangewend word om die kerkleierskap te forseer om doelgerig in balans te bly (Warren, 2002:51). Warren (2002:109) stel dat hierdie stellings nie net 'n teiken is wat jy moet bereik nie maar dat dit die gemeente se rede vir bestaan is. Warren (2002:108) is van mening dat 'n kerk nie gebou word deur programme nie. Hy is van mening dat mense gebou word deur 'n proses.



Warren (2002:108) vat al vyf hierdie doelstellings saam in SCVC se prosesmatige doelstelling, naamlik:

“To bring people to Jesus and *membership* in his family, develop them to Christlike *maturity*, and equip them for their *ministry* in the church and life *mission* in the world, in order to *magnify* God’s name.”

2.2.2.2 Kommunikeer die doel van die kerk gereeld aan die gemeente

Hierdie faset van die proses om ‘n gemeente doelgedrewe te maak, beklemtoon die belangrikheid van die kommunikasie van die kerk se doelstellings (Warren, 2002:111). Die beginsel is dat die kerk se visie elke 26 dae hernu moet word, anders verloor die gemeente ‘n gevoel van doelgedrewendheid. “If you fail to communicate your statement of purpose to your members, you may as well not have one.” (Warren, 2002:112.)

Warren (2002:112-116) stel voor dat die kerk se doel deur prediking, simbole, leuses, stories en gedetailleerde planne gekommunikeer kan word. In die proses om die doelstellings te kommunikeer, maak SCVC die gemeente se doelstellings ook die individu se doelstellings. Doelstellings word nie net as ‘n verantwoordelikheid aangedui nie, maar ook ‘n voorreg om te geniet (vgl. Kol 3:15). In die volgende tabel kan gesien word hoe verskeie invalshoeke dieselfde doelstellings kommunikeer.



Purpose	Task	Acts 2:42-47	Objective	Target	Life component	Basic human need	The Church provides	Emotional benefit
Outreach	Evangelize	"And the Lord added to their number daily those who were being saved."	Mission	Community	My Witness	Purpose to live for	A Focus for living	Significance
Worship	Exalt	⁴² "They devoted themselves to... the breaking of bread and to prayer... praising God."	Magnify	Crowd	My Worship	Power to live on	A Force for living	Stimulation
Fellowship	Encourage	"Devoted to the fellowship...all the believers were together...they ate together."	Membership	Congregation	My Relationship	People to live with	A Family for living	Support
Discipleship	Edify	"They devoted themselves to the apostles' teaching."	Maturity	Committed	My Walk	Principles to live by	A Foundation for living	Stability
Service	Equip	"They gave to anyone as he need."	Ministry	Core	My Work	Profession to live out	A Function for living	Self-expression

Warren (2002:119).



2.2.2.3 Organiseer die kerk rondom die doelstellings

Warren (2002:122) is van mening dat alle kerke ongebalanseerd sal wees as daar nie 'n sisteem of struktuur in plek is om die vyf Nuwe-Testamentiese beginsels in balans te bring nie. Sonder so 'n struktuur sal die predikant se gawes en passies die meeste klem kry (Warren, 2002:129).

SVCC word rondom twee konsepte georganiseer. Die "Circles of Commitment" en die "Life Development Process".

2.2.2.4 Pas elke doelstelling in elke faset van die kerk toe

Hierdie stap is die moeilikste stap in die proses om 'n doelgedrewe kerk te word. Dit is die skrywer se mening dat die tien toepassings van doelgedrewe kerke vergelykbaar is met Callahan (1983) se Twelve Keys to an effective Church en Schwarz (1996) se Natural Church Development. Warren (2002:138) beveel die volgende tien aksies aan om 'n doelgedrewe kerk te word :

1. Dit moet die kerk se doel wees om nuwe lidmate op te neem.


Die beginsel is dat gemeentes werklik groei as die gemeente van buite na binne gestimuleer word. Die fokus moet nie op die kerngroep val nie, maar op die gemeenskap, aangesien klein gemeentes se kerngroep al vir baie jare Christene is en dus min tot geen ongelowige vriende het om in te nooi (Warren, 2002:138). In hierdie toepassing is die "Circles of Commitment" 'n voorbeeld van 'n strategie wat gevolg kan word (Warren, 2002:131-135).



1.1 “Circles of Commitment”

Hierdie struktuur is deel van die gemeente se doelgedrewe organisasie. Die vyf konsentriese sirkels verteenwoordig vyf verskillende vlakke van verbintenis aan die kerk deur gelowiges. Die doel is om soveel as moontlik mense van die grootste sirkel, die gemeenskap te beweeg na die kerngroep toe.

5 Circles of Commitment



Figuur 2

Deur die “Circles of Commitment”-strategie (Warren, 2002:130) word ‘n multidimensionele bediening gebou wat fokus op elke vlak van gelowiges se verbintenis. Nuwe lidmate word op ‘n doelgerigte wyse opgeneem en toegerus om te groei in elk van die vyf Nuwe-Testamentiese doelstellings. Sodra al vyf groepe, wat elk fokus op een van die vyf Nuwe-Testamentiese doelstellings, mooi op dreef is, kan voortgegaan word om aan elke groep gelyke aandag te gee.



➤ Die gemeenskap

Die SCVC se doelstelling ten opsigte van die gemeenskap is om hulle te evangeliseer. Die gemeenskap is mense wat binne 'n paar kilometer van die kerk af woon, wat geen verbintenis tot Jesus Christus gemaak het nie. Op verskeie wyses word gepoog om die gemeenskap in te trek en uiteindelik deel te laat word van die kerngroep (Warren, 2002:131).

Warren (2002:160) gebruik die teikengroep-evangelisasiemodel. Die teikengroep word bepaal deur vas te stel wie die gemeente heel moontlik die beste sal kan bereik (Warren, 2002:173). Die spirituele ontvanklikheid van die gemeenskap word bepaal en die teikengroep word geografies, demografies, kultureel en spiritueel gedefinieer (Warren, 2002:160-172). Die teikengroep moet jou benadering bepaal (Warren, 2002:196) deur die fokus te stel op die behoeftes van die buitekerklikes (Warren, 2002:197).

➤ Die skare

Die SCVC se doelstelling ten opsigte van die skare is om hulle saam te laat aanbid. Die skare bestaan uit gelowige en ongelowige mense wat redelik gereeld die eredienste bywoon. Alhoewel ongelowiges nie in waarheid kan aanbid nie, is die aanbidding deur gelowiges 'n kragtige getuienis (Warren, 2002:132).

Christus se bediening kan vandag, soos in die Nuwe-Testamentiese tyd, ook skares trek (Warren, 2002:107). Christus het hierdie skares getrek deur die volgende drie dinge te doen :



❖ *Jesus Christus het die mense lief gehad (Matt. 9:36, et al.).*

Warren (2002:208-210) fokus op die feit dat gemeentes nie groei nie omdat hulle buitelanders nie liefhet nie. Die predikant maak homself ook hieraan skuldig. “Love draws people in like a powerful magnet. A lack of love drives people away.” (Warren, 2002:210).

❖ *Jesus Christus het ongelowiges se fisiese, emosionele, geestelike en finansiële behoeftes tegemoet gekom (vgl. Matt. 15:30; Luk 6:17-18; Joh 6:2, et al.).*

Die kerk moet daarom nie net mense se geestelike behoeftes tegemoet kom nie, want die behoeftes loop oor in mekaar in (vgl. Jak 2:15-16). “Look behind the hype of every growing church and you will find one common denominator: They have figured out a way to meet the real needs of people.” (Warren, 2002:221). Die gemeenskap moet nagevors word om die behoeftes te bepaal en ooreenstemmende uitreike moet beplan word om die behoefte te gebruik om die evangelie te verkondig.

❖ *Jesus Christus het mense op interessante en praktiese wyse geleer en vir hulle gepreek (Matt 13:34; Mark 10:1, 12:37).*

Hy het by mense se behoeftes, hartseer en belangstellings begin (vgl. Luk. 4:18-19; Matt. 9:36) en het die Woord en die daaglikse lewe met mekaar in verband gebring (vgl. Matt. 5-7). Sy styl het ook die skares baie geïnteresseer (vgl. Mark 12:7; Matt. 13:34).

➤ Die gemeente

Die SCVC se doelstelling ten opsigte van die gemeente is om hulle gemeenskap te laat beleef. Gelowiges is die amptelike lidmate van die gemeente. Hulle is gedoop en het 'n verbintenis gemaak om deel te wees van die kerklike familie (Warren, 2002:132).



➤ Die toegewyde lidmate

Hierdie groep verwys na die lidmate wat ernstig is oor groei in hulle dissipelskap, maar om die een of ander rede nog nie aktief dienswerk in die gemeente doen nie. Om dié rede is die doelstelling ten opsigte van die toegewyde lidmate om hulle te laat groei in dissipelskap, totdat hulle aktief kan deelneem aan die dienswerk wat die gemeente doen (Warren, 2002:133).

➤ Die kerngroep

Hierdie groep verteenwoordig die groep mense wat toegewy en reeds aktief is in hulle dienswerk. Die kerngroep neem leiding en bedien in verskeie bedieninge van die kerk. Die doelstelling ten opsigte van die kerngroep is om hulle te laat groei in die bediening wat ooreenstem met hulle afsonderlike gawes. Wanneer lidmate tot so 'n mate gegroei het in hulle verbintenis aan die Here en die kerk dat hulle deel is van die kerngroep, word hulle onmiddelik aangewend in bedienings in die gemeenskap. Sodoende groei die gemeente van buite na binne (Warren, 2002:134).

2. Beplan die gemeenteprogram rondom die gemeente se doelstellings

Die gemeenteprogram moet op so 'n wyse beplan word dat elk van die vyf Nuwe-Testamentiese doelstellings bereik word. Watter strategie ookal gebruik word, die doel van elke aksie vir die program moet duidelik wees en die gestelde doelwitte dien. Aksies wat nie die doelstellings dien nie moet vervang word met aksies wat die doel beter dien (Warren, 2002:140).

SCVC gebruik die “Circles of commitment” as programmeringsstrategie. Sodoende word die program beplan om die vyf Nuwe-Testamentiese doelstellings ten opsigte van elke groep te bereik (vgl. Warren 2002:119).




3. Onderrig die lidmate na aanleiding van die doelstellings

Die onderrig wat die kerk aanbied moet ten doel hê om mense te help om 'n lewenstyl van die vyf Nuwe-Testamentiese doelstellings aan te neem.

Die proses wat SCVC gebruik, beloon mense wanneer hulle nie net die Woord hoor nie, maar ook daarop reageer deur die doelstellings deel van hulle lewenstyl te maak. SCVC noem die proses die "Life Development Process" (vgl. Figuur 3) en dit is die tweede organisatoriese struktuur wat SCVC gebruik om die Vyf Nuwe-Testamentiese doelstellings te bereik.

Die diagram gebruik die uitleg van 'n bofbalbaan om die onderrigproses te verduidelik. Elke rus ('base') dui 'n dieper vlak van verbintenis van die individu aan die vyf Nuwe-Testamentiese doelstellings aan (Warren, 2002:144).

The Life Development Process



Figuur 3



Die eerste rus word bereik as die nuwe lidmaat *C.L.A.S.S. 101* voltooi het en homself verbind het aan SCVC. Die tweede rus word bereik nadat *C.L.A.S.S. 201* voltooi is en die lidmaat homself verbind het aan geestelike groei. Die derde rus word bereik as *C.L.A.S.S. 301* voltooi is en die lidmaat homself verbind het om te dien in 'n bediening van die gemeente. Die lidmaat is weer terug by die tuisbasis as *C.L.A.S.S. 401* voltooi is en hy homself verbind het om sy geloof by die huis en op sendinguitreike met ander te deel. Die lidmaat word dus eers deel van die gemeente en gelei om te groei tot geestelike volwassenheid. In *C.L.A.S.S. 301* word moeite gedoen om elke lidmaat se bediening te ontdek en toe te rus, in *C.L.A.S.S. 401*, om sy bediening uit te leef. (Warren, 2002:145.)

4. Begin kleingroepe na aanleiding van die doelstellings

Die kerke moet kleingroepe tot stand bring wat toegelaat word om in 'n spesifieke rigting te spesialiseer. Lidmate kan dus 'n kleingroep kies wat hulle spesifieke behoefte dien en ooreenstem met hulle belangstellings, hulle plek in die lewensiklus en hulle geestelike volwassenheid. Dit is slegs nodig dat elke kleingroep één van die vyf Nuwe-Testamentiese doelstellings nastreef en bereik (Warren, 2002:146).

Die volgende soorte kleingroepe bestaan by SCVC :

- Groepe vir soekendes
- Ondersteuningsgroepe
- Diensgroepe
- Groeigroepe



5. Neem personeel in diens na aanleiding van die doelstellings

Personeel wat aangestel word moet 'n doelgebaseerde werksbeskrywing hê (Warren, 2002:147). Die plasing van personeel stem ooreen met aansoekers se spesifieke gawes. Die aansoeker se passie vir 'n spesifieke doel moet vasgestel word en dienooreenskomstig word moet hy aangestel word.

6. Struktureer na aanleiding van die doelstellings

Die struktuur van die kerk moet deur die doelstellings bepaal word, met die gevolg dat verskeie spanne moet toesien dat die vyf Nuwe-Testamentiese doelstellings bereik word (Warren, 2002:148).

Die volgende vyf spanne, wat elk gelei word deur 'n predikant, maak die struktuur van SCVC uit :

- Die Sendingspan: Hulle doelstelling is die evangelisasie van die teiken, naamlik die gemeenskap.
- Die Verheerlikingspan: Hulle doelstelling is die aanbidding deur die teiken, naamlik die skare.
- Die Lidmaatspan: Hulle doelstelling is die gemeenskap van die teiken, naamlik die gemeente.
- Die Volwassenheidsplan: Hulle doelstelling is die dissipelskap van die teiken, naamlik die toegewyde groep.
- Die Bedieningspan: Hulle doelstelling is die bediening deur die teiken naamlik die kerngroep.

7. Preek na aanleiding van die doelstellings

Om die toepassing van die doelstellings te laat verwesenlik moet die preekrooster so beplan word dat die vyf Nuwe-Testamentiese doelstellings jaarliks in reekse deurgepreek word (Warren, 2002:149). Deur die



doelstellings van verskeie kante te belig in die prediking, word die gemeente getransformeer en nie bloot ingelig nie (Warren, 2002:228).

8. Begroot na aanleiding van die doelstellings

Die gemeente se begroting weerspieël die gemeente se prioriteite (Warren, 2002:150). Om elk van die vyf Nuwe-Testamentiese doelstellings te bereik, is dit nodig dat genoeg geld aan elk van die doelstellings spandeer word. Die begroting moet opgedeel word in die hoeveelheid doelstellings van die gemeente en moet die begrote bedrag vir elke doelstelling weerspieël.

9. Beplan die kalenderjaar na aanleiding van die doelstellings

Beide die begroting van geld en tyd bepaal die gemeente se prioriteite (Warren, 2002:150). Warren (2002:150) beveel aan dat twee maande per jaar aan elk van die vyf doelstellings spandeer word. Die span wat met die doelstelling gemoeid is, kry dus die geleentheid om in die twee afsonderlike maande die doelstelling dwarsdeur die kerk te bevorder deur kreatiewe aksies.

10. Evalueer na aanleiding van die doelstellings

Om as 'n gemeente effektief in 'n voortdurend veranderende wêreld te bly, moet gereelde evaluerings uitgevoer word (Warren, 2002:151). Die doelstellings is die standaard waaraan effektiwiteit gemeet moet word. Op dié manier kan ingeligde besluite geneem word om voorsorg te maak vir moontlike probleme.



2.2.3 Samevatting

Die hele aanpak is 'n geweldige positiewe bydrae aangesien die doel van die kerk verwerklik word deur die verantwoordelike omgaan van die kerk met die gawes wat God gee. Warren (2002:57) stel in die opsig dat die omgaan met die gawes effektief moet wees: "The point is, work smarter, not harder."

Die basiese strategie fokus daarop dat die gemeente doelstellings vanuit die Bybel definieer. Hierdie doelstellings moet ywerig nagejaag word deur spanne, ten opsigte van spesifieke teikengroepe. Die hele gemeente moet rondom hierdie doelstellings georganiseer word om uiteindelik die doelstellings toe te pas. Warren (2002) het 'n vurige begeerte om Matt. 22:37 en Matt. 28:20 praktyk te laat word. Om dié rede fokus hy daarop om die kerk van buite na binne te laat groei deur die gemeenskap na die kerngroep toe te trek en toe te rus.

In hierdie opsig kan dit genoem word dat Schwarz (1996) en Warren (2001) beide fokus op doelgerigte bediening. Warren (2001) se doelgedrewendheid is egter staties, vasgelê in 'n langtermynstrategie. Schwarz (1996) fokus op aktiewe, doelgerigte bestuur. Die kwaliteitseienskap wat die laagste ontwikkel is, dien as die bedieningsfokus tot die volgende toetsing, wat weer 'n nuwe laagste (of dieselfde) kwaliteitseienskap as die laagste aantoon. Die eienskap wat die laagste ontwikkel is, word deur die sterkste eienskap ontwikkel totdat daardie eienskap nie meer die laagste is nie (Schwarz, 1996:43).

Warren (2002), wat die jongste van die twee modelle is, beklemtoon elkeen van die NCD-beginsels baie goed.



Warren (2002) het die volgende perspektiewe ten opsigte van die basisteoretiese stellings na die oppervlak gebring, wat van belang is vir die res van die studie:

- Bemagtigende leierskap word in die praktyk verwesenlik deur lidmate voortdurend te onderrig volgens die doelstellings (vgl. 2.2.2.4 & 3.2, Hoofstuk 2). Funksionele Strukture word in die praktyk verwesenlik deur die beplanning, onderrig, kleingroepe, personeel, struktuur, preke, die begroting, die jaarkalender en evaluering na aanleiding van die doelstelling te organiseer (vgl. 2.2.2.4 & 3.3, Hoofstuk 2).
- Behoefte-geörienteerde sending word in die praktyk verwesenlik as daar deur middel van teikengroepevangelsing navorsing gedoen is oor die emosionele, geestelike, fisiese en finansiële behoeftes van ongelowiges in die area (vgl. 2.2.2.4 & 3.7, Hoofstuk 2).
- Inspirerende eredienste word in die praktyk verwesenlik as 'n skare saamkom in aanbidding (vgl. 2.2.2.4 & 3.5, Hoofstuk 2).
- Holistiese kleingroepe en liefdevolle verhoudings word in die praktyk verwesenlik as ons mekaar liefhet en gemeenskap beoefen (vgl. 2.2.2.1). Die gemeente kan onderrig word in die verantwoordelikhede van lidmaatskap en kerklike dissipline kan toegepas word (vgl. 2.2.2.4; 3.6 en 3.8, Hoofstuk 2).
- Gawe-geörienteerde bediening en passievolle spiritualiteit word in die praktyk verwesenlik deur die gemeente te lei in dissipelskap (vgl. 2.2.2.4). Dissipelskap behels dat die toegewyde lidmate gelei word om 'n bediening te vind wat met hulle gawes ooreenstem en deurdat nuwe lidmate gehelp word om gewoontes aan te leer wat tot spirituele ryphed sal lei (vgl. 2.2.2.4; 3.2 en 3.3, Hoofstuk 2).

2.3 METATEORETIESE PERSPEKTIEWE VANUIT DIE BESTUURSWETENSKAPPE

2.3.1 Inleiding

In die lig van bogenoemde strategieë is dit duidelik dat 'n meer kreatiewe toepassing van die basisteoretiese beginsels moontlik is. Die bestuurswetenskappe bied vervolgens perspektiewe aan oor die rolspelers in verandering en in die bestuur daarvan. Die bestuurswetenskappe kan waardevolle perspektiewe lewer om tot praktyk-teoretiese riglyne te kom, veral met betrekking tot bemagtigende leierskap en funksionele strukture.



Die basisteoretiese beginsels verteenwoordig reeds 'n visie wat te midde van die huidige situasie bereik moet word. Coetsee (2002:i) stel as uitgangspunt dat leiers mense nie kan motiveer om doelwitte te bereik nie. Leiers kan egter 'n motiverende omgewing skep waarin mense hulleself motiveer om 'n visie te verwesenlik. Hierdie visie moet immers bereik word in 'n sekere omgewing, wat òf 'n motiverende òf 'n demotiverende klimaat beleef. In hierdie opsig kan leierskap 'n belangrike 'klimaatveranderingsagent' wees en moet dit daarom oor die vermoë beskik om die verandering van die klimaat te bestuur.

Coetsee (2002:18) fokus daarop om deur die visie-gerigte toewydingstrategie 'n motiverende klimaat te skep waarin produktief gewerk kan word om die visie te bereik. 'n Motiverende klimaat kan as 'n inspirerende omgewing gedefinieer word, waarin mense hulleself in lyn bring en toewy om die visie van die organisasie te verwerklik (Coetsee, 2002:18). Om dít te bereik is bestuurder-leiers, wat gefokus is op die visie, die belangrike rolspelers.

2.3.2 Leierskap

Deur leierskap kan die klimaat in die omgewing verander word om mense hulleself te laat rig en toewy om die visie te bereik (Coetsee, 2002:24). Die leierskap moet dus in staat wees om transformasie te bestuur ten bate van die visie. Om hierdie rede word kortliks na die nuutste ontwikkelings op die vlak van transformerende teenoor transaksionele leierskap gekyk en daarna na bestuurderleierskap.

2.3.2.1 Transformerende leierskap

Enige organisasie se leierskap is bepalend vir die rigting en motivering van die werkers. Bass (2002:628) onderskei tussen twee soorte leiers, naamlik transaksionele leiers en transformerende leiers. Hy dui aan dat die wêreld hoofsaaklik nog gebuk gaan onder die benadering van transaksionele leiers, wat die bereiking van doelwitte van hulle werkers verweg in ruil vir betaling. Hierdie leierskapstyl lei uiteindelik tot die middelmatigheid van die werkers se gemoed (Bass, 2002:628). Transformerende leiers daarenteen, lei beter deur hulle 'charisma' wat volgelinge inspireer, deur hulle aandag aan individue se emosionele behoeftes en deur kennis wat hulle volgelinge stimuleer. Die gevolg is dat die volgelinge met



die leiers wil identifiseer, hulle vertrou en respekteer - aangesien hulle nuwe oplossings vir ou probleme kan gee. Transformerende leiers verskaf visie en 'n gevoel van betekenis.

Transformerende leierskap het ook gevolge vir die struktuur van die organisasie. In hoofsaak is die struktuur waarin transformerende leierskap toegepas word meer buigsaam (Bass, 2002:639). Buigsame strukture is veral nodig in vinnig veranderende samelewings. "...uncertainties call for a flexible organization with determined leaders who can inspire employees to participate enthusiastically in team efforts and share in organizational goals." (Bass, 2002:639.) Bass (2002:630) dui selfs aan dat sommige predikante wat transformerende leiers is, kwantitatiewe kerkgroei beleef het.

2.3.2.1.1 Riglyne vir transformerende leierskap

Yukl (2002:263-267) kom tot riglyne vir transformerende leierskap.

1. Transformerende leiers artikuleer 'n helder en aantreklike visie.

Dit word gedoen deur die bestaande visie te versterk of met toewyding te bou aan 'n nuwe visie. 'n Helder visie help mense om die doel, prioriteite en doelwitte van die organisasie te begryp. Dit gee betekenis aan die werk, dien as 'n bron vir selfvertroue en kweek 'n atmosfeer waarin elkeen beseft dat die individu se aksies bydra tot gemeenskaplike betekenis.

Die sukses van 'n visie lê in die suksesvolle kommunikasie van die visie. Persoonlike ontmoetings is die suksesvolste wyse om 'n visie te kommunikeer.

2. Transformerende leiers verduidelik hoe 'n visie bereik kan word.

Dit is belangrik om 'n helder skakel te maak tussen die visie en 'n werkbare plan om dit te bereik. "This link is easier to establish if the strategy has a few clear themes that are relevant to shared values of organizational members." (Yukl, 2002:263). Die leier moet nie voorgee om al die antwoord te weet nie,



maar moet eerder die lede toelaat om 'n bepalende rol te speel deur self te ontdek watter aksies nodig is om die visie te verwesenlik. Om dié rede is dit selde nodig om 'n uitgebreide plan te gee met spesifieke aksiestappe. Die strategie sal oortuigend wees as dit ongewoon maar eenvoudig is.

3. Transformerende leiers tree optimisties en vol selfvertroue op.

Volgelingen sal nie vertroue in 'n visie hê as die leier dit nie self het nie. Om hierdie rede is dit belangrik dat die leier optimisties en vol selfvertroue moet optree. Dit kan aansteeklik wees vir die volginge. 'n Gebrek aan vertroue en optimisme word opmerklik as 'n tentatiewe benadering gebruik word, as twyfelagtige taalgebruik voorkom (bv. "ek dink so"; " miskien"; "hopelik") en deur sommige nie-verbale tekens soos senuweeagtige postuur, gebrek aan oogkontak en fronsende gesigsuitdrukkinge).

4. Transformerende leiers vertrou hul volginge en verwag baie van hulle.

Verskeie navorsers toon aan dat volginge beter presteer as die leier 'n hoë verwagting van hulle het en hulle vertrou (Yukl, 2002:265). Dit is veral noodsaaklik onder moeilike omstandighede. Deur die groep se sterkpunte gereeld te beklemtoon, kan die volginge versterk word.

5. Transformerende leiers gebruik dramatiese, simboliese aksies om sleutelwaardes te beklemtoon.

Deur 'n persoonlike risiko te neem, homself op te offer of iets te doen op 'n ongewone wyse, kan die leier 'n spesifieke waarde die beste beklemtoon.



6. Transformerende leiers neem leiding deur die voorbeeld te stel.

'n Leier wat van sy volgelinge 'n sekere standaard verwag, moet self die standaard onderhou. Om deur voorbeeld te lei is die effektiwiteit en die moeilikste as die aksie onaangenaam, gevaarlik, ongewoon of kontroversieel is.

7. Transformerende leiers bemagtig mense om die visie te bereik.

Bemagtiging het daarmee te make dat die gesag vir besluite wat met die uitvoering van 'n taak te doen het, aan die mense of groepe mense wat die werk gaan doen, oorgelaat word. Mense moet self bepaal wat die beste manier gaan wees om die spesifieke doelwit te bereik. Volgelinge kan ook gelei word om self oplossings vir probleme te vind en daarvoor verantwoordelikheid te aanvaar, alhoewel hulle dit op 'n ander wyse doen as die leier. Volgelinge moet ook genoeg hulpbronne gegee word vir werk waarvoor hulle verantwoordelik gehou word.

2.3.2.2 Bestuurder-leierskap

Bestuurder-leierskap stem baie ooreen met transformerende bestuur en kan as 'n vorm van transformerende bestuur gereken word. Coetsee (2002:18) fokus daarop om deur bestuurder-leiers 'n motiverende omgewing te skep waarin produktief gewerk kan word om 'n visie te bereik (Coetsee, 2002:18). Om dit te bereik is leierskap wat gefokus is op die visie, nodig. Coetsee (2002:61) onderskei daarom tussen die tradisionele bestuurder en die moderne bestuurder-leier.

2.3.2.2.1 Riglyne vir bestuurder-leierskap

Die volgende vyf riglyne is gebaseer op een waardesisteem wat integriteit en betroubaarheid as die mees belangrike waardes het. Dit lei tot effektiwiteit en toewyding.



1. Bestuurder-leiers skep motiverende visies of inspirerende doelstellings.

‘n Visie is ‘n langtermyn doelstelling wat met sekere waardes bereik wil word. Visies en drome sal hulle motiveringskrag verloor as dit in konflik is met die spanlede se waardesisteme. Coetsee (2002:63) stel dat visies “...is a product of your heart, your gut feeling as well as your head, it is emotional and motivating.” Hierdie drome gee betekenis en rigting aan menslike aktiwiteite en staan frustrasie, spanning en depressie teë.

2. Bestuurder-leiers genereer energie in sy spanlede

Die energie wat bestuurder-leiers in hulle spanlede wek is die direkte gevolg van die bestuurder-leier se toewyding aan die visie. Bestuurder-leiers kommunikeer die visie op ‘n aangrypende manier omdat hulle self entoesiasies is oor die visie.

3. Bestuurder-leiers bemagtig mense deur hulle in staat te stel.

Die bestuurder-leier stel spanlede in staat deur seker te maak dat hulle die nodige kennis het om hulle taak te doen. Hy hou hulle voortdurend ingelig aangaande sake wat hulle werk raak. Hy kommunikeer gereeld en sorg dat hulle die inligting verstaan en weet hoe om dit te gebruik.

Hy bemagtig mense deur geleenthede te skep waar hulle kan deelneem en hulle bydrae kan lewer. Hy verwag nie alleen verantwoordelike werk nie, maar verwag ook van hulle om hulle metodes van werk te verbeter. Op dié wyse word eienaarskap geskep en word mense bemagtig. Die effektiewe bestuurder-leier sal mense beloon en erken vir hulle prestasies.



4. Bestuurder-leiers is lewenslange leerders en hulle stimuleer die groei en ontwikkeling van hulle spanlede.

Effektiewe bestuurder-leiers brei hulle kennis en ervaring voortdurend uit en skep 'n opvoedkundige klimaat in 'n omgewing. Behalwe dat hulle nalees oor bestuur en leierskap en kursusse bywoon, leer hulle ook uit hulle foute en kry hulle terugvoer oor hulleself.

'n Goeie bestuurder-leier moedig sy spanlede aan om te groei deur hulle :

- groei en ontwikkelingsbehoefte te bepaal en te bevredig;
- voortdurend daarvoor aan te spreek;
- self tot voorbeeld te wees; en
- in 'n omgewing te laat groei waar 'n klimaat van vertrouwe en integriteit heers.

5. Bestuurder-leiers geniet hulle werk en skep 'n omgewing waarin hulle spanlede ook werksbevrediging ervaar.

Hierdie riglyn word bereik as spanlede elke dag uitsien om te kom werk. Mense sien daarna uit om met kollegas en seniors saam te werk. Die werksomgewing word oorheers met 'n klimaat waarin mense ten volle ontwikkel en daarvoor beloon word met werksbevrediging.

6. Bestuurder-leiers gebruik 'n strategie waarin mense hulleself rig en toewy om die visie te bereik.

Effektiewe bestuurder-leiers gebruik die visie-gerigte toewydingstrategie waarmee 'n inspirerende visie of doelstelling geskep word op grond van 'n gedeelde waardesisteen. Om in staat te wees om visiegerigte toewyding van spanlede te kry, is die volgende elemente nodig:



6.1 Formuleer gemeenskaplike doelwitte en waardes.

Die mate van gemeenskaplike doelwitte en waardes, die effektiwiteit waarop dit aan die spanlede gekommunikeer is en die mate waarin die spanlede hierdie doelwitte en waardes verstaan en eienaarskap daarvan neem, is noodsaaklik vir visiegerigte toewyding (Coetsee, 2002:37).

6.2 Versamel kennis.

Kennis verwys na die opleiding en ontwikkelingsfunksie in 'n organisasie en die skepping van 'n lerende organisasie. Kennis verwys dus na die mate waartoe 'n lerende klimaat in 'n organisasie heers (Coetsee, 2002:37).

6.3 Versprei inligting.

Die mate waartoe inligting versprei word (opwaartse, afwaards en lateraal) en aanvaar en verstaan word deur spanlede, is noodsaaklik vir visiegerigte toewyding (Coetsee, 2002:37).

6.4 Bemagtig spanlede.

Die mate waartoe spanlede in staat is om aan besluitneming deel te neem en dit te beïnvloed, asook die vermeerdering van verantwoordelikhede, is noodsaaklik vir visiegerigte toewyding (Coetsee, 2002:37). Bemagtiging verwys daarna dat spanlede geleenthede gebied word om probleme te identifiseer en te definieer, asook om hulle te nooi om deel te neem aan besluite oor die metodes van werk. Dit impliseer dat spanlede die nodige vermoëns het om hierdie uitdagings te oorkom. Bemagtiging is gebaseer op vertroue.



6.5 Gee belonings en erkenings.

Die organisasie se mate van beloning en erkening, hulle filosofie en beleid en hoe dit toegepas word, is noodsaaklik vir visiegerigte toewyding (Coetsee, 2002:37). Dit verwys na die erkenning (finansieel of mondelings) of weerhouding van erkenning en dissiplinêre verhore.

2.3.2.2.2 Samevatting van bestuurder-leierskap

In die volgende tabel word die riglyne vir bestuurder-leierskap, sowel as die gerigte-toewydingstrategie in verband gebring met die vlakke van inligting, toewyding en weerstand van spanlede.



Bestuurder-leiers formuleer 'n inspirerende visie (Coetsee, 2002:37,63) op grond van gemeenskaplike waardes wat op integriteit en betroubaarheid gegrond is.				
Eienskappe en aksies van bestuurder-leiers. (Coetsee, 2002:61).	Elemente van gerigte-toewydingstrategie (Coetsee, 2002:37).	Vlakke van inligting (Coetsee, 2002:31).	Vlakke van toewyding (Coetsee, 2002:29).	Vlakke van weerstand (Coetsee, 2002:205).
Genereer energie deur die visie te kommunikeer	Versamel kennis	Inligting	Neem kennis (apaties)	Passiewe weerstand (apaties)
Bemagtig spanlede deur die verspreiding van inligting deur toerusting, opleiding, ondersteuning en mentorskap.	Versprei inligting	Insig	Ondersteun	Aktiewe weerstand
Bemagtig spanlede deur hulle te stimuleer deur hulle verantwoordelikhede en toerekeningsvatbaarheid te vermeerder.	Verskaf bemagtiging	Verstaanskennis	Betrokke	Aktiewe weerstand
Versterk werksbevrediging- en verrigting deur belonings en erkenning na aanleiding van terugvoer.	Gee belonings en erkennings	Wysheid	Toegewyd (te toegewyd)	Aggresiewe weerstand (te toegewyd)



2.3.3 Die bestuur van verandering

Met die doel om verandering van die huidige situasie na die visie te beweeg, kry leierskap dikwels met weerstand te doen. Coetsee (2002:204) dui die volgende stappe en veranderlikes aan om verandering te bestuur.

Stappe van die bestuur van verandering		
Stap	Aksie	Veranderlikes
1.	Bepaal die sisteem se gereedheid om te verander.	Is daar 'n kultuur wat verandering aanvaar en hoe het dit in die verlede gebeur?
2.	Identifiseer bronne van weerstand.	Individue, formele groepe en koalisies ?
3.	Bepaal die natuur van weerstand.	Passief, aktief of aggresief?
4.	Diagnoseer die redes vir weerstand.	Gebaseer in die individu, sosiale sisteem of die kultuur?
5.	Kies, ontwikkel en implementeer spesifieke weerstand-bestuurstrategieë wat gefokus is op elke bron van weerstand.	Onderhandeling, koöptering, verskaffing van inligting, opleiding, manipulering, oortuiging en beloning en/of die praktiese gebruik van visie-gerigte toewydingstrategie.
6.	Evalueer die sukses van die poging om weerstand te bestuur.	Indien suksesvol – bestuur dit. Indien nie – begin weer by stap 1.

2.3.4 Samevatting

Die basisteorie, in hermeneutiese wisselwerking met die metateorie, begin in dié stadium van die studie alreeds 'n visie te vorm vir die huidige situasie. As samevatting kan die volgende metateoretiese perspektiewe, wat die bestuurswetenskap ten opsigte leierskap gebied het, gestel word:



- In wese is transformerende bestuur en bestuurder-leierskap bemagtigende leierskap (vgl. 2.3.2.2).
- Bemagtigende leiers genereer energie deur die visie te kommunikeer (vgl. 2.3.2.1-2; 2.3.2.1.1-1).
- Bemagtigende leiers versprei inligting deur toerusting, opleiding, ondersteuning en mentorskap aan spanlede te bied (vgl. 2.3.2.1.1-2.,7; 2.3.2.2.1-3.,6).
- Bemagtigende leiers stimuleer spanlede deur hulle verantwoordelikhede en toerekeningsvatbaarheid te vermeerder (vgl. 2.3.2.2.1-6).
- Bemagtigende leiers versterk werksbevrediging en -verrigting deur terugvoer te gee in terme van belonings en erkenning (vgl. 2.3.2.2.1-6).
- Deur die gerigte-toewydingstrategie kan bemagtigende leiers volgelinge lei om hulleself te rig en toe te wy om na die visie te strew (vgl. 2.3.2.2.1-6).
- Die leierskap moet nie alleen gefokus wees op die visie nie, maar ook daartoe in staat wees om transformasie te bestuur (vgl. 2.3.3).
- Transformerende leiers tree optimisties en vol selfvertroue op (vgl. 2.3.2.1-3), vertrou volgelinge en verwag baie van hulle (vgl. 2.3.2.1-4), gebruik dramatiese, simboliese aksies om sleutelwaardes te beklemtoon (vgl. 2.3.2.1-5) en neem leiding deur die voorbeeld te stel (vgl. 2.3.2.1-6).
- In hoofsaak is die struktuur waarin transformerende leierskap toegepas word meer buigzaam.

2.4 SAMEVATTENDE EVALUERING

Dit is duidelik dat die gemeentebou-inisiatiewe sterk raakpunte en ooreenstemming met mekaar vertoon. Dit wil ook blyk asof die agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke in albei modelle verteenwoordig is.

Callahan (1983), Warren (2001) en die bestuurswetenskap het egter die volgende perspektiewe ten opsigte van die ander basisteoretiese stellings na die oppervlak gebring, wat van belang is vir die res van die studie:



- In die praktyk rus bemagtigende leiers die gemeente toe en dra hulle sorg dat die gemeentestrukture funksioneel bly op die volgende wyses:
 - Die besondere dienste, toegerus deur die hoof van die kerk, moet fokus op Christus se visie vir die kerk, naamlik om lidmate toe te rus om Christus se liggaam tot volwassenheid op te bou (vgl. 3.1, Hoofstuk 2).
 - In wese is transformerende bestuur en bestuurder-leierskap bemagtigende leierskap (vgl. 2.3.2.2).
 - Bemagtigende leiers genereer energie deur die visie te kommunikeer, daarvoor te onderrig en kragtig saam te werk daartoe (vgl. 2.1.2.1-5; 2.2.2.4; 2.3.2.2.1).
 - Bemagtigende leiers versprei inligting deur toerusting, opleiding, ondersteuning en mentorskap aan spanlede (vgl. 2.3.2.1.1-2.,7; 2.3.2.2.1-3.,6).
 - Bemagtigende leiers stimuleer spanlede deur hulle verantwoordelikhede en toerekeningsvatbaarheid te vermeerder (vgl. 2.3.2.2.1-6).
 - Bemagtigende leiers versterk werksbevrediging- en verrigting deur terugvoer te gee in terme van belonings of erkenning (vgl. 2.3.2.2.1-6).
 - Deur die gerigte-toewydingstrategie kan bemagtigende leiers volgelinge lei om hulleself te rig en toe te wy om na die visie te strew (vgl. 2.3.2.2.1-6).
 - Die leierskap moet nie alleen gefokus wees op die visie nie, maar ook daartoe in staat wees om transformasie te bestuur (vgl. 2.3.3).
 - Transformerende leiers tree optimisties en vol selfvertroue op (vgl. 2.3.2.1-3), vertrou volgelinge en verwag baie van hulle (vgl. 2.3.2.1-4), gebruik dramatiese, simboliese aksies om sleutelwaardes te beklemtoon (vgl. 2.3.2.1-5) en neem leiding deur die voorbeeld te stel (vgl. 2.3.2.1-6).

- In hoofsaak is die struktuur waarin transformerende leierskap toegepas word meer buigzaam. Deur te struktureer na aanleiding van die doelstelling, kan die gemeente bemagtig word om die visie te verwesenlik (vgl. 3.4, Hoofstuk 2).

- Behoeftige-georiënteerde sending word in die praktyk verwesenlik deur spesifieke en konkrete evangelisasiedoelstellings te stel en te bereik (vgl. 2.1.2.1-1.). Deur teikengroepevangelsing kan navorsing gedoen word oor die emosionele, geestelike, fisiese en finansiële behoeftes van ongelowiges in die area (vgl. 2.2.2.4).



Om dié rede word NCD se vraelys (Bylaag 1) gebruik om die kwantitatiewe empiriese navorsing te doen. Die vraelys is reeds in sy derde weergawe en word voortdurend verfyn deur Christoff Schalk, sosiologiese vakkundige en sielkundige (Schwarz, 1996:19). In 'Organizational Diagnosis of Churches' (1999) beskryf Schalk die sosiologiese agtergrond en die statistiese prosedure agter die NCD vraelys. "As a result of this first study a reliable tool has been developed to measure eight qualitative characteristics of a church." Schalk (1999:58). In die navorsing van Schalk (1999) word verskeie punte van geldigheid ook aangetoon.

Die resultate van die navorsing word in verband met die minimumfaktor (vgl. 2.2.3.3., Hoofstuk 2) en die *65-hipotese* gebring. Die minimumfaktor behels die strategiese beginsel dat 'n gemeente nooit meer sal groei as sy swakste kwaliteitseienskap nie. Schwarz (1996:54,55) verduidelik hierdie beginsel aan die hand van die groei van 'n plant wat sonder genoegsame hoeveelhede van vier plantvoedingstowwe nie kan groei nie. As een van die plantvoedingstowwe te min is, het die plant net beperkte groei. So sal die kerk ook nie verby die laagste kwalitatiewe eienskap kan groei in algehele kwaliteit nie. Die *65-hipotese* behels die beginsel dat 'n hoë kwaliteit kwanitatiewe groei tot gevolg het. Schwarz (1996:40,41) toon aan dat as elke kwaliteitseienskap 'n kwaliteitsindeks van 65 of hoër het, dit 99.4 % seker is dat die kerk kwantitatiewe groei kan beleef.

3.2 METODE

3.2.1 Doelwit

In hierdie empiriese ondersoek word die stand van drie semistadsgemeentes in die GKSA se kwaliteit volgens Schwarz (1996) se agt kwaliteitseienskappe gemeet. Die gemeentes is demografies soortgelyke gemeentes maar met verskillende bedieningsuitgangspunte. Een gemeente gebruik tans 'n buigsame benadering tot bediening wat die gemeente in staat stel om te kan fokus op aktuele en spesifieke bedieningsuitkomste, terwyl die ander twee gemeentes 'n statiese strategie volg wat gerig is op algemene bedieningsuitkomste.



3.2.2 *Vraelyste*

Soos reeds genoem, het NCD 'n vraelys (Bylaag 1) ontwerp met die doel om die stand van enige gemeente se posisie ten opsigte van die agt kwaliteitseienskappe te meet. Om die rede word die NCD-vraelys gebruik om sodoende betroubare uitkomst op die tafel te plaas wat vergelykbaar is tussen gemeentes. Die resultaat is vergelykbaar aangesien slegs 30 gemeentedele per gemeente getoets word. Die 30 gemeentedele is die kerngroep van die gemeente en nie die onaktiewe lidmate nie. Op hierdie wyse verteenwoordig die resultaat van die vraelys ook die groeipotensiaal van die gemeente (Schwarz, 1998: 206). 'n Afsonderlike vraelys (Bylaag 2) is ontwerp vir die predikant van die gemeente en toets ook in watter mate die agt kwaliteitseienskappe uit sy oogpunt verwesenlik.

3.2.3 *Werkswyse*

Die NCD-vraelys word aan 30 lidmate, wat die predikant as deel van die kerngroep beskou, in die betrokke gemeente gegee. Een kopie van die NCD-vraelys vir predikante word aan die predikant van elke gemeente gegee.

3.2.4 *Respondente*

Die respondente bestaan uit lidmate tussen die ouderdom van 25 en 70 jaar van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika.

3.2.5 *Vaslegging en verwerking van data*

Die rou data is ingelees in 'n rekenaar en verwerk met die Core 4.0-evalueringsagteware¹. Hierdie sagteware beskik oor 'n gestandaardiseerde formule. Die formule is aanvanklik bepaal nadat 34 314 vraelyste geevalueer is deur NCD en dit word voortdurend op datum gebring met nuwe resultate.

¹ Core 4.0, weergawe 4.00.03, Emmelsbüll, Duitsland.



3.3 DIE RESULTATE

3.3.1 Wyse van rapportering

Die resultate van die onderskeie gemeentes sal aan die hand van diagramme aangetoon word. Elk van die agt kwaliteitseienskappe sal in aparte onderafdelings getabelleer en ontleed word. Aangesien die geldigheid van die *65-hipotese* (vgl. 2.2.3.1.1., Hoofstuk 2) en die minimumfaktor (vgl. 2.2.3.3., Hoofstuk 2) deur Schwarz (1996:39,40,50) aangetoon word, word elke eienskap daarmee in verband gebring.

3.3.2 Biografiese gegewens

Die studiepopulasie word onderskeidelik geïdentifiseer as A1, B1, en B2. A1 is verteenwoordigend van 'n semistadsgemeente wat tans 'n buigsame, transformerende, visiegerigte benadering tot bediening gebruik en die gemeente in staat stel om te kan fokus op aktuele en spesifieke bedieningsuitkomst. B1 en B2 verwys onderskeidelik na twee semistadsgemeentes wat 'n statiese strategie volg wat gerig is op algemene bedieningsuitkomst.

Een en negentig respondente het gereageer. Die respondente is verteenwoordigend van elk van die drie gemeentes. Uit die gemeente A1 is dertig vraelyste van die kerngroep ontvang en een vraelys van die predikant ontvang. Uit die gemeente B1 is dertig vraelyste van die kerngroep ontvang en een vraelys van die predikant ontvang. Uit die gemeente B2 is nege en twintig vraelyste van die kerngroep ontvang en een vraelys van die predikant ontvang.

56 Manlike (60.9 %) respondente en 26 vroulike (28.3 %) respondente, wat deel uitmaak van die kerngroepe van A1,B1 en B2 het deelgeneem aan die invul van die vraelyste. Die ouderomsverspreiding van die respondente het gewissel van 18 jaar tot 60 jaar.




3.3.3 *Ontleding van resultate*

Die vraelys bestaan uit agt skale wat uit verskillende items of vrae bestaan. Hierdie items is hoofsaaklik positief geformuleer. Die vraag in die gedeelte is na die mate waartoe die drie Gereformeerde Kerke elk van die agt kwaliteitseienskappe verwesenlik.



3.3.3.1 Bemagtigende Leierskap

Hierdie kwaliteitseienskap is deur 6 vrae getoets. Die resultaat vir elk van die gemeentes was as volg:




**Bemagtigende leierskap in
gemeente A1, B1 en B2
Grafiek 1**

Die gemiddelde kwaliteitsindeks t.o.v. bemagtigende leierskap in die drie Gereformeerde Kerke is 42.3. Die eienskap is dus 22.7 onder die kwaliteitsindeks van die *65-hipotese*. Bemagtigende leierskap is A1 se sterkste eienskap, B1 se swakste eienskap en B2 se tweedesterkste eienskap. Gemeente A1 se telling is amper drie keer dié van B1, alhoewel B2 redelik naby aan A1 is. Die groot verskil tussen die telling van die twee tradisionele gemeentes is sekerlik te wyte aan die feit dat B1 onlangs twee predikante laat emireer het. B2 se telling is daarom die mees verteenwoordigende van 'n tradisionele gemeente se situasie.

Vanuit die bogenoemde bevindings kan afgelei word dat die gemeente wat 'n buigsame, transformerende en visiegerigte benadering tot bediening gebruik om spesifieke bedieningsuitkomst te bereik (A1) se leierskap die mees bemagtigende is. Die leierskap in die tradisionele gemeente (B1,B2) is redelik goed bemagtigend.

3.3.3.2 Gawe-geörienteerde bediening

Hierdie kwaliteitseienskap is deur 6 vrae getoets. Die resultaat vir elk van die gemeentes was as volg:




Grafiek 2

Die gemiddeld t.o.v. die drie Gereformeerde Kerke is 45.3 . Die eienskap is dus 24.7 onder die kwaliteitsindeks van die *65-hipotese*. Die eienskap is by A1 die derde-swakste eienskap. Gawe-geörienteerde bediening is die sterkste eienskap van beide B1 en B2, wat ook nie baie van mekaar verskil nie. Nie in een van die twee gemeentes is daar op 'n formele wyse gawes bepaal nie, alhoewel B1 se diakonie met gawe-georiënteerde groepe werk.

Vanuit die bogenoemde bevindings kan afgelei word dat gawe-georiënteerde bediening een van die sterkste eienskappe van die drie Gereformeerde kerke (A1,B1,B2) is.

3.3.3.3 Passievolle spiritualiteit

Hierdie kwaliteitseienskap is deur 13 vrae getoets. Die resultaat vir elk van die gemeentes was as volg:



Passievolle spiritualiteit van gemeente A1, B1 en B2


Grafiek 3

Die gemiddeld t.o.v. die drie Gereformeerde Kerke is 38.3. Die eienskap is dus 26.7 onder die kwaliteitsindeks van die *65-hipotese*. Die eienskap is by A1 en B1 die vierde-sterkste en by B2 die tweede-sterkste. Gemeente A1 en B2 verskil nie baie nie. B1 is amper 10 onder die telling van A1 en B2 onderskeidelik. Die feit dat die gemeente onlangs albei predikante laat emiriteer het, kan bydra tot die verskil tussen die twee tradisionele gemeentes, alhoewel spiritualiteit 'n persoonlike saak is. B2 is ook in die hart van 'n boeregemeenskap wat tans 'n droeë jaar beleef en daarom ondanks moeilike omstandighede op God moet bly fokus.

Vanuit die bogenoemde bevindings kan afgelei word dat die spiritualiteit in drie Gereformeerde Kerke (A1,B1,B2) redelik passievol is.

3.3.3.4 Funksionele Strukture

Hierdie kwaliteitseienskap is deur 10 vrae getoets. Die resultaat vir elk van die gemeentes was as volg:



Funksionele Strukture van gemeente A1, B1 en B2


Grafiek 4

Die gemiddeld t.o.v. die drie Gereformeerde Kerke is 43. Die eienskap is dus 22 onder die kwaliteitsindeks van die *65-hipotese*. Funksionele strukture is by A1 die tweede-sterkste, by B1 die derde-sterkste en by B2 derde-swakste. Gemeente A1 se telling is amper dubbel dié van B1 en B2 onderskeidelik. In die lig van die feit dat die bemagtigende leierskap en funksionele strukture nou aan mekaar verbonde is, is dit te verstane dat A1 ook hier 'n goeie telling kry. A1 gebruik immers 'n buigsame benadering tot bestuur wat buigsame strukture tot gevolg het.

Vanuit die bogenoemde bevindings kan afgelei word dat die gemeente (A1) met 'n buigsame, transformerende, visiegerigte benadering tot leierskap se strukture baie meer funksioneel is as die tradisionele gemeente (B1,B2) wat redelik funksionele strukture het.

3.3.3.5 Inspirerende eredienste

Hierdie kwaliteitseienskap is deur 10 vrae getoets. Die resultaat vir elk van die gemeentes was as volg:



Inspirerende Eredienste van
gemeentes A1, B1 en B2


Grafiek 5

Die gemiddeld t.o.v. die drie Gereformeerde Kerke is 38. Die eienskap is 27 onder die 65 onder die kwaliteitsindeks van die *65-hipotese*. Die eienskap is by A1 en B1 die derde-sterkste en by B2 die vierde-sterkste. Gemeente A1 en B2 se tellings is onderskeidelik amper dubbel dié van B1. Die feit dat albei predikante van B1 onlangs geëmireer het, kan die verskynsel verklaar. Gemeente A1 se eredienste funksioneer ook tans volgens die 1997-Sinode se aanbevelings (GKSA, 1997: 732-768) teenoor B2 wat die tradisionele benadering volg. Beide gemeentes het egter 'n redelike hoë kwaliteitsindeks vir inspirerende eredienste.

Vanuit die bogenoemde bevindings kan afgelei word dat 'n spesifieke benadering by die een gemeente inspirerend is en 'n ander benadering by 'n ander gemeente inspirerend kan wees is. Die eredienste in drie Gereformeerde kerke (A1,B1,B2) is redelik inspirerend

3.3.3.6 Holistiese Kleingroepe

Hierdie kwaliteitseienskap is deur 5 vrae getoets. Die resultaat vir elk van die gemeentes was as volg:



Holistiese kleingroepe van gemeentes A1, B1 en B2

Grafiek 6


Die gemiddeld t.o.v. die drie Gereformeerde Kerke is 30.3. Die eienskap is dus 34.7 onder die kwaliteitsindeks van die *65-hipotese*. Die eienskap is A1 se swakste eienskap, B1 se derde-swakste en B2 se swakste.

Gemeente A1 gebruik kleingroepbediening in plaas van die wykstelsel, maar die telling is nie veel hoër as die tradisionele gemeentes nie. In die lig van die hoër tellings van die ander eienskappe by gemeente A1, moet daar baie gedoen word aan holistiese kleingroepe. B1 en B2 se kleingroepe, wat bestaan uit bybelstudiegroepe, kuiergroepe en kleingroepe, is egter ook nie baie holisties nie. Daar sal baie gedoen moet word om hierdie groepe 'n geloofsgemeenskap van holistiese gehoorsaamheid te maak.

Vanuit die bogenoemde bevindings kan afgelei word dat die kleingroepe van die drie Gereformeerde kerke nie baie holisties is nie.

3.3.3.7 Behoefte-geörienteerde sending

Hierdie kwaliteitseienskap is deur 10 vrae getoets. Die resultaat vir elk van die gemeentes was as volg:



**Behoefte-geörienteerde Sending
van gemeentes A1, B1 en B2**

Grafiek 7


Die gemiddeld t.o.v. die drie Gereformeerde kerke is 33.6. Die eienskap is dus 31.4 onder die kwaliteitsindeks van die *65-hipotese*. Die eienskap is by A1 die vierde-sterkste eienskap, B1 die tweede-swakste en B2 die tweede-swakste. Gemeente A1 se telling is amper dubbel dié van B1.

Die feit dat A1 tans 'n sendelinglidmaat het wat in die buiteland sendingwerk doen, dra by tot die redelike hoë telling. B1 en B2 het tans geen sendinginisiatief op die been nie, maar kry nie te min 'n gemiddelde telling. Dit kan wees dat lidmate in hulle persoonlike omgang met mense, behoeftes tegemoet kom om as aanvangsgeleentheid vir die Evangelie te dien. Lidmate moet egter deeglik toegerus word.

Vanuit die bogenoemde bevindings kan afgelei word dat die sending van die een gemeente (A1) wat 'n buigsame, visiegerigte en transformerende benadering het, redelik behoefte-geörienteerd is. Die twee tradisionele gemeentes (B1,B2) se sending is egter kwalik behoefte-georiënteerd.

3.3.3.8 Liefdevolle Verhoudings

Hierdie kwaliteitseienskap is deur 10 vrae getoets. Die resultaat vir elk van die gemeentes was as volg:




Die gemiddeld t.o.v. die drie Gereformeerde Kerke is 43.6 . Die eienskap is dus 21.4 onder die kwaliteitsindeks van die *65-hipotese*. Die eienskap is by A1 die swakste, by B1 tweedesterkste en B2 die sterkste.

Gemeente B2 se telling is effens hoër as dié van A1 en B2 onderskeidelik. By die gemeente is tans kuiergroepe en belangstellingsgroepe geïmplementeer wat daartoe kan bydra. A1 en B1 het tans dieselfde hoeveelheid kleingroepe wat wekklis saamkom vir geloofsgemeenskap. Dit blyk dat die kleingroepe slegs 'n redelike liefdeskoëffisiënt het.

Vanuit die bogenoemde bevindings kan afgelei word dat die verhoudings van die drie Gereformeerde kerke (A1,B1,B2) redelik liefdevol is.

3.4 SAMEVATTING

Die volgende sterk- en swakpunte is in die praktyk van drie Gereformeerde Kerke in Suid Afrika aangetoon:



Die kwaliteitindeks van die agt eienskappe van groeiende kerke soos verwerklik in drie Gereformeerde kerke in S.A (A1, B1,B2)

3.4.1 *Interpretering van die totale gemeente-analise*

3.4.1.1 Gemeente A1

Die kwaliteitseienskappe wat by A1 die swakste ontwikkel is, is holistiese kleingroepe en liefdevolle verhoudings. Die twee kwaliteitseienskappe kan deur bemagtigende leierskap en funksionele strukture aangehelp word, aangesien hulle die meeste ontwikkel is. Die twee kwaliteitseienskappe kom ook die naaste aan die waarde van die 65-hipotese van al drie die Gereformeerde kerke. Inspirerende eredienste, behoefte-georiënteerde sending, passievolle spiritualiteit en gawe-georiënteerde bediening is almal redelik goed ontwikkel en oor die middelvlak versprei. Gemeente A1 se algemene kwaliteitsindeks is die hoogste.

3.4.1.2 Gemeente B1

Die gemeente het drie kwaliteitseienskappe wat eweredig verspreid is oor die laagste skaal. Bemagtigende leierskap is die laagste, met behoefte-georiënteerde sending en inspirerende eredienste kort op sy hakke. Gawe-georiënteerde bediening is die sterkste ontwikkel, met liefdevolle verhoudings wat redelik naby is. Oor die middelvlak lê funksionele strukture, passievolle spiritualiteit en holistiese kleingroepe versprei. Hulle is almal swak ontwikkel. Gemeente B1 se algemene kwaliteitsindeks is die swakste.

3.4.1.3 Gemeente B2

Die gemeente het twee kwaliteitseienskappe wat eweredig verspreid is oor die laagste skaal. Holistiese kleingroepe is die laagste en behoefte-georiënteerde sending tweede laagste. Gemeente B2 het vyf kwaliteitseienskappe wat baie goed ontwikkel is. Gawe-georiënteerde bediening en liefdevolle verhoudings is die sterkste ontwikkel, met passievolle spiritualiteit en bemagtigende leierskap, wat redelik naby is. Inspirerende eredienste is ook een van B2 se sterk kwaliteitseienskappe. Funksionele strukture lê in die middelvlak. B2 het oor die algemeen 'n redelike sterk algemene kwaliteitsindeks.



3.5 GEVOLGTREKKING

Die empiriese navorsing het die volgende perspektiewe na die oppervlak gebring, wat van belang is vir die res van die studie:

- Elke gemeente se profiel is uniek.
- Die gemeente wat 'n buigsame, transformerende en visiegerigte benadering tot bediening gebruik om spesifieke bedieningsuitkomste te bereik (A1), se algehele kwaliteitsindeks is die hoogste.
- Die gemeente wat 'n buigsame, transformerende en visiegerigte benadering tot bediening gebruik om spesifieke bedieningsuitkomste te bereik (A1) se leierskap is baie meer bemagtigend en die strukture is baie meer funksioneel as dié van die tradisionele gemeentes (B1,B2).
- Die gemeentes wat die tradisionele benadering tot bediening gebruik (B1,B2), se verhoudings is meer liefdevol en die bediening is meer gawe-georiënteerd as die gemeente wat 'n buigsame, transformerende en visiegerigte benadering tot bediening gebruik (A1).
- Holistiese kleingroepe is by al drie gemeentes swak ontwikkel (A1,B1,B2).
- Gawe-georiënteerde bediening is een van die sterkste eienskappe van die drie gemeentes (A1,B1,B2).
- Die spiritualiteit in al drie Gereformeerde gemeentes is redelik passievol (A1,B1,B2).
- 'n Spesifieke benadering tot eredienste by die een gemeente kan inspirerend wees terwyl 'n ander benadering by 'n ander gemeente inspirerend kan wees. Die eredienste in die drie Gereformeerde kerke is redelik inspirerend (A1,B1,B2).
- Die sending van die gemeente wat 'n buigsame, transformerende en visiegerigte benadering tot bediening gebruik om spesifieke bedieningsuitkomste te bereik (A1), is redelik behoefte-geïntereerd. Die twee tradisionele gemeentes (B1, B2) se sending is egter kwalik behoefte-geïntereerd.
- Nie een van die drie Gereformeerde kerke (A1,B1,B2) het in elk van die kwaliteitseienskappe 'n 65-kwaliteitsindeks bereik nie.



4. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

Dit is duidelik dat die gemeentebou-inisiatiewe sterk raakpunte en ooreenstemming met mekaar vertoon. Dit wil ook blyk asof die agt kaliteitseienskappe van groeiende kerke in albei modelle verteenwoordig is.

Callahan (1983), Warren (2001) en die bestuurswetenskap het egter die volgende perspektiewe ten opsigte van die ander basisteoretiese stellings na die oppervlak gebring, wat van belang is vir die res van die studie:

- In die praktyk rus bemagtigende leiers die gemeente toe en dra hulle sorg dat die gemeentestrukture funksioneel bly op die volgende wyses:
 - Die besondere dienste, toegerus deur die hoof van die kerk, moet fokus op Christus se visie vir die kerk, naamlik om lidmate toe te rus om Christus se liggaam tot volwassenheid op te bou (vgl. 3.1, Hoofstuk 2).
 - In wese is transformerende bestuur en bestuurder-leierskap bemagtigende leierskap (vgl. 2.3.2.2).
 - Bemagtigende leiers genereer energie deur die visie te kommunikeer, daarvoor te onderrig en kragtig saam te werk daartoe (vgl. 2.1.2.1-5; 2.2.2.4; 2.3.2.2.1).
 - Bemagtigende leiers versprei inligting deur toerusting, opleiding, ondersteuning en mentorskap aan spanlede (vgl. 2.3.2.1.1-2.,7; 2.3.2.2.1-3.,6).
 - Bemagtigende leiers stimuleer spanlede deur hulle verantwoordelikhede en toerekeningsvatbaarheid te vermeerder (vgl. 2.3.2.2.1-6).
 - Bemagtigende leiers versterk werksbevrediging- en verrigting deur terugvoer te gee in terme van belonings of erkenning (vgl. 2.3.2.2.1-6).
 - Deur die gerigte-toewydingstrategie kan bemagtigende leiers volgelinge lei om hulleself te rig en toe te wy om na die visie te strew (vgl. 2.3.2.2.1-6).
 - Die leierskap moet nie alleen gefokus wees op die visie nie, maar ook daartoe in staat wees om transformasie te bestuur (vgl. 2.3.3).
 - Transformerende leiers tree optimisties en vol selfvertroue op (vgl. 2.3.2.1-3), vertrou volgelinge en verwag baie van hulle (vgl. 2.3.2.1-4), gebruik dramatiese, simboliese aksies om sleutelwaardes te beklemtoon (vgl. 2.3.2.1-5) en neem leiding deur die voorbeeld te stel (vgl. 2.3.2.1-6).



- In hoofsaak is die struktuur waarin transformerende leierskap toegepas word meer buigsaam. Deur te struktureer na aanleiding van die doelstelling, kan die gemeente bemagtig word om die visie te verwesenlik (vgl. 3.4, Hoofstuk 2).
- Behoeftige-georiënteerde sending word in die praktyk verwesenlik deur spesifieke en konkrete evangelisasiedoelstellings te stel en te bereik (vgl. 2.1.2.1-1.). Deur teikengroepevangelsing kan navorsing gedoen word oor die emosionele, geestelike, fisiese en finansiële behoeftes van ongelowiges in die area (vgl. 2.2.2.4).
- Inspirerende eredienste word in die praktyk verwesenlik wanneer 'n skare (vgl. 2.2.2.4) saamkom in korporatiewe en dinamiese aanbidding (vgl. 2.1.2.-3.).
- Liefdevolle verhoudings en holistiese kleingroepe word in die praktyk verwesenlik deur die gemeente te onderrig in die verantwoordelikhede van lidmaatskap. Lidmaatskap behels dat groepe verbondsmense gereeld gemeenskap beoefen, vir mekaar omgee en mekaar liefhet, maar steeds integraal deel bly van die gemeente - en die kerklike dissipline laat toepas (vgl. 2.2.2.1; 2.1.2.-4.; 3.8 & 3.6, Hoofstuk 2.).
- Gawe-georiënteerde bediening en passievolle spiritualiteit word in die praktyk verwesenlik deur die gemeente te lei in dissipelskap (vgl. 2.2.2.4). Dissipelskap behels dat die toegewyde lidmate gelei word om 'n bediening te vind wat met hulle gawes ooreenstem en deur die nuwe lidmate te help om gewoontes aan te leer wat tot spirituele rytheid sal lei (vgl. 2.2.2.4; 3.2 & 3.3, Hoofstuk 2).

Die empiriese navorsing het die volgende perspektiewe na die oppervlak gebring, wat van belang is vir die res van die studie:

- Elke gemeente se profiel is uniek.
- Die gemeente wat 'n buigsame, transformerende en visiegerigte benadering tot bediening gebruik om spesifieke bedieningsuitkomst te bereik (A1), se algehele kwaliteitsindeks is die hoogste.
- Die gemeente wat 'n buigsame, transformerende en visiegerigte benadering tot bediening gebruik om spesifieke bedieningsuitkomst te bereik (A1) se leierskap is baie meer bemagtigend en die strukture is baie meer funksioneel as dié van die tradisionele gemeentes (B1,B2).



- Die gemeentes wat die tradisionele benadering tot bediening gebruik (B1,B2), se verhoudings is meer liefdevol en die bediening is meer gawe-georiënteerd as die gemeente wat 'n buigsame, transformerende en visiegerigte benadering tot bediening gebruik (A1).
- Holistiese kleingroepe is by al drie gemeentes swak ontwikkel (A1,B1,B2).
- Gawe-georiënteerde bediening is een van die sterkste eienskappe van die drie gemeentes (A1,B1,B2).
- Die spiritualiteit in al drie Gereformeerde gemeentes is redelik passievol (A1,B1,B2).
- 'n Spesifieke benadering tot eredienste by die een gemeente kan inspirerend wees terwyl 'n ander benadering by 'n ander gemeente inspirerend kan wees. Die eredienste in die drie Gereformeerde kerke is redelik inspirerend (A1,B1,B2).
- Die sending van die gemeente wat 'n buigsame, transformerende en visiegerigte benadering tot bediening gebruik om spesifieke bedieningsuitkomst te bereik (A1), is redelik behoefte-geörienteerd. Die twee tradisionele gemeentes (B1, B2) se sending is egter kwalik behoefte-georiënteerd.
- Nie een van die drie Gereformeerde kerke (A1,B1,B2) het in elk van die kwaliteitseienskappe 'n 65-kwaliteitsindeks bereik nie.

In Hoofstuk 4 gaan vervolgens sekere praktykteoretiese riglyne gegee word, ten einde die praktyk van Hoofstuk 3 nader aan die basisteorie van Hoofstuk 2 te laat funksioneer.



Hoofstuk 4

PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE AGT KWALITEITSEIENSKAPPE VAN GROEIENDE KERKE - VOLGENS NCD SE NAVORSING

1. INLEIDING

In Hoofstuk 2 is basisteorieë uit die teologiese tradisie gevorm. In Hoofstuk 3 is metateorieë uit literatuurstudies en empiriese navorsing gevorm. In Hoofstuk 4 word die resultate georden uit beide refleksievelde in 'n hermeneutiese wisselwerking, met die oog op praktykteoretiese perspektiewe. 'n Praktykteorie beskryf hoe 'n basisteorie in die praktyk behoort te funksioneer, vanuit 'n bepaalde teorie (Venter, 1996:89,90).

1.1 BASISTEORETIES

In Hoofstuk 2 is daarop gewys dat die agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke uit God se Woord afgelei kan word. Die volgende basisteoretiese perspektiewe kom aan die lig:

- Die besondere dienste, toegerus deur die Hoof van die kerk, moet lidmate toerus en bemagtig om Christus se liggaam op te bou (vgl. 3.1, Hoofstuk 2) en hulle moet sorg dra dat die gemeentestrukture funksioneel is, sodat die kerk se roeping verwesenlik kan word (vgl. 3.4, Hoofstuk 2; Ef. 4:11,16).
- Gemeentes se sendinginisiatief moet deur die Heilige Gees daarop gerig wees om die behoeftes wat die Heilige Gees in die lewens van uitverkore gemeenskapslede gewek het, tegemoet te kom (vgl. 3.7, Hoofstuk 2; Hand. 13:42-52).
- Eredienste moet geïnspireerd wees deur God aan die woord te laat kom, sodat gelowiges geïnspireer word en sodat dit wat skeiding maak tussen ongelowiges en God, afgebreek word (vgl. 3.5, Hoofstuk 2; 1 Kor. 14:25).
- Gemeentelede se verhoudings met mekaar en met alle mense moet liefdevol wees (vgl. 3.8) en hulle moet gereeld saamkom in 'n kleiner geloofsgemeenskap van holistiese gehoorsaamheid (vgl. 3.6, Hoofstuk 2; Hand. 2:42-52).
- Goeie bedienaars se bediening aan mekaar en tot eer van God moet deur hulle gawes georiënteer wees (vgl. 3.2, Hoofstuk 2) en hulle spiritualiteit moet passievol wees en in alle omstandighede op God bly fokus (vgl. 3.3, Hoofstuk 2; Hand. 6:1-7).



1.2 METATEORETIES

In Hoofstuk 3 is metateoretiese perspektiewe gevorm deur 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek.. Callahan (1983), Warren (2001) en die bestuurswetenskap het egter die volgende perspektiewe ten opsigte van die ander basisteoretiese stellings na die oppervlak gebring, wat van belang is vir die res van die studie. Dit is duidelik dat die gemeentebou-inisiatiewe sterk raakpunte en ooreenstemming met mekaar vertoon. Dit wil ook voorkom asof die agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke in albei modelle verteenwoordig is.

Callahan (1983), Warren (2001) en die bestuurswetenskap het egter die volgende perspektiewe ten opsigte van die ander basisteoretiese stellings na die oppervlak gebring, wat van belang is vir die res van die studie:

- In die praktyk rus bemagtigende leiers die gemeente toe en dra hulle sorg dat die gemeentestrukture funksioneel bly op die volgende wyses:
 - Die besondere dienste, toegerus deur die hoof van die kerk, moet fokus op Christus se visie vir die kerk, naamlik om lidmate toe te rus om Christus se liggaam tot volwassenheid op te bou (vgl. 3.1, Hoofstuk 2).
 - In wese is transformerende bestuur en bestuurder-leierskap bemagtigende leierskap (vgl. 2.3.2.2, Hoofstuk 3).
 - Bemagtigende leiers genereer energie deur die visie te kommunikeer, daarvoor te onderrig en kragtig saam te werk daartoe (vgl. 2.1.2.1-5 & 2.2.2.4 & 2.3.2.2.1, Hoofstuk 3).
 - Bemagtigende leiers versprei inligting deur toerusting, opleiding, ondersteuning en mentorskap aan spanlede (vgl. 2.3.2.1.1-2.,7 & 2.3.2.2.1-3.,6, Hoofstuk 3).
 - Bemagtigende leiers stimuleer spanlede deur hulle verantwoordelikhede en toerekeningsvatbaarheid te vermeerder (vgl. 2.3.2.2.1-6, Hoofstuk 3).
 - Bemagtigende leiers versterk werksbevrediging- en verrigting deur terugvoer te gee in terme van belonings of erkenning (vgl. 2.3.2.2.1-6, Hoofstuk 3).
 - Deur die gerigte-toewydingstrategie kan bemagtigende leiers volgelinge lei om hulleself te rig en toe te wy om na die visie te strewe (vgl. 2.3.2.2.1-6, Hoofstuk 3).



- Die leierskap moet nie alleen gefokus wees op die visie nie, maar ook daartoe in staat wees om transformasie te bestuur (vgl. 2.3.3, Hoofstuk 3).
- Transformerende leiers tree optimisties en vol selfvertroue op (vgl. 2.3.2.1-3, Hoofstuk 3), vertrou volgelinge en verwag baie van hulle (vgl. 2.3.2.1-4, Hoofstuk 3), gebruik dramatiese, simboliese aksies om sleutelwaardes te beklemtoon (vgl. 2.3.2.1-5, Hoofstuk 3) en neem leiding deur die voorbeeld te stel (vgl. 2.3.2.1-6, Hoofstuk 3).
- In hoofsaak is die struktuur waarin transformerende leierskap toegepas word meer buigsaam. Deur te struktureer na aanleiding van die doelstelling, kan die gemeente bemagtig word om die visie te verwesenlik (vgl. 3.4, Hoofstuk 2).
- Behoefte-georiënteerde sending word in die praktyk verwesenlik deur spesifieke en konkrete evangelisasiedoelstellings te stel en te bereik (vgl. 2.1.2.1-1, Hoofstuk 3). Deur teikengroepevangelsing kan navorsing gedoen word oor die emosionele, geestelike, fisiese en finansiële behoeftes van ongelowiges in die area (vgl. 2.2.2.4, Hoofstuk 3).
- Inspirerende eredienste word in die praktyk verwesenlik wanneer 'n skare (vgl. 2.2.2.4, Hoofstuk 3) saamkom in korporatiewe en dinamiese aanbidding (vgl. 2.1.2.-3, Hoofstuk 3).
- Liefdevolle verhoudings en holisitiese kleingroepe word in die praktyk verwesenlik deur die gemeente te onderrig in die verantwoordelikhede van lidmaatskap. Lidmaatskap behels dat groepe verbondsmense gereeld gemeenskap beoefen, vir mekaar omgee en mekaar liefhet, maar steeds integraal deel bly van die gemeente - en die kerklike dissipline laat toepas (vgl. 2.2.2.1 & 2.1.2.-4, Hoofstuk 3; 3.8 & 3.6, Hoofstuk 2).
- Gawe-georiënteerde bediening en passievolle spiritualiteit word in die praktyk verwesenlik deur die gemeente te lei in dissipelskap (vgl. 2.2.2.4, Hoofstuk 3). Dissipelskap behels dat die toegewyde lidmate gelei word om 'n bediening te vind wat met hulle gawes ooreenstem en deur die nuwe lidmate te help om gewoontes aan te leer wat tot spirituele rypheid sal lei (vgl. 2.2.2.4, Hoofstuk 3; 3.2 & 3.3, Hoofstuk 2).



Die empiriese ondersoek (vgl. 3, Hoofstuk 3) het aangetoon in watter mate drie Gereformeerde kerke in Suid Afrika tans die NCD-beginsels verwesenlik. Die volgende afleidings is daarvoor gemaak:

- Elke gemeente se profiel is uniek.
- Die gemeente wat 'n buigsame, transformerende en visiegerigte benadering tot bediening gebruik om spesifieke bedieningsuitkomst te bereik (A1), se algehele kwaliteitsindeks is die hoogste.
- Die gemeente wat 'n buigsame, transformerende en visiegerigte benadering tot bediening gebruik om spesifieke bedieningsuitkomst te bereik (A1) se leierskap is baie meer bemagtigend en die strukture is baie meer funksioneel as dié van die tradisionele gemeentes (B1,B2).
- Die gemeentes wat die tradisionele benadering tot bediening gebruik (B1,B2), se verhoudings is meer liefdevol en die bediening is meer gawe-georiënteerd as die gemeente wat 'n buigsame, transformerende en visiegerigte benadering tot bediening gebruik (A1).
- Holistiese kleingroepe is by al drie gemeentes swak ontwikkel (A1,B1,B2).
- Gawe-georiënteerde bediening is een van die sterkste eienskappe van die drie gemeentes (A1,B1,B2).
- Die spiritualiteit in al drie Gereformeerde gemeentes is redelik passievol (A1,B1,B2).
- 'n Spesifieke benadering tot eredienste by die een gemeente kan inspirerend wees terwyl 'n ander benadering by 'n ander gemeente inspirerend kan wees. Die eredienste in die drie Gereformeerde kerke is redelik inspirerend (A1,B1,B2).
- Die sending van die gemeente wat 'n buigsame, transformerende en visiegerigte benadering tot bediening gebruik om spesifieke bedieningsuitkomst te bereik (A1), is redelik behoefte-geïntereerd. Die twee tradisionele gemeentes (B1, B2) se sending is egter kwalik behoefte-geïntereerd. Nie een van die drie Gereformeerde kerke (A1,B1,B2) het in elk van die kwaliteitseienskappe 'n 65-kwaliteitsindeks bereik nie.

In hierdie hoofstuk word enkele praktykteoretiese riglyne gegee, ten einde NCD se agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke verdiepend toe te pas in die konteks van die Gereformeerde kerk.



2. RIGLYNE VIR DIE REALISERING VAN DIE BASISTEORETIESE BEGINSELS

2.1 INLEIDING

Vorster (1996:58) dui aan dat die bediening nooit vasgelê kan word in 'n altyd-geldende patroon nie. Om dié rede geld die bestuursbeginsel, naamlik om deur buigsame, transformerende, visiegerigte leierskap - in die lig van God se visie vir die gemeente - spesifieke bedieningsdoelstellings van jaar-tot-jaar te stel en te bereik. Die skrywer gaan egter met 'n gees van beskeidenheid voort om riglyne vir 'n moontlike toepassing aan die hand te doen.

2.2 SPESIFIEKE PRAKTYK-TEORETIESE RIGLYNE VIR 'N SEMI-STADSGEMEENTE (B1)

Elke gemeente se eie situasie en eie kwaliteitsindeks bepaal hoe die strategie op daardie plek sal lyk. Die empiriese studie is nie in elke Gereformeerde kerk gedoen nie, maar net onder drie semi-stadsgemeentes. Algemene riglyne kan dus nie gemaak word vir toepassing in al die Gereformeerde kerke nie. Om hierdie rede dien die gegewens van een gemeente (B1) as 'n praktiese illustrasie, sodat die wisselwerking tussen die basisteoretiese beginsels en metateoretiese perspektiewe algemene praktykteoretiese riglyne tot gevolg kan hê.

2.2.1 Ontdek die visie

Om “op weg te wees met die evangelie” (GKSA, 2000:509) behels dat 'n gemeente moet weet waarheen hulle oppad is. Die kerk is nie soos enige ander organisasie in die samelewing nie, maar is uniek omdat hy aan die Here behoort en deur die Here self regeer word (GKSA, 2000:509). Die kerk is oppad waarheen ons Hoof wil hê ons moet gaan (GKSA, 2000:505). Om dié rede moet die gemeente se visie in gemeenskap met die Here ontdek en geformuleer word.



Die deputate vir bewaring en vermeerdering van die kerk (GKSA, 2000:505) het in hierdie opsig die volgende vyf stellings oor 'n Gereformeerde kerklike praktyk gemaak, om plaaslike kerke toe te rus sodat hulle 'n Bybelse en Gereformeerde perspektief oor die kerk kan uitbou, afwykende beskouings en praktyke te kan identifiseer en effektiewe strategieë te kan ontwerp in die ontplooiing van 'n Gereformeerde kerkbegrip:

- God Drie-enig bring die kerk tot stand en bepaal die kerk se wese en doel tot sy eer.
- God Drie-enig sorg vir die welstand, voortbestaan en voleinding van die kerk.
- Die kerk is God se sending in die wêreld.
- God gebruik sy kinders as medewerkers vir die welstand, die voortbestaan en die opbou van die kerk.
- Die kerk is op die koninkryk gerig.

Binne hierdie raamwerk kan die gemeente, onder leiding van die ouderlinge en predikante, hulle visie in ooreenstemming met die gemeente se situasie en identiteit ontdek.

In die geval van gemeente B1 is die visie ontdek en binne die raamwerk geformuleer met die woorde: “Ons mense, ons gemeente, ons gemeenskap”. Agter die visie lê die betekenis om as Geesvervulde gemeenskap ('ons mense') God se sending in die wêreld ('ons gemeente') te wees, om sodoende lede van die gemeenskap ('ons gemeenskap') as aktiewe medewerkers tot die opbou van die kerk te maak (Matt. 28:19).

Die visie kan dus ontdek word deur die volgende praktiese riglyne:

- Die besondere dienste word vir 'n geruime tyd gemotiveer om in hulle persoonlike omgang met God te vra vir lig en leiding aangaande sy plan vir die plaaslike gemeente. Die deputate vir bewaring en vermeerdering van die kerk (GKSA, 2000:505) se studie kan as riglyn dien.
- Tydens 'n werkswinkel word die besondere dienste gelei om eenheid oor die visie te bereik en te formuleer in eenvoudige en helder taal.



- Die visie word aan die gemeente gekommunikeer op gereelde grondslag en hulle word vir 'n tyd aangemoedig om verdere voorstelle te maak.

2.2.2 *Ontdek die gemeente se sterk en swak punte*

Die NCD-gemeente-analise verskaf waardevolle inligting aangaande die gemeente se sterk en swakpunte om die visie ('Ons mense, ons gemeente, ons gemeenskap') te verwesenlik. In die lig van die resultate moet 'n jaarlikse doelstelling geformuleer word. Die NCD-gemeente-analise toets die gemeente se kwaliteitsindeks in elk van die agt kwaliteitseienskappe. In hierdie studie is die agt kwaliteitseienskappe egter gekombineer om vyf basisteoretiese stellings te vorm.

Dit empiriese ondersoek het aan die lig gebring dat B1 se bemagtigende leierskap die eienskap met die laagste kwaliteitsindeks is. Inspirerende eredienste en behoeftegeoriënteerde sending lê egter baie naby aan die laagste eienskap. Gawe-georiënteerde bediening word as die sterkste eienskap aangetoon. Liefdevolle verhoudings is die naaste aan die hoogste eienskap. Op die middelvlak lê funksionele strukture, passievolle spiritualiteit en holistiese kleingroepe.

Aangesien gawe-georiënteerde bediening die sterkste ontwikkel is en bemagtigende leierskap die swakste, geld die doelstelling om deur gawe-georiënteerde bediening die bemagtigende leierskap van die besondere dienste te ontwikkel. Inspirerende eredienste en behoeftegeoriënteerde sending moet egter nie uit die oog verloor word nie, aangesien hulle naas bemagtigende leierskap die laagste ontwikkel is. Sodoende word die gemeente se algehele kwaliteitsindeks ook verbeter¹. Die kwalitatiewe doelstelling kan omskryf word as: "Leiers moet deur gawe-georiënteerde bediening ander lidmate bemagtig. Dit geld veral ten opsigte van behoefte-georiënteerde sending en inspirerende eredienste."

¹ In die lig van die feit dat Schwarz (1996:50) die belangrikheid van die minimumfaktor (vgl. 2.2.3.3, Hoofstuk 2) aantoon, word die praktykteorie hoofsaaklik bepaal deur die eienskap met die laagste kwaliteitsindeks. Schwarz (1996:57) toon aan dat die swakste eienskap deur die sterkste eienskap aangespreek moet word, aangesien die kwalitatiewe groei in die gemeente nooit hoër as die laagste eienskap kan wees nie (vgl. 2.2.3.3, Hoofstuk 2).



2.2.3. *Struktureer na aanleiding van die visie*

In die lig van die doelstelling moet die kerkraad bemagtigend optree deur die gemeente te herstruktureer. Lidmate met die nodige gawes moet in “gawe-spanne” dien om die doelstelling te verwesenlik. Aangesien die behoefte-georiënteerde sending en inspirerende eredienste baie naby aan die laagste eienskap lê, moet daar spesifieke gawe-groepe wees wat daaraan aandag gee. Elk van die spanne word deur geroepe ouderlinge gelei wat medewerkers met die nodige gawes koöpteer om die basisteoretiese doelwit te bereik. Op dié wyse word gawe-georiënteerde bediening gebruik om die besondere dienste aan te spoor en geleentheid te gee om bemagtigend op te tree. Die leidende ouderlinge maak deel uit van die bedieningspan wat eerstens omskryf word. Vervolgens word elke span se doelwit en verantwoordelikhede beskryf as deel van die strategie ter bereiking van die jaarlikse doelstelling:

2.2.3.1 Die Bedieningspan

Die empiriese navorsing het aangetoon dat bemagtigende leierskap ‘n kwaliteitsindeks van 21 het. In die basisteoretiese beginsel word bemagtigende leierskap en funksionele strukture met mekaar gekombineer (vgl. 3.2 & 3.3; Hoofstuk 2). Funksionele strukture het ‘n redelike lae kwaliteitsindeks van 30. Om dié rede moet ‘n span in die lewe geroep word wat bestaan uit mense wat die nodige gawes het. Op hierdie wyse tree die leierskap bemagtigend op.

Die basisteoretiese doelwit, wat deur die kwaliteitseienskappe ‘bemagtigende leierskap’ en ‘funksionele strukture’ getoets word, is op grond van die Woord van God gedefinieer (vgl. 3.2, & 3.3, Hoofstuk 2). Met die oog op getroue roepingsvervulling moet bemagtigende leiers die gemeente betrek om strukture funksioneel te vorm of te laat vaar. Die gawe-spanne is dus die gevolg van die bemagtigende leierskap wat die bedieningspan toepas om die gemeentestrukture funksioneel te hou ten opsigte van hulle visie en doelstelling. In die geval van B1, waar die bemagtigende leierskap die laagste is en gawe-georiënteerde bediening die hoogste is, is dit die spesifieke doelstelling van die bedieningspan om toegewyde lidmate wat hulle gawes ontdek het en groei, in spiritualiteit te bemagtig.



Die volgende belangrike metateoretiese perspektiewe wat na vore kom, is dat die basisteoretiese beginsel in die praktyk verwesenlik word deur die besondere dienste, toegerus deur die Hoof van die kerk, wat fokus op Christus se visie vir die kerk, naamlik om lidmate toe te rus om Christus se liggaam tot volwassenheid op te bou (vgl. 3.1, Hoofstuk 2). Die leierskap moet nie alleen gefokus wees op die visie nie, maar ook daartoe in staat wees om transformasie (vgl. Rom 12:2 “...μεταμορφοῦσθε...”) te bestuur (vgl. 2.3.3, Hoofstuk 3). In hoofsaak is die struktuur waarin transformerende leierskap toegepas word meer buigsaam en kan dit bydra om funksionele strukture daar te stel sodat die kerk se roeping verwesenlik kan word (3.4, Hoofstuk 2).

Gawe-groep	Basisteoretiese beginsels as algemene doelwit	Teikengroep van doelwit
Bedieningspan	Die besondere dienste, toegerus deur die Hoof van die kerk, moet lidmate toerus en bemagtig om Christus se liggaam op te bou (vgl. 3.1) en hulle moet sorg dra dat die gemeentestrukture funksioneel is sodat die kerk se roeping verwesenlik kan word (vgl. 3.4; Ef. 4:11,16.)	Besondere dienste

Die algemene doelwit kan konkreet word deur die volgende praktiese riglyne toe te pas:

- Die bedieningspan is die gawe-groep wat die gemeente moet lei om die visie te bereik deur jaarlikse doelstellings na aanleiding van die gemeenste se swak en sterk punte te formuleer. Hulle moet ook die gemeente herstruktureer om die visie te verwesenlik.
- Die bedieningspan moet gelei word deur ‘n bedienaar van die Woord of ‘n geroepe ouderling, wat immers glo dat hy vir die gemeente gegee is om hulle “...vir hulle dienswerk tot opbouing van die liggaam van Christus toe te rus” en “...sorg dat alles ordelik verloop” (Psalmboek, 2000:658 & 668). Tot die span, word die leiers van die ander spanne (wat immers die nodige gawes het), gekoöpteer.
- Die diaken moet ook “...die gemeente tot diens toerus” (Psalmboek, 2000:671). Lidmate met die nodige gawes moet addisioneel tot die bedieningspan gekoöpteer word en in diens opgelei word.
- Die bedieningspan bestaan uit ouderlinge, diakens en lidmate wat sterk leiers is en ‘n intieme verhouding met God het en voortdurend daarin groei (1 Kor. 4:16 & Logan &



Clegg, 1998:2-3). Christus bemagtig self sy besondere dienste met gawes deur die verkondiging van die Woord en die werking van die Gees. Die bedieningspan moet dus gereeld saamkom vir Bybelstudie en gebed om God se visie en leiding vir die gemeente te ontvang (Ps. 43:3: “Stuur u lig en u waarheid...”).

- Die visie moet op ‘n helder en aantreklike wyse gereeld aan die gemeente gekommunikeer word.
- Die kerkraad en gemeente moet uitgedaag word om self kennis oor die visie te versamel.
- ‘n Plan moet aan die gemeente voorgehou word oor hoe die visie bereik kan word. Bereikbare, meetbare, spesifieke en noodsaaklike doelwitte kan gestel word om die visie te bereik. Dit kan voor of na ‘n erediens gedoen word, met behulp van visuele mediums. Geleentheid moet gebied word vir die gemeente om self voorstelle te maak.
- Lidmate met die nodige gawes moet getaak word om ander toe te rus. Die predikant kan getaak word om die bedieningspan toe te rus. Die bedieningspan kan getaak word om die werkspanne en die gemeente toe te rus. ‘n Toerustingsprioriteitslys kan saamgestel word deur empiriese navorsing onder die leiers van werkspanne te doen. Tydens gereelde en gefokusde toerustingseleenthede kan hieraan aandag gegee word. Onderdele van die lidmaat- en dissipelskapkursus kan daarop fokus om lidmate met die nodige kennis en praktiese vaardigheid toe te rus. Indiensopleiding of afrigting kan in elke bediening van waarde wees.
- ‘n Gereelde evaluering van die beskikbare leierskapshulpbronne kan gedoen word om moontlike geloofsryp leiers en lidmate met die nodige gawes, karakter, gehoorsaamheid en tyd te identifiseer om te dien in een van die vyf spanne. Op dié wyse word toewyding en gawes erken en met groter verantwoordelikheid getaak.
- ‘n Gereelde evaluering van die funksionaliteit van die gemeentestruktuur kan bydra tot eenvoudiger, meer funksionele strukture. Werkspanne kan hersien word in die lig van hulle bydraes ten opsigte van die doelwitte. Tydens kerkraadsvergaderings kan rapporte gehoor word van al die werkspanne. Deur deelnemende besluitneming kan die werkspanne hersien word.
- Die hersiene gemeentestruktuur kan na kerkraadsvergaderings aan die gemeente gekommunikeer word. Die situasie van die gemeente sal bepaal watter metode van kommunikasie in hierdie verband effektief sal wees.



2.2.3.2 Die Sendingspan

Aangesien die empiriese navorsing aangetoon het dat behoefte-georiënteerde sending 'n kwaliteitsindeks van 22 het, moet die gawe-georiënteerde bediening ook daarop gefokus word. Om hierdie rede moet 'n span in die lewe geroep word wat bestaan uit mense wat die nodige gawes het. Op dié wyse tree die leierskap bemagtigend op. Na aanleiding van ander metings wat tot dusver deur NCD in Gereformeerde kerke gedoen is, vertoon hierdie eienskap in baie van die gemeentes die laagste kwaliteitsindeks.

Die basisteoretiese doelwit is op grond van die Woord van God gedefinieer en word deur die NCD vraelys as 'behoefte-georiënteerde sending' getoets (vgl 3.7, Hoofstuk 2). Deur behoefte-georiënteerde sending moet die sendingspan gerig wees om die behoefte wat die Heilige Gees in die lewens van lede van die gemeenskap geplaas het, tegemoet te kom met die oog op evangelisasie.

'n Belangrike metateoretiese perspektief wat na vore gekom het, is dat teikengroep-evangelisasie in die hart van behoefte-georiënteerde sending lê. Dit begin by die tegemoetkoming van fisiese, geestelike, emosionele en finansiële behoeftes van die mense in die sendingveld met die doel om aan hulle die evangelie te verkondig en om gelowiges deel te maak van die kerk. Behoefte-georiënteerde sending kan ook as relevante evangelisasie verduidelik word en dit gaan ten diepste daaroor dat die Woord wat in Christus vlees geword het, vandag ook vlees moet word deur op 'n relevante manier hedendaagse nood aan te spreek (Buys, 2003). 'n Verdere metateoretiese perspektief wat na vore gekom het, is dat sendingdoelstellings spesifiek en konkreet moet wees. Met die doel om 'n evangelisasiedoelwit te spesifiseer, moet bepaal word wie die gemeente se spesifieke sendingveld is en wat hulle behoeftes is. In hierdie taak is die werking van die Heilige Gees bepalend en moet die sendingveld deur gebed, studie en onderlinge gesprek bepaal word. Die Woord bepaal dat dit enige mense kan wees, '...tot in die uithoeke van die aarde' (Hand. 13:47). Om dié rede kan die sendingspan se teikengroep alleen maar as die gemeenskap genoem word. Tweedens moet die behoeftes van die gemeenskap in die sendingveld geprioritiseer word. Deur kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing kan die



fisiese, geestelike, emosionele en finansiële behoeftes van die mense in die sendingveld bepaal word en in volgorde van belangrikheid geplaas word.

Samevattend kan die vraag dus gevra word: Watter behoeftes het die mense in die sendingveld wat ons gemeente kan aanspreek as aanvangsgeleentheid vir die Evangelie? Na afhandeling van bogenoemde aksies kan die spesifieke doelwit gedefinieer word.

Gawe-groep	Basisteoretiese beginsels as algemene doelwit	Teikengroep van doelwit
Sendingspan	Gemeentes se sendinginisiatief moet deur die Heilige Gees daarop gerig wees om die behoeftes wat die Heilige Gees in die lewens van uitverkore gemeenskapslede gewek het, tegemoet te kom (vgl. 3.7; Hand. 13:42-52).	Gemeenskap

Die algemene doelwit kan konkreet word deur die volgende praktiese riglyne toe te pas:

- Die sendingspan is die gawe-groep wat die basisteoretiese doelwit moet verwesenlik as deel van die gemeente se roeping. Tot die span word lidmate met die nodige gawes gekoöpteer en in diens opgelei.
- Die sendingspan moet gelei word deur 'n geroepe ouderling wat immers belooft het om "...ook die afvalliges en heidene tot bekering en geloof in Jesus Christus te roep, want só vergader Christus sy kerk" (Psalmboek, 1999:666).
- Lede wat naas die ouderlinge tot die groep gekoöpteer kan word, is die diakens - wat ook belooft om "...medegelowiges en alle mense te dien" (Psalmboek, 1999:669). Die amp van gelowige kan ook geaktiveer word, aangesien die lidmate tydens hulle belydenis-van-geloofaflegging belooft het "...om as 'n lewende lid van die kerk (1 Petrus 2:5) ... gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid ... en tot uitbouing van die koninkryk van God (Handelinge 1:8) aan te wend..." (Psalmboek, 1999:631).
- Die gemeente moet deur prediking toegerus word om selfgesentreerdheid te laat vaar en na buite gerig te wees. Dit begin deur die aanames aangaande sending in die lig van God se Woord te ontbloot tydens huisbesoeke, bybelstudies en prediking. Hierdie fokus kan ook energie genereer in die gemeente.
- Die sendingspan kan deur teikengroepewangelisasie die behoeftes van ongelowiges bepaal - waarby die gemeente aansluiting kan vind sonder om met die gemeente se



leer en roeping in die wêreld te bots. 'n Ondersteuningsgroep vir kankerpatiënte, ouers wat kinders verloor het of depressie lyers, kan in dié opsig as voorbeeld dien. Die gemeente kan selfs 'n toerustingskursus oor kinderopvoeding, verhoudings en versorging van siekes aanbied. 'n Selfontwikkelingskursus in pottebakery, lapverf of rekenaargeletterdheid kan selfs aangebied word om by die behoeftes in die gemeenskap aan te sluit, sodat die persone spontaan ingetrek kan word na die eredienste.

- Die sendingspan slaag in hulle doel wanneer 'n behoefte van 'n ongelowige tegemoet gekom en as aanvangsgeleentheid vir die evangelie gebruik word om die volle raad van God ten volle deur te laat breek in die hart van die ongelowige. Hiertoë moet die sendingspan opgelei word sodat hulle spontaan en organies die oorgang kan maak na die behoefte aan verlossing van sonde. Op dié wyse word energie vir die gemeente se visie in die gemeenskap gegeneer.
- Die sendingspan moet elke aktiwiteit van die gemeente deur die oë van 'n "soeker" bekyk en raad gee aan ander spanne - om ook hulle aktiwiteite soekersensitief te maak. Die soekersensitiwiteit van eredienste, begrafnisse en huweliksbevestigings kan baie verbeter word.
- Die ongelowige moet gereeld uitgenooi word na die eredienste en moeite moet gedoen word om hom of haar daar te kry. Sy toewyding aan die gemeente se visie moet groei vanaf blote kennisname tot die bied van ondersteuning. In hierdie opsig kan van teksboodskappe per selfoon kennisgeneem word. Dit is 'n goedkoop, persoonlike, nie-konfronterende en eenvoudige wyse om spesifieke mense na eredienste te nooi.

2.2.3.3 Die Verheerlikingspan

Aangesien die empiriese navorsing aangetoon het dat inspirerende eredienste 'n kwaliteitsindeks van 23 het, moet die gawe-georiënteerde bediening ook daarop gefokus word. Om dié rede moet 'n span in die lewe groep word wat bestaan uit mense wat die nodige gawes het. Op dié wyse tree die leierskap bemagtigend op.



Die basisteoretiese doelwit is op grond van die Woord van God gedefinieer en word deur die NCD-vraelys as ‘inspirerende eredienste’ getoets (vgl 3.5, Hoofstuk 2). Die erediens moet ‘n ontmoeting met God wees, waartydens Hy spreek deur sy geïnspireerde Woord tot die skare gelowiges en ongelowiges. Om dié rede is die Woorddiens die hoogtepunt van die erediens. Oor die ontmoeting skryf Leuschner (2001:79) dat die ontmoeting die verhouding van God met die gelowige moet bou. Hy het egter nie net die gelowige in die oog nie, maar ook die ongelowige. Die erediens het ‘n sterk getuiskarakter teenoor die ongelowige - en moet so ingerig word om hom of haar te bereik (Leuschner, 2001:79). Die teikengroep is daarom die gelowiges wat opgebou moet word in geloof, sowel as die ongelowiges wat deur God se teenwoordigheid bekeer word. Gelowiges en ongelowiges word met die versamelnaam ‘skare’ beskryf (vgl. Ps. 109:30; Matt. 7:28).

Die metateoretiese perspektief wat na vore kom is dat inspirerende eredienste in die praktyk verwesenlik word wanneer ‘n skare saamkom in korporatiewe en dinamiese aanbidding (vgl. 2.1.2-3. Hoofstuk 3; 3.5, Hoofstuk 2).

Gawe-groep	Basisteoretiese beginsels as algemene doelwit	Teikengroep van doelwit
Verheerlikingspan	Eredienste moet geïnspireerd wees deur God aan die woord te laat kom, sodat gelowiges geïnspireer word en sodat dit wat skeiding maak tussen ongelowiges en God, afgebreek word vgl. 3.5; 1 Kor. 14:25).	Gelowiges en ongelowiges

Die algemene doelwit kan konkreet word deur die volgende praktiese riglyne toe te pas:

- Die verheerlikingspan is die gawe-groep wat die basisteoretiese doelwit moet verwesenlik. Tot die span word lidmate met die nodige gawes gekoöpteer en in diens opgelei.
- Die verheerlikingspan kan gelei word deur ‘n geroepe ouderling wat immers beloof het om toe te sien dat “...alles in die kerk behoorlik volgens goeie orde plaasvind, dat die Woord en sakramente gereeld en suiwer bedien word en dat die sakramente heilig gehou word.” (Psalmboek, 1999:666).
- Lede wat, naas die ouderlinge, tot die groep gekoöpteer kan word, is die diakens - wat ook beloof het om “...die liefde van Christus tot verheerliking van God in die wêreld ...



(te laat) skitter...” (Psalmboek, 1999:669). Lidmate het ook tydens hulle belydenis-van-geloofaflegging beloof “...om as ‘n lewende lid van die kerk (1 Petrus 2:5) die bediening van Woord en sakramente ywerig te soek (1 Petrus 2:2)...” (Psalmboek, 1988:631).

- Mense uit die omgewing kan genooi word om deel te neem aan die erediens deur helder en sigbare inligtingsborde buite die kerkgebou, wat die eredienstye aankondig en ook ‘n evangeliserende boodskap verkondig.
- Korporatiewe aanbidding kan bewerk word deur ‘n blaadjie by die deure of in die banke beskikbaar te stel, wat die verloop van die erediens beskryf. Daarin kan ook inligting gegee word oor wie die gemeente is, wat hulle glo, hoe hulle hulle geloof uitleef (in watter aktiwiteite), sowel as kontakbesonderhede van leiers in die gemeente. ‘n Preekskets kan ook van waarde wees om die ontmoeting inspirerend te maak vir gelowiges.
- Die korporatiewe kan bevorder word deur lidmate wat warmte uitstraal en vreemdelinge en gelowiges verwelkom. Die voorganger kan besoekers tot die erediens welkom heet. Die vriendelike verwelkoming en warmte in die gemeente moet ‘n insiggewende voorspel wees tot die liefdevolle verheerliking van God tydens die dinamiese erediens.
- Genoeg Psalmboeke en Bybels behoort in die banke beskikbaar te wees sodat besoekers daarvan kan neem om dinamies en korporatief aan die erediens deel te neem.
- Dinamiese begeleiding moet die gemeente se sang dra deur aan standarde van goeie musiek te voldoen. Deur die lied kom die gemeente in antwoord op God aan die woord deur in eenheid te aanbid, te smee, te bely, te prys, te verheerlik en te verootmoedig.
- Die liturgiese orde van die GKSA, soos goedgekeur tydens die Nasionale Sinode van 1997 (GKSA, 1997:732-768), is spesifiek daarop gerig om ‘n dinamiese ontmoeting (GKSA, 1997:732,738) tussen God en mens te verwesenslik. Die liturgiese orde kan ook deur verduideliking ‘n kragtige getuienis wees vir ongelowiges wat die erediens bywoon. Vervolgens word elke element kortliks beskryf:
 - Ontmoetingsdiens (*Introitus*): Die gemeente verklaar, deur God se Woord hulle afhanklikheid en gerigtheid op Hom. God groet sy volk, deur sy



gevolmagtigdes, met sy seën. Die gemeente antwoord met lofliedere. Die korporatiewiteit van die gemeente blyk uit die geloofsbelydenis waarmee die gelowiges hulle eenheid in die ware geloof voor God stel.

- Verootmoediging- en versoeningsdiens: Die gemeente, bewus van God se heilige teenwoordigheid, moet en wil deur die werking van die Gees voor God hulle skuld erken en bely. Dit sluit in verootmoediging deur die aanhoor van God se eise, skuldbelydenis, vryspraak deur God en die Wet as reël van dankbaarheid vir die versoende volk. So word 'n ontmoeting tussen die Heilige God en die sondige mense in versoening verwesenlik.
- Woorddiens: Weens die verduisterde verstand en hart van die mens en die Goddelike aard van die Skrif, moet gebid word dat die Woorddiens waarlik opening, ontsluiting en toepassing van die Woord sal wees, en dat Hy waarlik mense sal aanspreek en dat die gemeente die Woorddiens as die Woord van God sal aanneem en dat die Woord vrug mag voortbring. Die gebed gaan nie net oor die prediking nie, maar veral oor die voorlees en aanhoor van God se Woord (GKSA, 1997:750). Deur, naas die Skriflesing waaruit die prediking vloei, ook selfstandige Skrifstudie te beoefen, word die gemeente al meer opgevoed om selfstandig na God se Woord te luister (GKSA, 1997:754). Die Skriflesing kan volgens openbaringshistoriese lyne deurgelees word deur vanuit die heenwysing na die brandpunt van Godsopenbaring (O.T), die ontvouing van die brandpunt (briewe, Handeling, Openbaring) en die brandpunt self (vier Evangelies), te lees. Die selfstandige Skriflesing en die Skriflesing waaruit die prediking voortvloei, is die eintlike hoogepunt van die erediens (GKSA, 1997:754). Deur die prediking word die lewende God se lewende Woord uitgelê en toegepas deur lewende, dinamiese, appellerende oordrag.
- Antwoorddiens: God roep veral deur die Woorddiens in die hart van die gemeente gebed, aanbidding, dank en verootmoediging op. In die antwoorddiens kulmineer die gemeente se respons en kan dit by wyse van gebed, Christelike handreiking en sang geskied (GKSA, 1997:759). Die gemeente kan bewus gemaak word dat hulle deur die wegstuurseën in die wêreld ingestuur word om onder die seënende hand van God tot die aksie van



diens uit te gaan. Die gemeente kan die “Amen” sing of sê as deel van die gemeente se instemmende belydenis en bevestiging van die voorafgaande.

- Gereelde evangeliserende eredienste kan aangebied word waartoe gelowiges ongelowiges kan nooi.

2.2.3.4 Die Lidmaatspan

Die empiriese navorsing het aangetoon dat liefdevolle verhoudings ‘n kwaliteitsindeks van 38 het. Aangesien liefdevolle verhoudings die tweede-sterkste eienskap is, word ‘n gawe-span daarvoor ook in die lewe geroep. Lidmate met die nodige gawes behoort tot hierdie groep. Die lidmaatspan moet die gemeente stimuleer om mekaar lief te hê en saam te kom in kleiner geloofsgemeenskappe van holistiese gehoorsaamheid. Op dié wyse kan die sterk eienskap gebruik word om die swak eienskappe aan te help.

Die basisteoretiese doelwit is op grond van die Woord van God gedefinieer en as ‘n kombinasie tussen ‘liefdevolle verhoudings’ en ‘holistiese kleingroepe’ aangetoon (vgl 3.6 & 3.8, Hoofstuk 2). Holistiese kleingroepe het ‘n kwaliteitsindeks van 28.

Die metateoretiese perspektief wat na vore kom, is dat liefdevolle verhoudings en holistiese kleingroepe in die praktyk verwesenlik word deur die gemeente te onderrig in die verantwoordelikhede van lidmaatskap (vgl. 2.2.2.1; 2.1.2.-4, Hoofstuk 3). Op dié wyse word die gemeente bemagtig deur die leierskap.

Gawe-groep	Basisteoretiese beginsels as algemene doelwit	Teikengroep van doelwit
Lidmaatspan	Gemeentelede se verhoudings met mekaar en met alle mense moet liefdevol wees (Vgl. 3.8) en hulle moet gereeld saamkom in ‘n kleiner geloofsgemeenskap van holistiese gehoorsaamheid (vgl 3.6; Hand. 2:42-52).	Gemeente

Die algemene doelwit kan konkreet word deur die volgende praktiese riglyne toe te pas:

- Die lidmaatspan is die gawe-groep wat die basisteoretiese doelwit moet verwesenlik as deel van die gemeente se roeping. Tot die span word lidmate met die nodige gawes gekoöpteer en in diens opgelei.



- Die lidmaatspan moet gelei word deur 'n geroepe ouderling wat immers belooft het om "...sorgvuldig (te) let op die leer en lewe van elke lidmaat en alle Christene met raad en troos (te) ondersteun. Teen die lidmate wat hulle nie bekeer nie en in hulle sondes voortlewe, moet met die kerklike vermaning en tug opgetree word (Ef. 4:1, 3; 2 Tim. 2:25-26), en dié wat berou het, moet weer in die gemeenskap van die kerk ontvang word" (Psalmboek, 1999:666).
- Lede wat naas die ouderlinge tot die groep gekoopteer kan word, is die diakens - wat belooft het om almal te "...besoek en hulle aan (te) spoor om daadwerklike liefde teenoor die medegelowiges ... te bewys" (Psalmboek, 1999:669). Die lidmate het ook tydens hulle belydenis-van-geloofaflegging belooft "...om as 'n lewende lid van die kerk (1 Pet. 2:5) ... aan die Christelike vermaning en tug (te) ... onderwerp (Spr. 8:33) as ... in leer of lewe ... misgaan (word) (Matt. 18:15)..." (Psalmboek, 1999:631).
- Uit die eksegesi van Hand. 2:43-47 het dit duidelik geblyk dat liefdevolle verhoudings en holistiese kleingroepe die gevolg is van gelowiges se ontsag vir God se Woord. Om hierdie rede moet gesagvolle Woordverkondiging die kleingroepe vooraf gaan. Die lidmaatspan kan dus die predikant met raad bystaan ten opsigte van die prediking. Die prediking kan fokus op die gemeenskaplike karakter van die geloof teenoor die individualiteit van die wêreld. Op hierdie wyse kan die eise van geloof gelowiges in afhanklikheid na mekaar dring.
- Die lidmaatspan kan die gemeente laat toerus oor die verantwoordelikhede van lidmaatskap deur die prediking, Bybelstudies en die gemeentenuusbrieff. 'n Lidmaatskaptoerustingskursus kan in die verband ook van waarde wees.
- Lidmate wat in kleingroepe ingeskakel is se verantwoordelikhede behels volgens Oostenbrink en Lotter (1999:34) die volgende:
 - Hulle moet gereeld en met toewyding die byeenkomste bywoon.
 - Hulle moet bereid wees om hulle lewens te deel met ander kleingroeplede.
 - Hulle moet bereid wees om hulle lewens onder die vergrootglas van God se Woord te plaas.
 - Hulle moet dáár wees vir kleingroeplede wat nood ervaar.
 - Hulle moet bereid wees om uit liefde vir ander kleingroeplede hulle tyd op te offer en hulle laste te dra, waar nodig.
 - Hulle moet bereid wees om by ander te leer.



- Hulle moet bereid wees om deur ander kleingroeplede vermaan te word en self ander te vermaan.
- Hulle moet aanvaar dat kleingroeplewe jou hele lewe behels - en nie net Sondag nie.
- Die lidmaatspan kan nuwe toevoegings tot die gemeente verwelkom in die gemeenskap van die gelowiges. Dit kan gedoen word deur 'n kort beskrywing van hulle in die gemeente nuusbrieff te plaas, en hulle persoonlik (op hulle noemnaam) te verwelkom voor of na die erediens.
- In hierdie opsig kan 'n verpligte toerustingskursus of huisbesoek aangaande die verantwoordelikhede van lidmaatskap vir nuwe toevoegings tot die gemeente, sowel as afgedwaaldes van die gemeente, aanbeveel word. Die moontlikheid van 'n Bybelskool of volwasse kategese kan ook in hierdie opsig van waarde wees. Op dié wyse kan nuwe lidmate bemagtig word deur gestimuleer te word met uitdagings.
- Die lidmaatspan kan nuwe toevoegings tot die gemeente bekendstel aan die wyk, kleingroep of bybelstudiegroep, wat weekliks of tweeweekliks bymekaar kom in sy of haar omgewing.
- Die lidmaatspan kan die kleingroepe deur middel van Bybelstudies stimuleer om in liefde nuwe toevoegings tot die geloofsgemeenskap aan te neem.
- Die lidmaatspan moet ook die vereistes van lidmaatskap van die kerk onderhou en moet daarom die lidmate toerus om die tug in liefde toe te pas.
- Die nuusbrieff kan ook ruimte maak dat kleingroepfasiliteerders inligting oor die lief en leed van gemeentelede kan deurgee aan die gemeente. Tydens die gebed in die erediens kan by name vir lidmate voorbidding gedoen word.

2.2.3.5 Die Volwassenheidspan

In hierdie basisteoretiese beginsel word gawe-georiënteerde bediening en passievolle spiritualiteit gekombineer. Aangesien die empiriese navorsing aangetoon het dat gawe-georiënteerde bediening 'n kwaliteiteitsindeks van 48 het, word 'n gawe-groep in die lewe geroep om nog gawes te identifiseer wat bemagtig kan word. Die basisteoretiese doelwit is op grond van die Woord van God gedefinieer en bestaan uit 'gawe-georiënteerde bediening'



en ‘passievolle spiritualiteit’ (vgl 3.2 & 3.3, Hoofstuk 2). Passievolle spiritualiteit het ‘n kwaliteiteitsindeks van 29.

‘n Belangrike metateoretiese perspektief wat na vore kom, is dat gawe-georiënteerde bediening en passievolle spiritualiteit in die praktyk verwesenlik word deur die gemeente te lei in dissipelskap (vgl. 2.2.2.4, Hoofstuk 2). Dissipelskap behels dat die toegewyde lidmate gelei word om ‘n bediening te vind wat met hulle gawes ooreenstem en dat hulle gehelp word om gewoontes aan te leer wat tot spirituele rypheid sal lei.

Gawe-groep	Basisteoretiese beginsels as algemene doelwit	Teikengroep van doelwit
Volwassenheid-span	Goeie bedienaars se bediening aan mekaar en tot eer van God moet deur hulle gawes georiënteer wees (vgl. 3.2) en hulle spiritualiteit moet passievol wees en in alle omstandighede op God bly fokus (vgl. 3.3; Hand. 6:1-7).	Goeie bedienaars/ Toegewyde Lidmate

Die algemene doelwit kan konkreet word deur die volgende praktiese riglyne toe te pas:

- Die volwassenheidspan is die gawe-groep wat die basisteoretiese doelwit moet verwesenlik as deel van die gemeente se roeping. Tot die span word lidmate met die nodige gawes gekoöpteer en in diens opgelei.
- Die volwassenheidspan moet gelei word deur ‘n geroepe ouderling wat ten opsigte van die gawes glo dat “...Christus hulle (die gemeente) ook toerus met die gawes wat hulle nodig het.” Ten opsigte van passievolle spiritualiteit, dat ouderlinge “...goeie voorgangers vir die hele gemeente...” moet wees wat “...God se Woord deeglik ondersoek en hulle in die rykdom van die evangelie verdiep” (Psalmboek, 2000:667).
- Dit blyk asof die formulier vir die bevestiging van die diakens ook fokus op die feit dat “...Christus (die gemeente) ... toerus met die gawes wat hulle nodig het” (Psalmboek, 1999:669). Die diakens se passievolle spiritualiteit en eie ondersoek van die Woord word egter onderbeklemtoon. Die lidmate beloof tydens hulle belydenis-van-geloofaflegging om sy “...gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede en tot uitbouing van die koninkryk van God aan te wend ...” en ten opsigte van passievolle spiritualiteit om “...tot die einde van u lewe standvastig te volhard (1 Tim. 4:16), die verbondsgemeenskap met God te onderhou (Joh. 15:4),



Hom van harte liefde hê (Deut. 6:5) en in gehoorsaamheid aan sy Woord (1 Sam. 15:22) te dien, (en) van die wêreld en sy begeerlikheid af te sien (1 Pet. 1:14)” (Psalmboek, 1999:631).

- Die prediking, Bybelstudies en nuusbrieffartikels kan fokus op die betekenis en toepassing van gawe-georiënteerde bediening en passievolle spiritualiteit.
- Nuwe toevoegings tot die gemeente kan gehelp word deur toerustingsgeleenthede om gewoontes aan te leer wat tot spirituele rytheid sal lei.
- Die volwassenheidspan kan lidmate nooi en identifiseer wat toegewyd en ywerig die verantwoordelikhede van lidmaatskap nakom, om deel te neem aan ‘n dissipelskap-toerustingskursus. Tydens die toerustingskursus ontdek toegewyde lidmate hulle gawes (vgl. Buys, 1988 en Schwarz, 2001:65 e.v.) en word hulle die betekenis van hulle gawes in Bybelse konteks geleer. Die tweede deel van die toerustingskursus bestaan daaruit dat toegewyde lidmate toegerus word om deur passievolle spiritualiteit te volhard in die beoefening van hulle gawes (vgl. Schwarz, 2001:101 e.v.). Hierdie volgorde kan ook omgeruil word.
- Die toegewyde lidmaat wat sy gawes ontdek het en daarvoor toegerus is, kan die geleentheid gebied word om indiensopleiding in ‘n bestaande bediening te ontvang. Hierdie aksie sal ‘n direkte positiewe invloed hê op die gemeente se bemagtigende leierskap.

2.2.3.6 Samevatting

Visie	Ons mense, ons gemeente, ons gemeenskap		
NCD-minimumfaktor	Deur gawe-georiënteerde bediening moet bemagtigende leierskap ontwikkel word.		
Doelstelling	Leiers moet deur gawe-georiënteerde bediening ander lidmate bemagtig.		
Doelwitte			
Gawe-groep	Basisteoretiese beginsels as doelwitte	NCD-kwaliteits-eienskap	Teikengroep van doelwit
Bedieningspan	Die besondere dienste, toegerus deur die Hoof van die kerk, moet lidmate toerus en bemagtig om Christus se liggaam op te bou (vgl. 3.1) en hulle moet sorg dra dat die gemeente strukture funksioneel is sodat die kerk se	Bemagtigende Leierskap & Funksionele Strukture	Besondere dienste



	roeping verwesenlik kan word (3.4; Ef. 4:11,16.)		
Sendingspan	Gemeentes se sendinginisiatief moet deur die Heilige Gees daarop gerig wees om die behoeftes wat die Heilige Gees in die lewens van uitverkore gemeenskapslede gewek het, tegemoet te kom (3.7; Hand. 13:42-52).	Behoefte-Georiënteerde Sending	Gemeenskap ↓
Verheerlikingspan	Eredienste moet geïnspireerd wees deur God aan die woord te laat kom, sodat gelowiges geïnspireer word en sodat dit wat skeiding maak tussen ongelowiges en God, afgebreek word. (3.5; 1 Kor. 14:25).	Inspirerende Eredienste	Skare ↓
Lidmaatspan	Gemeentelede se verhoudings met mekaar en met alle mense moet liefdevol wees (vgl. 3.8) en hulle moet gereeld saamkom in 'n kleiner geloofsgemeenskap van holistiese gehoorsaamheid (vgl. 3.6; Hand. 2:42-52).	Liefdevolle Verhoudings & Holistiese Kleingroepe	Gemeente ↓
Volwassenheidspan	Goeie bedienaars se bediening aan mekaar en tot eer van God moet deur hulle gawes georiënteer wees (vgl. 3.2) en hulle spiritualiteit moet passievol wees en in alle omstandighede op God bly fokus (vgl. 3.3; Hand. 6:1-7).	Gawe-Geöriënteerde Bediening & Begeesterde Spiritualiteit	Goeie bedienaars/ Toegewyde Lidmate

Die besondere dienste is God se gawes om sy visie vir die kerk te verwesenlik. Die besondere dienste moet as transformerende leiers die gemeente lei in voortdurende reformasie. Deur buigsame, transformerende, visiegerigte bestuur word gepoog om die basisteoretiese beginsel wat die minste ontwikkel is deur die mees ontwikkelde kwaliteitseienskap te ontwikkel, om sodoende die hele gemeente se kwaliteit te ontwikkel. In die toegepaste situasie van gemeente B1 is bemagtigende leierskap die swakste kwaliteitseienskap en die gawe-georiënteerde bediening die beste ontwikkel. Met die doel om deur gawe-georiënteerde bediening die leierskap se bemagtigende vermoë te ontwikkel, is spanne wat bestaan uit mense met die nodige gawes, in die lewe groep om sekere doelwitte ten opsigte van spesifieke teikengroepe te behaal. Aangesien behoefte-georiënteerde sending en inspirerende eredienste ook baie laag is, word gawe-spanne wat dáárop fokus in die lewe groep. Aangesien dit die algemene beweging in gemeentevisie is om na die gemeenskap uit te reik, is die strategie ook om uitverkore lede van die gemeenskap te bereik, eredienste te laat bywoon, lidmate te word en uiteindelik ook deel van die toegewyde groep lidmate te word wat goeie bedienaars van God se veelvuldige genade is. Die geroepe ouderlinge en predikante moet uitgedaag word om die gemeente te bemagtig deur aan hulle verantwoordelikhede te gee wat met hulle gawes ooreenstem. Die NCD-gemeente-analise kan gebruik word om die gawegroep - en dus die gemeente se vordering - te evalueer. In die lig van die evaluasie kan 'n nuwe doelstelling geformuleer word, na aanleiding van die eienskap wat die swakste ontwikkel is.



2.3. ALGEMENE PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE

In die lig van die praktiese toepassing in die semi-stadsgemeente (B1) kan die volgende algemene praktyk-teoretiese riglyne afgelei word om die agt kwaliteitseienskappe wat uit NCD se navorsing geblyk het, beter toe te pas in die GKSA:

- Die besondere dienste moet, in gemeenskap met God, sy visie vir die gemeente formuleer (vgl. 2.2.1).
- Deur die besondere dienste se dinamiese, transformerende benadering tot bediening, kan energie gegeneer word om die visie na te jaag. Dit kan beteken dat die visie gereeld aan die gemeente gekommunikeer word en vir 'n beperkte tyd deur die gemeente se voorstelle gevorm word (vgl. 2.2.1).
- Die NCD-gemeente-analise kan die gemeente bemagtig, aangesien dit waardevolle inligting verskaf aangaande die gemeente se gewes en leemtes om die visie te bereik (vgl. 2.2.2).
- Deur die minimumstrategie - om deur die kwaliteitseienskap wat die hoogste ontwikkel is die laagste eienskap te ontwikkel - kan die gemeente bemagtig word om 'n jaarlikse doelstelling te formuleer (vgl. 2.2.2).
- Die gemeente kan bemagtig word deur die struktuur aan te pas en gereeld te hersien om funksioneel te wees ten einde die visie te verwesenlik. Die spanne in die struktuur kan met doelwitte getaak word ten opsigte van spesifieke teikengroepe - in die lig van die jaarlikse doelstelling en God se visie vir die gemeente (vgl. 2.2.3).
- Spanne of kommissies van die kerkraad kan die gemeente toerus om die doelwit spesifiek en konkreet te laat verwesenlik (vgl. 2.2.3).
- Die toerusting kan deur prediking, kursusse, kampe, kleingroep Bybelstudies en persoonlike kontak geskied (vgl. 2.2.3.1).
- Die gemeente kan behoefte-georiënteerd, geïnspireerd, liefdevol, holisties, passievol, gawe-georiënteerd, bemagtigend en funksioneel werk om die visie te verwesenlik.
- Die NCD-gemeente-analise kan as 'n gestandaardiseerde meetinstrument dien om die gemeente se visiegerigte ywer ná een jaar te evalueer. Nuwe doelstellings kan in die lig van die resultate en God se visie vir die gemeente geformuleer word en die proses kan van vooraf begin (vgl. 2.2.2).



3. SAMEVATTENDE GEVOLGTEKKING

In Hoofstuk 2 is aangetoon dat die agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke wat uit NCD se navorsing na vore gekom het, ook uit God se Woord navore kom.

In Hoofstuk 3 is ondersoek ingestel om te bepaal in watter mate NCD se agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke tans in twee resente gemeentebou inisiatiewe, die bestuurswetenskap en in drie Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika verwerklik.

In hierdie Hoofstuk is algemene praktykteoretiese riglyne gegee na aanleiding van spesifieke praktykteoretiese riglyne vir die semi-stadsgemeente (B1). Sodoende kan die nodige verstellings aan die praktyk aangebring word - om dit nader aan die basisteorie te laat funksioneer.



SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

1. OMVATTENDE GEVOLGTREKKING

In hierdie studie is 'n prakties-teologiese beoordeling van *Natural Church Development* (NCD) se agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke gedoen. In Hoofstuk 1 is daarop gewys dat die dalende lidmaattalle van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 'n akute probleem is. Die belang van die studie is geleë in die Skriftuurlike begroning van die kerkgroei-inisiatief en tweedens, dat die konteks van die kerkverband waarin dit toegepas kan word in berekening gebring is. Die oorkoepelende doelstelling is om te bepaal tot watter mate NCD se agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke tans verwerklik word in die GKSA, en hoe dit met meer diepte in Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika toegepas kan word. Die studie vind aansluiting by die model wat Zerfass vir die Praktiese Teologie ontwerp het (vgl. 5, Hoofstuk 1), naamlik dat eers tot basisteoretiese beginsels gekom word (Hoofstuk 2) waarna metateoretiese perspektiewe gevorm word (Hoofstuk 3). Uiteindelik artikuleer praktykteoretiese perspektiewe 'n nuwe of verstellde praktykteorie (Hoofstuk 4). Sodoende word vanuit die twee refleksiedomeine van basisteorie en situasie-werklikheid (in hermeneutiese wisselwerking) 'n nuwe praktykteorie ontwerp.

In Hoofstuk 2 is basisteoretiese navorsing gedoen om vas te stel wat NCD is en watter kwaliteitseienskappe uit hulle navorsing na vore gekom het. Vervolgens is NCD se agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke aan God se Woord gemeet.

Die basisteoretiese navorsing bestaan uit die volgende:

- 'n Bondige uiteensetting is van die *Church Growth Movement* (CGM) en NCD as onderdeel daarvan gegee.
- NCD se agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke is aan God se Woord gemeet.



Die volgende basisteoretiese beginsels is vasgestel (vgl. 4, Hoofstuk 2):

- Die besondere dienste, toegerus deur die Hoof van die kerk, moet lidmate toerus en bemagtig om Christus se liggaam op te bou (vgl. 3.1, Hoofstuk 2) en hulle moet sorg dra dat die gemeentestrukture funksioneel is, sodat die kerk se roeping verwesenlik kan word (vgl. 3.4, Hoofstuk 2; Ef. 4:11,16).
- Gemeentes se sendinginisiatiewe moet deur die Heilige Gees daarop gerig wees om die behoeftes wat die Heilige Gees in die lewens van uitverkore gemeenskapslede gewek het, tegemoet te kom (vgl. 3.7, Hoofstuk 2; Hand. 13:42-52).
- Eredienste moet geïnspireer wees deur God aan die woord te laat kom, sodat gelowiges geïnspireer word en sodat dit wat skeiding maak tussen ongelowiges en God, afgebreek word (vgl. 3.5, Hoofstuk 2; 1 Kor. 14:25).
- Gemeentelede se verhoudings met mekaar en met alle mense moet liefdevol wees (vgl. 3.8) en hulle moet gereeld saamkom in 'n kleiner geloofsgemeenskap van holistiese gehoorsaamheid (vgl. 3.6, Hoofstuk 2; Hand. 2:42-52).
- Goeie bedienaars se bediening aan mekaar en tot eer van God moet deur hulle gawes georiënteer wees (vgl. 3.2, Hoofstuk 2) en hulle spiritualiteit moet passievol wees en in alle omstandighede op God bly fokus (vgl. 3.3, Hoofstuk 2; Hand. 6:1-7).

In hoofstuk 3 is op metateoretiese vlak ondersoek gedoen om die toepassing van NCD se agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke in twee resente gemeentebou inisiatiewe na te speur, sowel as in die hulpwetenskap bestuurswetenskap. Kwantitatiewe empiriese navorsing is gebruik om vas te stel in watter mate NCD se agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke tans in drie Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika verwerklik word.

Die literatuurstudie bestaan uit die volgende:

- Die toepassing van NCD se agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke is in twee resente gemeentebou inisiatiewe (Callahan, 1983 & Warren, 2001) en 'n hulpwetenskap, Bestuurswetenskap ondersoek.



Die literatuurstudie het die volgende metateoretiese perspektiewe opgelewer in verband met elk van die basisteoretiese beginsels (vgl. 2., Hoofstuk 3):

- In die praktyk rus bemagtigende leiers die gemeente toe en dra hulle sorg dat die gemeentestrukture funksioneel bly op die volgende wyses:
 - Die besondere dienste, toegerus deur die hoof van die kerk, moet fokus op Christus se visie vir die kerk, naamlik om lidmate toe te rus om Christus se liggaam tot volwassenheid op te bou (vgl. 3.1, Hoofstuk 2).
 - In wese is transformerende bestuur en bestuurder-leierskap bemagtigende leierskap (vgl. 2.3.2.2, Hoofstuk 3).
 - Bemagtigende leiers genereer energie deur die visie te kommunikeer, daarvoor te onderrig en kragtig saam te werk daartoe (vgl. 2.1.2.1-5 & 2.2.2.4 & 2.3.2.2.1, Hoofstuk 3).
 - Bemagtigende leiers versprei inligting deur toerusting, opleiding, ondersteuning en mentorskap aan spanlede (vgl. 2.3.2.1.1-2.,7 & 2.3.2.2.1-3.,6, Hoofstuk 3).
 - Bemagtigende leiers stimuleer spanlede deur hulle verantwoordelikhede en toerekeningsvatbaarheid te vermeerder (vgl. 2.3.2.2.1-6, Hoofstuk 3).
 - Bemagtigende leiers versterk werksbevrediging- en verrigting deur terugvoer te gee in terme van belonings of erkenning (vgl. 2.3.2.2.1-6, Hoofstuk 3).
 - Deur die gerigte-toewydingstrategie kan bemagtigende leiers volgelinge lei om hulleself te rig en toe te wy om na die visie te strew (vgl. 2.3.2.2.1-6, Hoofstuk 3).
 - Die leierskap moet nie alleen gefokus wees op die visie nie, maar ook daartoe in staat wees om transformasie te bestuur (vgl. 2.3.3, Hoofstuk 3).
 - Transformerende leiers tree optimisties en vol selfvertroue op (vgl. 2.3.2.1-3, Hoofstuk 3), vertrou volgelinge en verwag baie van hulle (vgl. 2.3.2.1-4, Hoofstuk 3), gebruik dramatiese, simboliese aksies om sleutelwaardes te beklemtoon (vgl. 2.3.2.1-5, Hoofstuk 3) en neem leiding deur die voorbeeld te stel (vgl. 2.3.2.1-6, Hoofstuk 3).



- In hoofsaak is die struktuur waarin transformerende leierskap toegepas word meer buigsaam. Deur te struktureer na aanleiding van die doelstelling, kan die gemeente bemagtig word om die visie te verwesenlik (vgl. 3.4, Hoofstuk 2).
- Behoeftige-georiënteerde sending word in die praktyk verwesenlik deur spesifieke en konkrete evangelisasiedoelstellings te stel en te bereik (vgl. 2.1.2.1-1, Hoofstuk 3). Deur teikengroepewangelisasie kan navorsing gedoen word oor die emosionele, geestelike, fisiese en finansiële behoeftes van ongelowiges in die area (vgl. 2.2.2.4, Hoofstuk 3).
- Inspirerende eredienste word in die praktyk verwesenlik wanneer 'n skare (vgl. 2.2.2.4) saamkom in korporatiewe en dinamiese aanbidding (vgl. 2.1.2.-3, Hoofstuk 3).
- Liefdevolle verhoudings en holistiese kleingroepe word in die praktyk verwesenlik deur die gemeente te onderrig in die verantwoordelikhede van lidmaatskap. Lidmaatskap behels dat groepe verbondsmense gereeld gemeenskap beoefen, vir mekaar omgee en mekaar liefhet, maar steeds integraal deel bly van die gemeente - en die kerklike dissipline laat toepas (vgl. 2.2.2.1 & 2.1.2.-4, Hoofstuk 3; 3.8 & 3.6, Hoofstuk 2.).
- Gawe-georiënteerde bediening en passievolle spiritualiteit word in die praktyk verwesenlik deur die gemeente te lei in dissipelskap (vgl. 2.2.2.4, Hoofstuk 3). Dissipelskap behels dat die toegewyde lidmate gelei word om 'n bediening te vind wat met hulle gawes ooreenstem en deur die nuwe lidmate te help om gewoontes aan te leer wat tot spirituele rypheid sal lei (vgl. 2.2.2.4, Hoofstuk 3; 3.2 & 3.3, Hoofstuk 2).



Die empiriese navorsing bestaan uit die volgende:

- Deur kwantitatiewe empiriese navorsing is die verwerkliking van NCD se agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerk in drie Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ondersoek.

Die empiriese navorsing het die volgende metateoretiese perspektiewe opgelewer (vgl. 3., Hoofstuk 3):

- Elke gemeente se profiel is uniek.
- Die gemeente wat 'n buigsame, transformerende en visiegerigte benadering tot bediening gebruik om spesifieke bedieningsuitkomst te bereik (A1), se algehele kwaliteitsindeks is die hoogste.
- Die gemeente wat 'n buigsame, transformerende en visiegerigte benadering tot bediening gebruik om spesifieke bedieningsuitkomst te bereik (A1) se leierskap is baie meer bemagtigend en die strukture is baie meer funksioneel as dié van die tradisionele gemeentes (B1,B2).
- Die gemeentes wat die tradisionele benadering tot bediening gebruik (B1,B2), se verhoudings is meer liefdevol en die bediening is meer gawe-georiënteerd as die gemeente wat 'n buigsame, transformerende en visiegerigte benadering tot bediening gebruik (A1).
- Holistiese kleingroepe is by al drie gemeentes swak ontwikkel (A1,B1,B2).
- Gawe-georiënteerde bediening is een van die sterkste eienskappe van die drie gemeentes (A1,B1,B2).
- Die spiritualiteit in al drie Gereformeerde gemeentes is redelik passievol (A1,B1,B2).
- 'n Spesifieke benadering tot eredienste by die een gemeente kan inspirerend wees terwyl 'n ander benadering by 'n ander gemeente inspirerend kan wees. Die eredienste in die drie Gereformeerde kerke is redelik inspirerend (A1,B1,B2).
- Die sending van die gemeente wat 'n buigsame, transformerende en visiegerigte benadering tot bediening gebruik om spesifieke bedieningsuitkomst te bereik (A1), is redelik behoefte-georiënteerd. Die twee tradisionele gemeentes (B1, B2) se sending is egter kwalik behoefte-georiënteerd.
- Nie een van die drie Gereformeerde kerke (A1,B1,B2) het in elk van die kwaliteitseienskappe 'n 65-kwaliteitsindeks bereik nie.



In hoofstuk 4 is deur die kritiese sintese van die gegewens in Hoofstuk 2 en 3 tot 'n nuwe of verstelde praktyk-teorie gekom sodat NCD se agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke met meer diepte toegepas kan word in die konteks van die GKSA.

Die praktyk-teoretiese riglyne bestaan uit die volgende :

- Spesifieke praktykteoretiese riglyne wat algemene praktykteoretiese riglyne tot gevolg het.

Die kritiese sintese met die doel om NCD se agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke met meer diepte toe te pas in die konteks van die GKSA het die volgende spesifieke praktykteoretiese riglyne vir die semi-stadsgemeente (B1) opgelewer (vgl. 2.2, Hoofstuk 4):

Visie	Ons mense, ons gemeente, ons gemeenskap		
NCD-minimumfaktor	Deur gawe-georiënteerde bediening moet bemagtigende leierskap ontwikkel word.		
Doelstelling	Leiers moet deur gawe-georiënteerde bediening ander lidmate bemagtig.		
Doelwitte			
Gawe-groep	Basisteoretiese beginsels as doelwitte	NCD-kwaliteits-eienskap	Teikengroep van doelwit
Bedieningspan	Die besondere dienste, toegerus deur die Hoof van die kerk, moet lidmate toerus en bemagtig om Christus se liggaam op te bou (vgl. 3.1) en hulle moet sorg dra dat die gemeente strukture funksioneel is sodat die kerk se roeping verwesenlik kan word (3.4; Ef. 4:11,16.)	Bemagtigende Leierskap & Funksionele Strukture	Besondere dienste
Sendingspan	Gemeentes se sendinginisiatief moet deur die Heilige Gees daarop gerig wees om die behoeftes wat die Heilige Gees in die lewens van uitverkore gemeenskapslede gewek het, tegemoet te kom (3.7; Hand. 13:42-52).	Behoeft-Georiënteerde Sending	Gemeen-skap ↓
Verheerlikingspan	Eredienste moet geïnspireerd wees deur God aan die woord te laat kom, sodat gelowiges geïnspireer word en sodat dit wat skeiding maak tussen ongelowiges en God, afgebreek word. (3.5; 1 Kor. 14:25).	Inspirerende Eredienste	Skare ↓
Lidmaatspan	Gemeentelede se verhoudings met mekaar en met alle mense moet liefdevol wees (vgl. 3.8) en hulle moet gereeld saamkom in 'n kleiner geloofsgemeenskap van holistiese gehoorsaamheid (vgl. 3.6; Hand. 2:42-52).	Liefdevolle Verhoudings & Holistiese Kleingroepe	Gemeente ↓
Volwassenheids-pan	Goeie bedienaars se bediening aan mekaar en tot eer van God moet deur hulle gawes georiënteer wees (vgl. 3.2) en hulle spiritualiteit moet passievol wees en in alle omstandighede op God bly fokus (vgl. 3.3; Hand. 6:1-7).	Gawe-Geörienteerde Bediening & Begeesterde Spiritualiteit	Goeie bedienaars/ Toegewyde Lidmate



Uit die bogenoemde spesifieke praktykteoretiese riglyne vir die semi-stadsgemeente (B1) word die volgende algemene praktykteoretiese riglyne afgelei om NCD se agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke met meer diepte toe te pas in die breër konteks van die GKSA (vgl. 2.3, Hoofstuk 4):


- Die besondere dienste moet, in gemeenskap met God, sy visie vir die gemeente formuleer (vgl. 2.2.1).
- Deur die besondere dienste se dinamiese, transformerende benadering tot bediening, kan energie gegenerer word om die visie na te jaag. Dit kan beteken dat die visie gereeld aan die gemeente gekommunikeer word en vir 'n beperkte tyd deur die gemeente se voorstelle gevorm word (vgl. 2.2.1).
- Die NCD-gemeente-analise kan die gemeente bemagtig, aangesien dit waardevolle inligting verskaf aangaande die gemeente se gawes en leemtes om die visie te bereik (vgl. 2.2.2).
- Deur die minimumstrategie - om deur die kwaliteitseienskap wat die hoogste ontwikkel is die laagste eienskap te ontwikkel - kan die gemeente bemagtig word om 'n jaarlikse doelstelling te formuleer (vgl. 2.2.2).
- Die gemeente kan bemagtig word deur die struktuur aan te pas en gereeld te hersien om funksioneel te wees ten einde die visie te verwesenlik. Die spanne in die struktuur kan met doelwitte getaak word ten opsigte van spesifieke teikengroepe - in die lig van die jaarlikse doelstelling en God se visie vir die gemeente (vgl. 2.2.3).
- Spanne of kommissies van die kerkraad kan die gemeente toerus om die doelwit spesifiek en konkreet te laat verwesenlik (vgl. 2.2.3).
- Die toerusting kan deur prediking, kursusse, kampe, kleingroep Bybelstudies en persoonlike kontak geskied (vgl. 2.2.3.1).
- Die gemeente kan behoefte-georiënteerd, geïnspireerd, liefdevol, holisties, passievol, gawe-georiënteerd, bemagtigend en funksioneel werk om die visie te verwesenlik.
